# HOOFSTUK 20

## GEBED WAT DIE BELANGRIKSTE GELOOFSOEFENING IS WAARDEUR ONS DAAGLIKS GOD SE SEëNINGE ONTVANG[1] OC 625

### *Die inhoud en waarde van gebed (Afdeling 1- 3)*

### 1. *Geloof en gebed*

Uit ons bespreking tot dusver kan ons duidelik sien hoe gebrekkig en sonder alle goeie dinge die mens is, sodat hy van alle hulpmiddels vir sy saligheid verstoke is. As hy daarom hulp soek om sy gebrekkigheid tegemoet te kom, moet hy buite homself uitgaan en dit van elders bekom. Daarna is aan ons verduidelik dat die Here Hom vanself en OS 297 vrywillig in sy Gesalfde aan ons openbaar. In Hom bied Hy ons al die geluk in die plek van ons ellende en oorvloed in die plek van ons gebrek. In Hom maak Hy die skatte van die hemel vir ons oop sodat ons geloof sy geliefde Seun ten volle kan aanskou, ons verwagting ten volle van Hom afhang en ons hoop ten volle in Hom berus en berusting vind. Dit is inderdaad 'n geheime en verborge filosofie wat nie uit sillogismes opgediep kan word nie, maar diegene wie se oë God oopgemaak het, leer dit sodat hulle in sy lig die lig kan sien.[2]

Ons is egter deur die geloof geleer om te erken dat alles wat ons nodig het en alles waaraan ons gebrek het, in God en in ons Here Jesus Christus is, in wie dit die Vader se wil was dat die volle oorvloed van sy vrygewigheid gevestig sou wees, sodat ons daaruit soos uit 'n vol fontein alles kan put.[3] Hierna bly daar nou oor dat ons dit wat ons in Hom geleer het, in Hom moet vra en in ons gebede van Hom moet afbid. Andersins sou om te weet dat God die Here en Gewer van alle goeie dinge is wat ons uitnooi om dit van Hom te vra, maar Hom nie te nader en daarom te

[1] Die belangrikheid van die gebed in die Christen se lewe word onderstreep deur die groot verskeidenheid kommentare en traktate oor o.a. die *Onse Vader*. Hieronder is byvoorbeeld Tertullianus, *De oratione* (CCSL 1:257 - 274); Cyprianus, *De Dominica oratione* (CSEL 3,1:267 - 294); Origenes, *De oratione* (περὶ εὐχῆς.) (MPG 11:415 - 562); Gregorius van Nazianze, *De oratione dominica* (MPG 44:1119 - 1194); Augustinus, *Liber de oratione* (MPL 47:1113 - 1127); Luther, *Enchiridion piarum precationum*; 'n Latynse vertaling van Luther se *Eyn Sermon von dem gepeet und procession* 1519, (WA 2:175 e.v.) naamlik die *Concio quo modo sit orandum ad Deum* is in 1529 in Wittenberg uitgegee terwyl die *Enchiridion* reeds in 1525 in Straatsburg in gebruik was. Veral Luther se *Concio* het uitdruklike invloed op Calvyn se siening van die gebed gehad. Vgl. ook Melanchthon, *Scripta exegetica* 12, *De precatione* (CR 14:634 - 669).

[2] Vgl. Ps. 36:10 en OC 31:363.

[3] 1536: + Marg. *Coloss. 1*(19), *Ioan. 1*(20); vgl. OC 52:87; 47:16 - 18.

vra nie, vir ons net soveel voordeel inhou as wanneer 'n skat vir iemand uitgewys is en hy dit begrawe en verborge in die grond laat bly.[4] Om dus aan te dui dat die ware geloof nie los van die aanroeping van God kan [A 307] staan nie, het die apostel die volgende reël neergelê: Soos die geloof uit die evangelie ontstaan, so word ons harte daardeur gevorm om God se Naam aan te roep.[5] En dit is dieselfde as wat hy 'n rukkie tevore gesê het, naamlik dat die Gees van aanneming[6] wat die getuienis van die evangelie in ons harte verseël,[7] ons gees ophef tot die durf om hulle begeertes aan God bloot te lê, onuitspreeklike versugtinge verwek[8] en met vertroue uit te roep: "Abba, Vader".[9]

Omdat ons die laaste aspek tevore slegs terloops vermeld het en as 't ware oppervlakkig aangeroer het,[10] moet ons dit dus nou vollediger behandel.

## 2. *Die noodsaaklikheid van gebed*

Deur die weldaad van gebed bereik ons dit dus om na daardie rykdomme deur te gaan wat by die hemelse Vader vir ons weggebêre is. Daar is tewens 'n sekere verkeer van mense met God waardeur gelowiges wat tot die heiligdom van die hemel toegetree het, Hom persoonlik in verband met sy beloftes kan aanroep sodat, as die nood dit vereis, hulle [OC 626] self kan ervaar dat dit wat hulle geglo het, nie sonder grond was nie, hoewel Hy dit toe slegs in woorde aan hulle meegedeel het. Gevolglik kan ons sien dat geen belofte aan ons voorgehou word om van die Here te verwag sonder dat ons ook gebied word om dit in ons gebede van Hom te vra nie. Dit is daarom waar dat ons met ons gebede die skatte uitdelf wat die evangelie van die Here vir ons aangedui het en wat ons geloof al aanskou het. [OS 298]

Met woorde kan ons nie genoegsaam verduidelik hoe noodsaaklik gebedsoefening is en op hoeveel maniere dit voordeel inhou nie. Die

[4] Na hulle verbanning in 1538 uit Genève skryf beide Farel (OC 10,2:230, *Ep.* 133) en Calvyn (OC 10,2:250, *Ep.* 143) pastorale briewe aan die gemeente in Genève om die lidmate daarvan aan te spoor om in die geloof te volhard. Calvyn beklemtoon in sy brief die belangrikheid van 'n volhardende gebedslewe: *Sur tout advisez de veiller en prieres et oraisons; car si toute vostre attente repose en Dieu comme el doit, c'est bien raison que vostre coeur soit assiduellement eslevé au ciel pour l'invoquer et implorer la misericorde que vous esperez de luy* (p. 255).

[5] 1543 - 1554: + Marg. *Roma. 10.c.14*; vgl. OC 49:204.

[6] Vgl. *Inst.* 2.7.15; 2.14.5 - 7; 3.1.3; 3.2.11, 22; 3.11.6; 3.14.18; 3.17.6 (Afr. vert. 2:494; 640 - 645; 3:703; 781, 798; 934; 998; 1027).

[7] Vgl. Rom. 8:16.

[8] Marg. *Rom. 8.c.26*; vgl. OC 49:156 e.v.

[9] Vgl. Rom. 8:15.

[10] In die 1536-uitgawe het Calvyn hierdie tema inderdaad kursories behandel (vgl. OC 1:81 e.v.; 100 e.v.) en dit verbasend genoeg in daaropvolgende uitgawes weggelaat. Die insluiting daarvan in hierdie uitgawe moet dus in die struktuur van hierdie hoofstuk gesoek word.

hemelse Vader verklaar inderdaad nie sonder rede dat die enigste hulpmiddel vir ons saligheid in die aanroeping van sy Naam geleë is nie.[11] Daardeur roep ons die nabyheid in van sowel sy voorsienigheid, waardeur Hy oor die versorging van ons belange waak, asook van sy krag, waardeur Hy ons in ons swakheid onderhou wanneer ons amper beswyk, en ook van sy goedertierenheid, waardeur Hy mense wat jammerlik met sondes oorlaai is, in genade aanneem. Kortom: daardeur roep ons Hom self ten volle aan om Hom as 'n nabye God aan ons te betoon. Hieruit ontstaan vir ons gewetens buitengewone gerusstelling en rustigheid.[12] Want wanneer ons die nood wat ons druk, voor die Here gelê het, vind ons daarin oorvloedig gerusstelling, omdat niks van ons kwaad vir Hom verborge is nie en ons vas daarvan oortuig is dat Hy net die beste vir ons wil doen en dat Hy ons belange ten beste behartig.

### 3. *Redes waarom gebed nie oorbodig is nie*

"Maar", sal iemand opmerk, "weet God dan nie sonder om daaraan herinner te word, sowel in watter opsig ons gekwel asook wat in ons belang is sodat dit in 'n sekere sin oorbodig kan lyk dat Hy deur ons gebede opgewek hoef te word net asof Hy insluimer of selfs aan die slaap is totdat Hy deur ons stem wakker gemaak word nie?" Mense wat so redeneer, let inderdaad nie op die doel waarvoor die Here die wat aan Hom behoort, onderwys het om tot Hom te bid nie. Hy het gebed trouens nie ter wille van Hom nie maar eerder ter wille van ons bestem. Dit is tewens sy wil - en tereg ook so - dat aan Hom gegee word wat Hom toekom, naamlik wanneer Hy as Gewer aanvaar word van alles wat die mense begeer en waarvan hulle voel dat hulle dit tot hulle voordeel vra en dit met hulle gebede bewys. Maar ook die voordeel van hierdie offer waardeur Hy geëerbiedig word, keer na ons terug. Die heilige vaders is byvoorbeeld met des te groter vuur opgewek om te bid namate hulle hulle met groter vertroue op God se seëninge teenoor hulleself en ander geroem het. Net een voorbeeld, naamlik dié van Elia,[13] sal vir ons genoeg wees. Hoewel hy vas geglo het aan God se voorneme nadat hy op goeie gronde reën aan koning Agab belowe het, het hy nogtans diep besorg op sy knieë gebid en sy dienskneg sewe keer gestuur om te gaan

[11] Fr. 1541 e.v.: + Marg. *Ioel. 2.g.32*; vgl. OC 42:574 - 580.

[12] Calvyn beklemtoon die vrede wat die geloof deur gebed teweegbring elders in sy kommentaar by Ps. 22:2: ***Fides autem ad promissiones eos revocans, patienter quiescere et in Deum recumbere docet, quousque paternam faciem rursus proferat*** - wanneer die geloof hulle egter tot die beloftes terugroep, leer dit hulle om geduldig daarin te berus en in God berusting te vind totdat Hy sy vaderlike aangesig weer aan hulle toon (OC 31:220); asook in sy tweede lydingspreek oor Matt. 26:40 - 50 (OC 46:848).

[13] Vir Elia se gebed vgl. Calvyn se *Sermon* 65 *sur le Deuter. Chap.* 9 (OC 26:682).

kyk[14] - nie omdat hy sy profesie gewantrou het nie maar omdat hy geweet het dat dit sy plig is om sy begeertes aan God voor te lê om te voorkom dat sy geloof sou insluimer of lou sou word.[15]

Hoewel die Here dus oor ons waak en oor ons wag hou, terwyl ons ongevoelig en afgestomp is vir ons ellendes en Hy ons soms selfs sonder dat ons Hom vra, hulp verleen, is dit daarom nogtans vir ons van die grootste belang om Hom gedurig aan te roep, ten eerste sodat ons harte met 'n brandende begeerte om Hom altyd te soek, lief te hê en te OS 299 eerbiedig, aangevuur kan word wanneer ons die gewoonte aankweek om in elke noodsituasie ons toevlug tot Hom te neem soos tot 'n vaste anker. Ten tweede dat geen begeerte en hoegenaamd geen wens in ons gemoed mag opkom waarvoor ons ons sou skaam om Hom 'n getuie te maak nie, terwyl ons leer om al ons wense Hom voor oë te stel en so ons harte ten volle voor Hom uit te stort. Ten derde sodat ons voorberei kan OC 627 word om sy seëninge met ware dankbaarheid van die gemoed en ook dankbetoon te ontvang omdat ons deur te bid geleer word dat hierdie seëninge uit sy hand tot ons kom. Ten vierde sodat ons des te vuriger aangedryf kan word om oor sy goedertierenheid na te dink wanneer ons verkry het wat ons van Hom gevra het, en ons vas oortuig is dat Hy self op ons bede geantwoord het, en ten vyfde sodat ons terselfdertyd die seëninge waarvan ons erken dat ons dit deur ons gebede verkry het, met groter genot kan omhels. Ten slotte sodat die nut en ervaring daarvan sy voorsienigheid in ons harte na die maat van ons swakheid kan bevestig wanneer ons besef dat Hy nie alleen beloof dat Hy ons nooit sal faal nie en dat Hy self in 'n tyd van nood die toegang om Hom aan te roep vir ons sal open nie maar ook dat Hy sy hand altyd sal uitstrek om die wat aan Hom behoort, te help; dat Hy hulle nie met mooi woorde melkkos sal gee nie[16] maar hulle met die nabyheid van sy krag sal beskerm.

Dit is die redes waarom ons uiters sagmoedige Vader, hoewel Hy nooit slaap of sluimer nie, nogtans die indruk skep dat Hy wel slaap of sluimer, naamlik om ons, wat andersins traag en lui is, tot ons eie groot voordeel te oefen om hom te soek, van Hom te vra en van Hom af te bid.[17] Die optrede van diegene is dus uitermatig onverstandig wat, om die aandag van mense van hulle gebed af te lei, klets dat die voorsienig-

[14] Marg. *1. Reg. 18.g.41.* Vgl. ook 1 Kon. 18:42 - 43.

[15] Fr.: *de recourir en toute humilité à Dieu* (Benoit 3:329).

[16] A: *nec lactare eos verbis*; Fr.: *et qu'il ne les alaicte point de vaines parolles, mais les maintient comme il en est besoin* (Benoit 3:330).

[17] Calvyn het hierdie beginsels reeds in 'n pastorale brief gedateer 1 Oktober 1538 aan die inwoners van Genève beklemtoon: *Sur tout advisez de veiller en prieres et oraisons ... Davantage c'est chose certaine qu'il nya pas une telle affection et ardeur en noz oraisons, comme il appartient, sinon que nous y perseverions sans cesse* (OC 10,2:255; vgl. ook sy brief *à une dame*, *Ep.* 1119 (OC 13:150): *Et ce n'est pas en vain que vous me priez de conioindre mes orraisons avec les vostres ... elle est singulieremant recommendee en oraison.*

heid van God wat oor die behoud van alle dinge wag hou, tevergeefs deur ons gebede vermoei word.[18] Die Here getuig immers daarenteen nie tevergeefs dat Hy naby almal is wat sy Naam in waarheid aanroep nie.[19] Die bekende en gedenkwaardige uitspraak van die psalm getuig A 308 ook hiervan en baie ander soortgelyke uitsprake stem ook hiermee ooreen, naamlik: "Die oë van die Here is op die regverdiges en sy ore op hulle gebede."[20] Dit loof God se voorsienigheid, wat vanself daarop toegespits is om so vir die saligheid van die godvrugtiges te sorg dat dit nogtans nie hulle geloofsoefening laat verswak waardeur sorgeloosheid uit menseharte weggeneem word nie. God se oë waak dus om die nood OS 300 van blindes te hulp te kom, maar Hy wil op sy beurt ook ons versugtinge hoor om sy liefde aan ons beter te bewys. En so is albei dinge waar: "Die Bewaker van Israel sluimer of slaap nie",[21] en nogtans onttrek Hy Hom asof Hy ons vergeet het wanneer Hy sien dat ons lui en stom is.

### *Riglyne vir opregte gebed (Afdeling 4 - 16)*

#### 4. *Die eerste reël: Eerbied vir God (Afdeling 4 - 5)*

Voorts moet die eerste reël om behoorlik en reg te bid die volgende wees: ons moet verstandelik en geestelik nie anders ingestel wees as diegene wat ingaan om met God te praat nie.[22] So ver dit ons verstand aangaan, sal ons dit naamlik kan bereik as dit vry van vleeslike bekommernis en gedagtes is waardeur dit van die opregte en suiwer aanskou van God afgetrek of weggelei kan word en dit hom nie alleen ten volle op die gebed toespits nie maar hom ook so ver moontlik bo homself verhef en bo homself laat uitstyg. Hier vereis ek inderdaad nie 'n verstand wat so los en vry is dat dit deur geen bekommernis geprikkel of geknaag word nie; inteendeel, ons verstand behoort deur groot benoudheid aangevuur te word om met gloed te bid. Ons sien byvoorbeeld dat God se heilige dienaars van hulle verskriklike wroeging - om OC 628 nie eens van hulle bekommernisse te praat nie -, getuig wanneer hulle sê dat hulle uit die dieptes van 'n afgrond en in die kake van die dood hulle jammerklagte tot die Here verhef.[23] Ek sê egter dat ons alle

[18] Vgl. Seneca, *Ep.* 31.5 (LCL 1:225).
[19] Marg. *Psal. 145.d.18*; vgl. OC 32:418 - 420.
[20] Marg. *Psal. 34.c.16*; vgl. OC 31:342 - 343.
[21] Marg. *Psal. 121. 4*; vgl. OC 32:301.
[22] In sy beskrywing van die gebed as 'n vriendelike gesprek met God, sluit Calvyn aan by o.a. Augustinus, *Ep.* 130 (MPL 33:502 - 509); Cassianus (MPL 49:769); Benedictus (MPL 66:329) en die lewenskets van die kerkvaders 20 (MPL 73:520). *Vriendelike* impliseer egter geen lighartigheid of ligsinnigheid nie, maar uit die bespreking verder is dit duidelik dat dit 'n deurdagte eerbiedige verkeer met God is.
[23] Fr. 1541 e.v.: + Marg. *Psal. 130.a.1*; vgl. OC 32:333.

vreemde en uiterlike sorge van ons moet verdryf waardeur ons verstand rond en bont kan afdwaal en rondsweef en waardeur dit van die hemel afgetrek en op die aarde neergedruk word. Wanneer ek sê dat ons verstand hom bo homself moet verhef, verstaan ek daaronder dat dit niks van daardie dinge wat ons blinde en afgestompte rede gewoonlik uitdink, voor God se aangesig moet bring nie en dat die verstand hom ook nie aan die geringe maat van sy sinloosheid moet verbind nie maar dat dit tot 'n suiwerheid wat God waardig is, moet uitstyg.[24]

## 5. *Daar is derhalwe geen plek vir ligsinnigheid in gebed nie*

Albei hierdie aspekte is merkwaardig. Dit hou naamlik in dat elkeen wat hom voorberei om te bid, sy sinne en sy belangstellings hierop moet toelê en dit nie, soos gewoonlik gebeur, deur dwalende gedagtes daarvan laat wegtrek nie. Niks druis immers meer teen die eerbied vir God in as ligsinnigheid wat getuig van 'n uitermatig losbandige vrysinnigheid wat van alle vrees vry is nie. Hoe groter die probleme is wat ons hierin ervaar, met des te groter inspanning moet ons daaraan werk. Niemand is trouens so aandagtig op sy gebed ingestel dat hy nie voel dat baie krom gedagtes daarby insluip wat die verloop van sy gebed onderbreek of deur die een of ander draai of deur afleiding dwarsboom nie. Hier moet dit ons te binne skiet hoe onwaardig dit is om so 'n groot vriendelikheid te misbruik wanneer God ons tot 'n vriendelike gesprek met Hom toelaat, en om alles deurmekaar te krap wanneer eerbied vir Hom ons gedagtes nie meer op Hom vasgenael hou nie maar Hom, asof ons met 'n gewone mens praat, in ons gebed agterweë te laat en van die een na die ander kant rond te sweef. OS 301

Ons moet dus weet dat slegs mense vir wie die majesteit van God ontroer sodat hulle vry van aardse sorge en emosies tot hierdie majesteit kan nader, hulle na regte en behoorlik vir die gebed voorberei. En Hy wil dat dit met die seremonie van handeopheffing gepaard gaan, sodat mense daaraan gedagtig kan wees dat hulle ver van God af is as hulle nie hulle gedagtes die hoogte in verhef nie.[25] Daar word byvoorbeeld in die psalm gesê: "Tot U het ek my siel opgehef".[26] Die Skrif gebruik ook baie dikwels ***om 'n gebed op te hef*** as spreekwyse om te verhoed dat mense wat deur God verhoor wil word, in hulle vuiligheid bly vassteek.

Kortliks kom dit hierop neer: Namate God milddadiger met ons handel en ons vriendelik uitnooi om ons sorge in sy skoot te lê, het ons hoegenaamd geen verskoning tensy ons verstand so 'n voortreflike en

[24] Fr.: + *et telle qu'il la demande* (Benoit 3:331).
[25] Fr.: + *pour approcher de luy* (Benoit 3:332).
[26] Marg. *Psal. 25.a.1*; vgl. OC 31:250.

onvergelyklike seën van Hom by ons bo alle ander belange stel en ons na Hom toe trek sodat ons ons belangstelling en gedagtes ernstig daarop kan toelê om tot Hom te bid nie. Dit is egter slegs moontlik as ons verstand moedig teen die dinge wat dit verhinder, stry en bo hierdie dinge uitstyg.

Die tweede aspek wat ons voorgehou het, is dat ons slegs soveel moet vra as wat God ons toelaat. Want hoewel Hy ons gebied om ons harte uit te stort,[27] gee Hy nogtans nie onverskillig vrye teuels aan ons dwase en verkeerde begeertes nie. Wanneer Hy beloof dat Hy die wens van godvrugtiges sal uitvoer, gaan sy genade nogtans nie so ver dat Hy Hom aan hulle goeddunke onderwerp nie.

En tog word daar oral in albei hierdie aspekte swaar gesondig. Die meeste mense waag tewens nie alleen om sonder om daaroor na te dink ondeurdag en sonder eerbied God oor hulle onsinnighede aan te spreek en alles wat hulle drome toelaat, onbeskaamd voor sy regterstoel te lê nie. So 'n groot dwaasheid of stompsinnigheid hou hulle in sy greep dat OC 629 hulle waag om al hulle vuilste begeertes aan God op te dring terwyl hulle hulle hewig skaam om dit aan hulle medemens bekend te maak. Selfs onheiliges het eens met hierdie vermetelheid die spot gedryf en dit ook verfoei,[28] maar die gebrek het nog altyd geheers. Die gevolg was dat eergieriges Jupiter, geldgieriges Mercurius, leergieriges Apollo en Minerva, twisgieriges Mars as beskermhere en wellustiges Venus vir hulleself as beskermvrou aangewys het.[29] Soos ek so pas aangetoon het, gee mense vandag in hulle gebede vryer teuels aan hulle onwettige begeertes as wanneer hulle op gelyke voet grappenderwys met hulle gelykes staan en stories wissel. En tog laat God nie toe dat sy vriendelikheid so bespot word nie, maar Hy eis wat aan Hom behoort, onderwerp ons begeertes aan sy gesag en hou dit so in toom. Daarom moet ons die bekende uitspraak van Johannes in gedagte hou, naamlik: "Dit is ons vrymoedigheid dat Hy ons verhoor as ons iets volgens sy wil vra".[30]

Omdat ons vermoëns verder ver te kort skiet en nie opgewasse is vir so 'n groot volmaaktheid nie, moet ons 'n hulpmiddel soek om ons te A 309 ondersteun. Soos dit ons betaam om die skerpsinnigheid van ons verstand op God toe te spits, so moet die gevoel van ons hart ook OS 302 daarheen volg. Albei skiet inderdaad ver te kort, of, liewer, albei raak moeg en beswyk, of hulle word in 'n heeltemal verkeerde rigting gevoer.

[27] Marg. *Psal. 62.c.9.*

[28] Vgl. o.a. Horatius, *Saturae* 1.8.1 - 3 (LCL 96 e.v.)

[29] In die Romeinse panteïsme was Jupiter die oppergod en god van die lig; sy eweknie in die Griekse mitologie was Zeus (*Kleine Pauly* 3:1 e.v.). Mercurius (Griekse Hermes) was god van paaie en handel (*Kleine Pauly* 3:1129); Apollo (Dionysios) was god van begeestering en musiek (*Kleine Pauly* 1:441 e.v.); Minerva was godin van die kunste (*Kleine Pauly* 3:1317 e.v.); Mars was die god van oorlog (*Kleine Pauly* 3:1046 e.v.) en Venus godin van die liefde (*Kleine Pauly* 5:1173 e.v.).

[30] Marg. *1. Iohan. 5.c.14*; vgl. OC 55:369 e.v.

Om hierdie swakheid te bowe te kom gee God in ons gebede aan ons sy Gees as onderwyser om aan ons voor te sê wat reg is en om ons begeertes te beheers. Omdat ons trouens nie weet hoe om te bid soos ons moet nie, kom Hy ons te hulp en tree Hy vir ons met onuitspreeklike versugtinge in[31] - nie dat Hy self werklik bid of versugtinge slaak nie, maar Hy wek die vertroue, die begeerte, die versugtinge in ons waarvoor ons natuurlike kragte hoegenaamd nie genoegsaam is om dit voort te bring nie. En Paulus het goeie rede om dit *onuitspreeklike versugtinge* te noem wat gelowiges onder leiding van die Gees slaak. Diegene wat waarlik in gebede geoefen is, weet trouens dat hulle deur blinde bekommernisse so verwar en verstrengel word dat hulle beswaarlik iets nuttigs kan vind om te sê; ja, wanneer hulle nog probeer om iets uit te stamel, bly hulle verward stotter. Hieruit kom ons tot die gevolgtrekking dat om te bid soos dit hoort, 'n sonderlinge gawe is.

Ek opper hierrdie stellings nie maar sodat ons wat ons eie traak-my-nie-agtigheid maar te maklik oor die hoof sien, die taak om te bid aan die Gees van God moet oorgee en dat ons maar in daardie sorgeloosheid kan insluimer waartoe ons meer as genoeg geneig is nie. Ons hoor byvoorbeeld dat sommige goddelose mense sê dat ons sluimerend moet wag totdat Hy ons gemoedere wat elders besig gehou word, vooruitgaan. Nee, ek sê dit eerder sodat ons 'n afkeer in ons luiheid en traagheid kan ontwikkel en sulke bystand van die Gees kan najaag. Wanneer Paulus ons trouens beveel om in die Gees te bid,[32] sien hy nie daarom daarvan af om ons tot waaksaamheid aan te spoor nie. So gee hy te kenne dat die inspirasie van die Gees kragtig is om ons gebede te vorm sodat dit ons poging nie dwarsboom of laat verflou nie. God wil immers in hierdie aspek op die proef stel hoe kragtig ons geloof ons harte aandryf.

### 6. *Die tweede reël: bid uit eie onselfgenoegsaamheid (Afdeling 6 - 7)*

Die tweede reël is die volgende: In ons gebed moet ons ons hulpeloosheid altyd waarlik voel en ernstig daaroor dink dat ons alles wat ons vra, OC 630
nodig het, en met die gebed moet ons ook die ernstige, ja, die brandende begeerte verbind om te verkry wat ons verlang.[33] Baie mense dra trouens gebede oppervlakkig volgens 'n formule voor net asof hulle OS 303
hulle skuld aan God vereffen. Hulle erken nogtans dat dit 'n noodsaaklike hulpmiddel vir hulle kwaad is, omdat die ontbering van God se hulp

[31] Marg. *Rom. 8.e.26.*

[32] Marg. *1. Cor. 14.c.16* (1561: 1 Kor. 14:15); vgl. OC 49:522 e.v.

[33] 'n Soortgelyke beklemtoning van die erns waarmee 'n gebed bejeen moet word, kom in Luther se Groot Kategismus in sy behandeling van die gebed en in sy traktaat oor goeie werke voor (WA 6:232). Thomas, *Summa Theol.* 2,2.83.13, 15 (Marietti 3:425 e.v.; 427 e.v.) en Origenes, *De oratione* 12 (MPG 11:451 e.v.)het dieselfde opvatting.

waarom hulle pleit, dodelike skade beteken. Dit is nogtans duidelik dat hulle hierdie plig bloot uit gewoonte doen omdat hulle gemoedere intussen koud is en hulle nie nadink oor wat hulle vra nie. 'n Algemene en verwarde gevoel van nood dryf hulle wel daarheen, maar dit stem hulle nie onrustig asof hulle in werklikheid verligting vir hulle behoefte hoef te soek nie. Kan ons voorts dink dat iets vir God haatliker of verfoeiliker is as hierdie versinsel dat iemand vergiffenis vir sy sondes vra maar intussen dink dat hy nie 'n sondaar is nie of beslis nie dat hy 'n sondaar is nie? Sekerlik is dit 'n verbeeldingsvlug waardeur God oop en bloot bespot word! Soos ek nou net gesê het, is die mensdom so volgeprop met sulke verdraaidheid dat hulle dikwels bloot om hulle plig te doen, baie dinge van God eis terwyl hulle oordeel is dat dit sonder sy milddadigheid hulle van elders sal bereik of terwyl hulle oortuig is dat hulle dit alreeds in hulle besit het.

Op die oog af is ander se sonde ligter maar self ook ondraaglik. Hulle is met hierdie enkele beginsel deurtrek dat hulle God met hulle gebede moet versoen, met die gevolg dat hulle gebede sonder nadenke aframmel. Godvrugtiges moet egter besonderlik daarteen waak om nooit voor God se aangesig te kom om iets van Hom te vra tensy hulle dit met 'n ernstige gemoedstemming begeer en terselfdertyd wens om dit van Hom te verkry nie. Ja, hoewel ons selfs in die dinge wat ons slegs tot eer van God vra, oënskynlik nie met die eerste oogopslag ons eie nood in gedagte het nie, moet ons dit nogtans nie met minder vuur en heftigheid begeer en vra nie. Wanneer ons byvoorbeeld vra dat sy Naam geheilig moet word, moet ons - om dit so te stel - brandend honger en dors na daardie heiligmaking.

### 7. *'n Antwoord op die beswaar dat ons nie altyd deur ewe veel nood gedruk word om te bid nie*[34]

As iemand die beswaar sou opper dat ons nie altyd deur ewe veel nood gedryf word om te bid nie, erken ek dit wel. Die volgende onderskeiding word tot ons voordeel in verband hiermee deur Jakobus aan ons geleer: "Is iemand onder julle bedroef? Laat hy bid. Is iemand opgeruimd? Laat hy sing".[35] Gesonde verstand sê dus aan ons voor dat, omdat ons uiters lui is, ons heftiger deur God geprikkel word om ernstig te bid wanneer omstandighede dit vereis. Dawid noem dit die *geskikte tyd*,[36] want, soos hy op baie ander plekke leer,[37] is ons toegang tot God vryer

[34] Benoit het reeds die opvallende verskille tussen die Latynse en Franse tekste uitgewys. Vir sy bespreking hiervan en die Franse tekste van 1551 e.v. vgl. Benoit 3:483 e.v.

[35] Marg. *Iacob. 5.c.13.*

[36] Marg. *Psal. 32.b.6*; vgl. OC 31:321 - 322.

[37] Vgl. o.a. Ps. 94:19.

namate moeilikhede, ongerief, vrees en ander soorte versoekings ons swaarder druk net asof God ons na Hom toe ontbied. Intussen is Paulus OS 304 se bekende verklaring ewe waar, naamlik dat ons te alle tye moet bid.[38] Al sou ons sake trouens na ons hartewens verloop en stof tot blydskap ons van alle kante omring, is daar nogtans nie een enkele tydstip waarop ons hulpeloosheid ons nie maan om te bid nie. Al sou iemand 'n oorvloed wyn en koring besit, sou sy wynkelders en sy koringskure hom nogtans nie daarvan weerhou om vir sy daaglikse brood te vra nie, omdat hy selfs nie eens 'n happie brood sonder God se voortdurende genade kan geniet nie. As ons nou sou nadink hoeveel gevare ons elke oomblik bedreig, sal die vrees daarvoor self ons leer dat geen oomblik sonder OC 631 gebed moet wees nie.

Ons kan dit egter nog beter te wete kom in geestelike sake. Want wanneer sou soveel sondes waarvan ons bewus is, ons toelaat om onbekommerd op te hou om sowel die skuld as die straf daarvoor ootmoedig af te bid? Wanneer laat versoekings ons 'n wapenstilstand toe sodat ons ons nie na hulp hoef te haas nie? Hierbenewens behoort ons ywer vir die koninkryk en die heerlikheid van God ons nie net met tussenposes nie maar gedurig so na Hom toe mee te sleur dat dit altyd vir ons dieselfde geskikte tyd bly. Ons word dus nie verniet so dikwels gebied om gedurig te bid nie. Ek praat nog nie van volharding waarvan ek hierna melding sal maak nie.[39] As die Skrif ons egter vermaan om gedurig te bid, bestraf dit ons vir ons traagheid omdat ons nie aanvoel hoe noodsaaklik hierdie sorg en voortdurende aandag hieraan is nie. A 310 Volgens hierdie reël word huigelary en die geslepe houding om God te belieg uit 'n gebed geweer, ja, ver daarvan weggedryf. God beloof dat Hy almal wat Hom in waarheid aanroep, naby sal wees,[40] en Hy verklaar dat diegene wat Hom van ganser harte soek, Hom sal vind.[41] Diegene wat self met hulle eie vuiligheid tevrede is, streef nie hierna nie. 'n Opregte gebed vereis dus boetvaardigheid. Daaruit spruit die oorbekende verklaring in die Skrifte dat God die goddelose nie verhoor nie[42] en dat hulle gebede[43] soos ook hulle offers vir Hom verfoeilik is.[44] Dit is trouens ook reg dat diegene wat hulle harte vir Hom sluit, vind dat sy ore vir hulle gesluit is, en dat diegene wat sy toorn uitdaag, voel dat Hy ongenaakbaar is. In Jesaja dreig Hy soos volg: "Selfs al bid julle hoe baie, ek sal julle nie verhoor nie, want julle hande is vol bloed".[45] Net so in Jeremia: "Ek het

[38] Marg. *Ephes. 6.c.18.*
[39] Vgl. *Inst.* 3.20.51 (Afr. vert. 3:1155).
[40] Vgl. Ps. 145:18.
[41] Vgl. Jer. 29:13 - 14; vgl. OC 38:595 - 598.
[42] Vgl. Joh. 9:31; vgl. OC 47:230.
[43] Vgl. Spr. 28:9; Jes. 1:15 en OC 36:41 - 44.
[44] Vgl. Spr. 15:8.
[45] Marg. *Iesa. 1.d.15.*

geroep, en hulle het geweier om na My te luister. Hulle sal na My roep, en Ek sal hulle nie verhoor nie".[46] Hy ag dit trouens as die grootste belediging dat goddelose mense op sy verbond roem terwyl hulle hulle hele lewe lank sy Naam verontreinig. Daarom kla Hy in Jesaja dat die Jode hulle harte ver van Hom af weghou wanneer hulle met hulle lippe tot Hom nader.[47] Hy beperk dit weliswaar nie slegs tot hulle gebede nie, OS 305 maar Hy verklaar dat Hy huigelary in elke afsonderlike deel van die diens aan Hom vervloek. Die verklaring van Jakobus het dieselfde strekking: "Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid om dit in julle welluste deur te bring".[48] Soos ons 'n bietjie later weer sal sien,[49] is dit wel waar dat die gebede wat gelowiges uitstort, nie op die aansien daarvan steun nie. Tog is Johannes se vermaning nie oorbodig nie wanneer hy sê: "Wat ons ook al van Hom bid, sal ons van Hom ontvang omdat ons sy gebooie bewaar",[50] want 'n slegte gewete sluit vir ons die deur daarheen toe. Daaruit volg dat slegs opregte dienaars van God behoorlik bid en verhoor word. Elkeen wat hom derhalwe voorberei om te bid, moet dus 'n afkeer van sy wandade hê, en omdat dit nie sonder berou kan gebeur nie, moet hy die karakter en gesindheid van 'n bedelaar aanneem.

8. *Die derde reël: Ons moet alle hoogmoed laat vaar en nederig tot God nader* (*Afdeling 8 - 10*)

Hierby kom ook die derde reël, naamlik dat elkeen wat hom voor God se aangesig stel om tot Hom te bid, alle gedagtes aan eie eer uit die weg moet ruim, elke indruk van eie aansien van hom moet afstroop en ten slotte van alle vertroue in homself moet afsien en deur die verwerping van sy eer die heerlikheid ten volle aan God te gee, sodat ons ons nie iets, selfs die geringste deel daarvan, toe-eien en as gevolg van ons ydel opgeblase houding voor sy aangesig beswyk nie. Ons vind in God se diensknegte herhaaldelik voorbeelde van hierdie onderdanigheid wat alle hoogmoed platslaan. En die heiligstes van hulle word die meeste OC 632 platgeslaan wanneer hulle voor die Here se aangesig verskyn. Daniël, wat die Here soveel geprys het, het byvoorbeeld gesê: "Nie op grond van ons geregtighede nie maar op grond van u groot barmhartighede stort ons ons gebede voor U uit. Verhoor ons, Here; wees ons genadig, Here; verhoor ons en doen wat ons vra om U ontwil, want u Naam is oor u volk

[46] Marg. *Iere. 11.a.7.8, & b.11*; vgl. OC 38:104 - 107, 110 - 111.
[47] Marg. *Iesa. 29.d.13*; vgl. OC 36:493 - 494.
[48] Marg. *Iacob. 4.a.3*; vgl. OC 55:415.
[49] Vgl. *Inst.* 3.20.8 (Afr. vert. 3:1087 - 1088).
[50] Marg. *1. Iohan. 3.d.22*; vgl. OC 55:343.

en oor u heilige plek aangeroep".[51] Hy maak hom inderdaad nie soos gewoonlik gebeur, slinks as een van die volk deel van die massa nie. Eerder bely hy afsonderlik sy eie skuld en hy wend hom smekend tot die toevlug van (God se) genade. Hy verklaar dit byvoorbeeld uitdruklik wanneer hy sê: "Aangesien ek my sondes en die sondes van my volk bely het".[52] Met sy voorbeeld skryf Dawid ook aan ons hierdie nederigheid voor: "Moet tog nie 'n regsaak teen u kneg begin nie, want niemand wat leef, is voor U onskuldig nie".[53]

Jesaja bid op soortgelyke wyse: "Kyk, U is toornig omdat ons gesondig het; die ewigheid is op u weë gegrond; daarom sal ons gered word. Ons was almal vol onreinheid, en al ons geregtighede was soos 'n bemorste kleed; en ons het almal verdor soos blare en ons ongeregtighede het ons weggewaai soos die wind. En daar is niemand wat u Naam aanroep nie; niemand wat hom beywer om U aan te gryp nie. Want U het u aangesig vir ons verberg en laat ons wegkwyn in die hand van ons ongeregtighede. Maar nou, o Here, U is ons Vader, en ons is die klei; U het ons gevorm, en ons is die werk van u hande. O Here, vertoorn U nie vir ons nie en onthou ons ongeregtigheid nie vir altyd nie. Aanskou dit tog, ons is almal u volk".[54]

Let daarop dat hulle hoegenaamd op geen selfvertroue staatmaak nie behalwe net hierop dat hulle daaraan dink dat hulle aan God behoort, en daarom laat hulle nie hulle hoop vaar dat Hy vir hulle sal sorg nie. Jeremia bid net so: "As ons ongeregtighede teen ons getuig, doen dit dan om u Naam ontwil".[55] Iets wat deur 'n skrywer oor wie daar onsekerheid bestaan - wie hy ook al was, dit word aan die profeet Baruch toegeskryf -, is baie waar en terselfdertyd ook baie heilig. Hy skryf: "Die siel wat bedroef en verlate is vanweë die grootte van sy sonde, geboë en swak, 'n hongerige siel en oë wat verswak, gee aan U, o Here, die eer. Ons stort ons gebede voor u aangesig uit nie vanweë die geregtighede van ons vaders nie, en voor u aangesig vra ons u barmhartigheid, o Here, ons God. Maar ontferm U oor ons omdat U barmhartig is en ons voor U gesondig het".[56]

## 9. *'n Gebed begin met 'n pleidooi om genade en skuldbelydenis*

Kortom: die begin en selfs ook die voorbereiding vir 'n behoorlike gebed is 'n pleidooi om genade met 'n ootmoedige en opregte skuldbe-

[51] Marg. *Dan. 9.e.18*; vgl. ook die daaropvolgende verse en OC 41:157 e.v.; OAV: uitgeroep.
[52] Marg. *Ibidem, 20* (Dan. 9:20).
[53] Marg. *Psal. 143.a.2*; vgl. OC 32:400 - 401.
[54] Marg. *Iesa 64.b.5*; vgl. ook Jes. 64:6 - 9 en OC 37:410 e.v.
[55] Marg. *Iere. 14.a.7*; vgl. OC 38:182 - 184.
[56] Marg. *Baruch. 2.d.18*; vgl. ook verse 19 - 20.

lydenis. Niemand moet immers hoop dat hy iets van God kan verkry, selfs al is hy die heiligste mens, totdat hy uit genade met God versoen is nie. Dit is ook nie moontlik dat God iemand anders as diegene wat Hy vergewe het, genadig is nie. Gevolglik is dit nie verbasend as gelowiges die deur na gebed met hierdie sleutel vir hulle oopsluit nie soos ons uit verskeie aanhalings uit die Psalms leer. Wanneer Dawid iets anders (as sondevergiffenis) vra, sê hy: "Moet tog nie dink aan die sondes en oortredinge van my jeug nie; dink aan my volgens u barmhartigheid vanweë u goedertierenheid, Here".[57] Net so: "Aanskou my ellende en OC 633
my moeite en vergeef al my sondes".[58] A 311

Hier merk ons ook dat dit nie genoeg is as ons dag vir dag rekenskap van ons onlangse sondes gee sonder om ook die sondes te onthou wat lyk asof hulle lank reeds vergete is nie. Want wanneer dieselfde profeet elders een ernstige oortreding bely, keer hy by hierdie geleentheid tot sy moederskoot terug waarin hy toe alreeds die smet opgedoen het[59] - OS 307
nie om sy eie skuld deur die bedorwenheid van sy natuur kleiner te maak nie maar om die sonde van sy hele lewe op te stapel sodat hy namate hy strenger is in sy veroordeling van homself, mag vind dat God genaakbaarder is. Hoewel die heiliges nie altyd met uitdruklike woorde om sondevergiffenis vra nie, sal ons egter maklik teenkom wat ek beweer as ons hulle gebede wat die Skrif vir ons weergee, sorgvuldig deurdink, naamlik dat hulle die gemoedstemming om te bid uit God se barmhartigheid alleen geput het en dat hulle daarom altyd begin het deur Hom met hulle te versoen. As iemand trouens sy eie gewete sou ondervra, is dit so ver weg daarvan dat hy sou waag om vrymoedig sy sorge voor God te lê dat hy elke keer as hy tot God nader, sou vrees tensy hy op God se barmhartigheid en genade vertrou.[60]

Daar is weliswaar ook 'n ander besondere belydenis wanneer sondaars verligting van hulle straf begeer en terselfdertyd bid dat hulle sondes hulle vergewe moet word. Dit sou immers onsinnig wees dat hulle die gevolg uit die weg wil ruim terwyl die oorsaak daarvan nog bly. Ons moet trouens waak dat ons nie dwase siekes naboots wat hulle slegs oor bykomstighede bekommer maar nie op die wortel van hulle siekte ag slaan nie.[61] Ja, ons moet sorg dat God ons goedgesind is eerder as dat Hy sy guns met uitwendige tekens betuig, omdat dit sy wil is om hierdie orde te handhaaf, en dit sou weinig voordeel vir ons ingehou het om Hom milddadig te vind tensy ons gewetens aanvoel dat Hy met ons

[57] Marg. *Psal. 25.b.6* (*recte*:Ps. 25:7); vgl. OC 31:253 - 254.

[58] Marg. *Ibidem, d.18* (Ps. 25:18); vgl. OC 31:261.

[59] Marg. *Psal. 51.b.7.*

[60] Fr.: *se descharger privément envers Dieu de ses passions et desirs* (Benoit 3:339).

[61] Fr.: + *Ils voudront qu'on leur oste le mal de teste et des reins, et seront contens qu'on né touche point à la fièvre* (Benoit 3:339).

versoen is en Hom volkome lieflik vir ons maak.[62] Ons word ook hieraan herinner deur Christus se antwoord. Toe Hy besluit het om die verlamde man gesond te maak, het Hy gesê: "Jou sondes is jou vergewe".[63] Hiermee verhef Hy natuurlik ons gemoedere tot dit waarna ons besonderlik moet smag, naamlik dat God ons in genade mag aanneem en dan dat Hy deur hulp aan ons te verleen, die vrug van die versoening aan ons mag voorsit.

Behalwe daardie besondere belydenis van huidige skuld waarmee gelowiges bid om vir elke skuld en straf genade te verkry, moet 'n algemene inleiding wat guns vir ons gebede verwerf, nooit agterweë gelaat word nie, want tensy ons gebede op vrye barmhartigheid gegrond is, sal God hulle nooit verhoor nie. Die bekende verklaring van Johannes kan daarop betrek word: "As ons ons sondes bely: Hy is getrou en regverdig om dit ons te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig".[64] Om hierdie rede moes gebede onder die wet met 'n soenoffer van bloed gewy word om aanvaar te word,[65] en die volk moes so vermaan word dat hulle nie die voorreg van so 'n groot eer verdien het nie totdat hulle van hulle onreinheid gereinig is en vertroue om te bid slegs uit God se barmhartigheid ontvang het. OS 308

## 10. *'n Verklaring van die heiliges se beroep op hulle geregtigheid*

Skynbaar haal die heiliges soms hulle eie geregtigheid aan ter ondersteuning daarvan om tot God te bid, byvoorbeeld wanneer Dawid sê: "Bewaar my siel, want ek is goed".[66] Net so Hiskia: "Neem tog in ag, o Here, dat ek voor U in waarheid gewandel het en dat ek gedoen het wat goed is in u oë".[67] Met sulke uitdrukkings bedoel hulle niks anders as OC 634
om uit hulle wedergeboorte self te getuig dat hulle God se diensknegte en kinders is aan wie Hy belowe dat Hy hulle genadig sal wees nie. Soos ons reeds gesien het,[68] leer Hy ons deur sy profeet dat sy oë op die regverdiges is en sy ore vir hulle gebede.[69] Dan weer deur die apostel[70] dat ons alles sal kry waarvoor ons bid as ons sy gebooie gehoorsaam.[71] In hierdie uitsprake stel hy nie die waarde van gebed volgens die verdien-

[62] Vgl. Hooglied 5:16.
[63] Marg. *Matth. 9.a.2*; vgl. OC 45:244 - 245.
[64] Marg. *1. Iohan. 1.d.9*; vgl. OC 55:306.
[65] Vgl. Gen. 12:8; 26:25; 33:20; 1 Sam. 7:9.
[66] Marg. *Psal. 86.a.2*; OAV: Bewaar my siel want 'n gunsgenoot is ek; NAV: Beskerm my want ek is u troue dienaar. Vgl. OC 31:792.
[67] Marg. *2. Reg. 20.a.4* (*recte*: 2 Kon. 20:3). 1539 - 1550: + Marg. *Iesa. 38*(:3). Vgl. OC 36:648 - 649.
[68] Vgl. *Inst.* 3.20.3 (Afr. vert. 3:1079 - 1081).
[69] Marg. *Psal. 34.c.16.*
[70] Fr.: + *Sainct Iean* (Benoit 3:340).
[71] Marg. *1. Ioh. 3.d.22.*

stes van goeie werke nie, maar Hy wil so die vertroue versterk van diegene wat terdeë bewus is van ongeveinsde opregtheid en onskuld soos alle gelowiges behoort te wees. Dit wat die blinde man wat weer kon sien, in Johannes sê, is trouens uit die waarheid van God self geput. Hy sê dat sondaars nie deur God verhoor word nie.[72] Ons moet egter volgens aanvaarde Skrifgebruik onder *sondaars* diegene verstaan wat geen verlange na geregtigheid het nie en ten volle in hulle sondes slaap en berus. Geen hart sal immers ooit in opregte aanroeping van God uitbars sonder om terselfdertyd na godsvrug te streef nie. Die heiliges se betuigings stem dus met sulke beloftes ooreen, en hulle vermeld hulle reinheid of hulle onskuld daarmee om die aanvoeling te kry dat tot hulle beskikking gestel word wat alle diensknegte van God te wagte moet wees.

Verder vind ons dat hulle oor die algemeen hierdie soort gebed gebruik wanneer hulle hulle voor God met hulle vyande vergelyk, uit wie se ongeregtigheid hulle deur sy hand gered wil word. Dit is inderdaad nie verbasend as hulle in hierdie vergelyking hulle eie geregtigheid en eenvoud van hart na vore bring om deur die regverdigheid van hulle saak die Here meer te beweeg om aan hulle hulp te verleen nie. Ons ontneem 'n godvrugtige hart dus nie die seën om voor die Here die bewussyn van sy reinheid te geniet om hom in die beloftes te versterk waarmee die Here sy ware dienaars vertroos en onderskraag nie. Ons bedoel egter dat sy vertroue dat hy sal verkry (wat hy vra), net op God se goedertierenheid rus sonder enige gedagte aan eie verdienste.

11. *Die vierde reël: vaste hoop op verhoring; die verband tussen geloof en gebed (Afdeling 11 - 14)*

Die vierde reël is dan dat, wanneer ons so platgeslaan en deur ware ootmoed onderwerp is, ons nogtans deur die vaste hoop op verhoring besiel word om te bid. Op die oog af is dit weliswaar teenstrydighede OS 309
om die gevoel van God se regverdige wraak aan die vaste vertroue op sy guns te verbind. Tog stem hulle baie goed met mekaar ooreen as die goedertierenheid van God alleen die wat deur hulle eie kwaad onderdruk is, weer ophef. Want soos ons tevore geleer het dat boetvaardigheid en geloof bondgenote is wat met 'n onskeibare band aan mekaar verbonde is, hoewel die een ons verskrik en die ander ons verbly,[73] so moet hulle mekaar ook in ons gebede ontmoet. Dawid druk hierdie ooreenstemming in 'n paar woorde uit wanneer hy sê: "In die grootheid van u goedertierenheid sal ek in u huis ingaan; in die tempel van u A 312

[72] Marg. *Iohan. 9.f.21* (*recte*: Joh. 9:31).
[73] Vgl. *Inst.* 3.3.1 - 5 (Afr. vert. 3:768 - 775).

heiligheid sal ek U met vrees eerbiedig".[74] Onder *God se goedertierenheid* vat hy ook die geloof saam, maar hy sluit *vrees* nie uit nie, omdat dit nie alleen sy majesteit is wat ons dwing om Hom te eerbiedig nie, maar ook omdat ons eie onwaardigheid ons alle hoogmoed en onbesorgheid laat vergeet en ons onder die vrees (vir Hom) hou.

Maar onder die woord *vertroue* verstaan ek nie iets wat ons verstand met 'n soet en volmaakte rus streel en dit van alle gevoel van benoudheid losmaak nie. Want om so kalm en bedaard te wees kom diegene toe wat, wanneer alles volgens hulle wense verloop, deur geen bekommernis OC 635 geraak word, van geen verlange brand en van geen vrees gloei nie. Vir die heiliges is die heel beste prikkel om God aan te roep egter wanneer hulle deur eie nood verskeur, deur die grootste onrus gekwel word en byna van hulle sinne beroof is, totdat die geloof hulle net op die regte tyd te hulp snel. In sulke moeilikhede skyn God se goedertierenheid oor hulle sodat, hoewel hulle afgemat is en sug onder die gewig van hulle huidige rampe en hulle bekommerd is oor en gefolter word deur die vrees vir nog groter teenspoed, hulle nogtans op sy goedertierenheid steun, van die moeite om dit te dra verlig en vertroos word en op uitkoms en verlossing kan hoop. Dit is dus paslik dat 'n godvrugtige mens se gebed uit beide hierdie gemoedsaandoenings ontstaan, dat dit albei insluit en weergee, naamlik dat hy vanweë sy huidige teenslae sug en bekommerd nuwe rampe vrees, maar tog tegelyk sy toevlug tot God neem en hoegenaamd nie daaroor twyfel dat Hy gereed is om hom 'n helpende hand te reik nie.Dit is tewens verbasend hoe ons wantroue God vertoorn as ons Hom om 'n weldaad vra wat ons nie van Hom verwag nie.

Niks pas die aard van ons gebede dus meer as dat die volgende reël daarvoor voorgeskryf en bepaal word nie, naamlik dat hulle nie onbesonne uit ons moet uitbars nie maar dat hulle die geloof as voorloper OS 310 (wat daaraan voorafgaan) moet volg. Met die volgende uitspraak herinner Christus ons almal aan hierdie beginsel: "Ek sê vir julle, glo dat julle alles sal kry wat julle vra, en so sal dit vir julle gebeur".[75] Hy bekragtig dit ook elders: "Alles wat julle in die gebed vra, glo", ensovoorts.[76] Jakobus stem ook daarmee ooreen: "As iemand wysheid nodig het, laat hy dit vra van Hom wat eenvoudig aan almal sonder verwyt gee; hy moet egter in die geloof bid sonder om te twyfel".[77] Wanneer hy *geloof* teenoor *twyfel* stel, druk hy die betekenis daarvan baie paslik uit. Dit wat hy daaraan toevoeg, is nie minder merkwaardig nie, naamlik dat dit mense wat God verward en vertwyfeld aanroep, niks baat nie en hulle is nie in hulle

[74] Marg. *Psal. 5.b.8*; vgl. OC 31:68 - 69.
[75] Marg. *Mat. 11.c.24* (*recte*: Markus 11:24). Vgl. Luther se *Encb.* (WA 2:157).
[76] Marg. *Matth. 21.b.22.*
[77] Marg. *Iacob. 1.a.5.* Vgl. ook Jak. 1:6 en OC 55:385.

gemoed seker of hulle verhoor hoef te word of nie. Hy vergelyk hulle met golwe wat deur die wind heen en weer beweeg en rondgeslinger word.[78] Daarom noem hy 'n opregte gebed elders *'n gebed van die geloof.*[79]

Verder: wanneer God so dikwels verklaar dat Hy aan elkeen volgens sy geloof sal gee,[80] gee Hy daarmee te kenne dat ons sonder die geloof niks kan bereik nie. Kortom: dit is ons geloof wat alles verkry wat op ons gebed aan ons toegestaan word.[81] Dit is ook die betekenis van die bekende verklaring van Paulus waarop onnosel mense weinig ag slaan: "Hoe sal iemand Hom aanroep as hy nie in Hom glo nie? En wie sal in Hom glo as hy Hom nie gehoor het nie? Die geloof is dus uit die gehoor en die gehoor is uit die Woord van God".[82] Want terwyl hy die begin van die gebed geleidelik uit die geloof aflei, verklaar hy openlik dat God slegs deur diegene aan wie sy sagmoedigheid en vriendelikheid deur die verkondiging van die evangelie bekend geword het, ja, diegene aan wie dit vertroulik bekendgestel is, opreg aangeroep kan word. OS 311

12. *Die belangrikheid van sekerheid in die gebed*

Ons teenstanders[83] dink egter glad nie aan hierdie noodsaaklikheid nie. Hulle dink derhalwe dat ons die onsinnigste stelling van almal maak wanneer ons gelowiges beveel om met die vaste vertroue van hulle gemoed daarvan verseker te wees dat God hulle genadig en goedgesind OC 636 is.[84] Maar as hulle enige ervaring van waaragtige gebed gehad het, sou hulle inderdaad begryp het dat God nie sonder daardie vaste gevoel van sy Goddelike goedgesindheid na behore aangeroep kan word nie. Aangesien niemand trouens in staat is om die werking van die geloof goed te deurvors nie behalwe iemand wat dit deur ervaring in sy hart gevoel, watter voordeel hou dit dan vir jou in om met sulke mense te

[78] Vgl. Luther, a.w. (WA 2:176).

[79] Marg. *Iacob. 5.c.15.*

[80] 1536: + Marg. *Matth. 8(:13), 9(:29), Mar. 11(:24)*; vgl. OC 45:238, 261.

[81] Elders verbind Calvyn geloof, gebed en vertroue met mekaar as basiese vereistes vir 'n opregte gebed; vgl. *Com. in Ps.* 22.5 (OC 31:224): *Ergo ex precibus cognoscitur fidei veritas, sicuti bonitas arboris ex fructu. Interim notandum est, non alias censeri coram Deo legitimas preces, nisi quae ex fiducia manant, et cum ea sunt coniunctae* - Uit ons gebede kan die waaragtigheid (opregtheid) van ons geloof geken word soos 'n goeie boom aan sy vrugte. Intussen moet ons daarop let dat slegs die gebede wat uit vertroue kom, en daarmee verbind is, as opregte gebede voor God gereken word; vgl. ook sy *Com. in Acta apost.* 8.22 (OC 48:187): *Necesse enim est, ut fides nobis in adeundo Deo praeluceat: imo, ut sit precationis mater* - dit is trouens noodsaaklik dat die geloof sy lig voor ons laat uitskyn wanneer ons tot God nader, of liewer dat die geloof die moeder van ons gebed moet wees.

[82] Marg. *Rom. 10.c.14*; vgl. ook Rom. 10:17 en OC 49:203 - 205.

[83] Fr.: *à tous Papistes* (Benoit 3:342).

[84] Vgl. *Inst.* 3.2.22 - 26 (Afr. vert. 3:738 - 744).

debatteer terwyl hulle openlik aandui dat hulle nog nooit iets anders as 'n vae verbeeldingsvlug daarvan gehad het nie? Want die krag en die noodsaaklikheid van die sekerheid wat ons vereis, kan veral uit die aanroeping (van God) self geleer word en iemand wat dit nie kan sien nie, verraai dat hy 'n baie afgestompte gewete het. Ons moet hierdie soort blindes dus laat vaar en Paulus se verklaring styf vashou, naamlik dat God slegs deur diegene aangeroep kan word wat sy barmhartigheid uit die evangelie leer ken het en vas oortuig is dat dit vir hulle toeberei is.

Hoe 'n soort gebed sal die volgende immers wees? "O Here, ek twyfel wel of U my wil verhoor; maar omdat angs my druk, neem ek my toevlug tot U sodat U my kan help as ek dit waardig is". Maar al die heiliges wie se gebede ons in die Skrif kan lees, bid nie gewoonlik so nie. En die Heilige Gees het ons ook nie deur sy apostel so geleer nie, want Hy beveel ons om met vertroue tot die hemelse troon te nader om genade te verkry,[85] en elders leer Hy dat ons vrymoedigheid en die toegang moet hê in vertroue deur die geloof in Christus.[86] As ons met vrug wil bid, moet ons derhalwe hierdie onbesorgdheid oor die verkryging van dit waarvoor ons bid, met albei ons hande vashou, want die Here het ons self so beveel en al die heiliges leer ons dit met hulle voorbeeld. 'n Gebed is immers eers vir God aanvaarbaar as dit, om dit so te stel, uit die hardnekkigheid van die geloof ontstaan en in die onbeskroomde sekerheid van die hoop gegrond is. Hy sou wel met die eenvoudige vermelding van die geloof tevrede kon wees, en tog het hy nie alleen *vertroue* bygevoeg nie maar dit ook voorsien van vrymoedigheid of stoutmoedigheid om die ongelowiges met hierdie teken van ons te onderskei hoewel hulle God ook saam met ons aanbid, maar bloot toevallig. Dit is waarom die hele kerk in die Psalm bid: "Laat u barmhartigheid oor ons wees soos ons op U gehoop het".[87] Dieselfde voorwaarde word ook elders deur die profeet gestel: "Op die dag waarop ek roep, weet ek dat God met my is".[88] Net so: "In die môre sal ek my vir U gereed maak en ek sal wag hou".[89] Uit hierdie woorde lei ons trouens af dat ons gebede verniet in die lug opgewerp word as hoop nie daaraan verbind is waaruit ons rustig soos uit 'n wagtoring op God kan wag nie. Die volgorde van Paulus se vermaning stem ook hiermee ooreen, want voordat[90] hy die gelowiges aanspoor om te alle tye met A 313
waaksaamheid en volharding in die Gees te bid,[91] beveel hy hulle om

[85] Marg. *Hebr. 4.d.16.* Vgl. OC 55:55 - 56.
[86] Marg. *Ephes. 3.c.12.* Vgl. OC 51:183 - 184.
[87] Marg. *Psal. 33.d.22.* Vgl. OC 31:334.
[88] Marg. *Psal. 56.b.10.* Vgl. OC 31:552.
[89] Marg. *Psal. 5.a.5* (*recte*: Ps. 5:4). Vgl. OC 31:66 - 67.
[90] Die bladsynommer in A aangedui as 281 in plaas van 313.
[91] Vgl. Ef. 6:18.

eers die skild van die geloof, die helm van saligheid en die swaard van die Gees, dit is die Woord van God, op te neem.[92] Verder moet my lesers hier weer in herinnering roep wat ek vroeër gesê het, naamlik dat ons geloof hoegenaamd nie aan die wankel gebring word wanneer dit met 'n bekentenis van ons ellende, ons hulpeloosheid en onreinheid gepaard gaan nie.[93] Want al sou gelowiges hoeveel ook al OC 637 aanvoel dat hulle deur die swaar las van die sondes neergedruk word en daaronder gebuk gaan en dat hulle nie alleen van al die dinge verstoke is wat guns by God kan verwerf nie, maar dat hulle ook met baie sondes belas is wat Hom met reg verskriklik maak, hou hulle nogtans nie op om hulle voor Hom te stel nie en hierdie gevoel verskrik hulle nie so dat hulle hulle nie tot Hom sou wend omdat daar geen ander toegang tot Hom is nie. Gebed is trouens nie ingestel om ons daarmee verwaand voor God te verhef of iets van ons eie van groot waarde te ag nie, maar om daarmee ons skuld te bely en ons ellendes voor Hom te betreur soos kinders hulle klagtes vertroulik aan hulle ouers voorlê. Ja, die eindelose massa van ons ellendes behoort vol aansporings of prikkels te wees om ons aan te por om te bid. Met sy voorbeeld leer die profeet ons ook so: "Genees my siel, want ek het teen U gesondig".[94] Ek erken wel dat daar in daardie prikkels dodelike steke sal wees as God ons nie te hulp kom nie. Volgens sy onvergelyklike genade het ons goeie Vader egter 'n gepaste hulpmiddel voorsien om al ons ontsteltenis te kalmeer, ons sorge te verlig, ons vrees tot niet te maak en ons vriendelik na Hom toe te lok, ja, om al die klippe - om nie eens van die struikelblokke te praat nie - weg te neem en die pad vir ons maklik te maak.

### 13. *Om te bid is nie alleen 'n gebod van God nie maar is ook op sy beloftes gegrond*

Ten eerste: wanneer Hy ons gebied om te bid, kla Hy ons juis met die gebod self van goddelose hardnekkigheid aan as ons dit nie gehoorsaam nie.[95] 'n Presieser gebod as die een wat in die psalm voorkom, kan nie gegee word nie: "Roep My aan in die dag van benoudheid".[96] Omdat daar egter nie een van die pligte van godsvrug is wat die Skrif meer dikwels aanprys nie, is daar geen rede dat ek my langer hiermee besig hou nie. Die Meester[97] sê: "Bid, en julle sal ontvang; klop, en vir julle sal

[92] Marg. *Ephes. 6.c.16.* Vgl. ook Ef. 6:17 - 18.
[93] Vgl. *Inst.* 3.2.22 - 26 (Afr. vert. 3:738 - 744).
[94] Marg. *Psal. 41.a.5.* Vgl. OC 31:420.
[95] Vgl. die 1536-uitgawe waar hierdie aspek baie breedvoeriger uiteengesit is (Afr. vert. 1536:170). Vgl. in verband hiermee Luther, *Ench.* (WA 10,2:395) en sy behandeling van die derde gebod (WA 6:233 e.v.).
[96] Marg. *Psal. 50.c.15.* Vgl. OC 31:502 - 503.
[97] Fr.: + *céleste* (Benoit 3:344).

oopgemaak word".[98] Hier word nogtans ook 'n belofte by die gebod gevoeg, soos noodwendig moet gebeur. Hoewel almal trouens erken dat die gebod gehoorsaam moet word, sou baie mense nogtans wegvlug wanneer God hulle roep tensy Hy belowe dat Hy lankmoedig sal wees en hulle so te hulp sal kom. Gegee hierdie twee aspekte, naamlik gebod en belofte, is almal wat hulle rug daarheen keer om reguit na God te gaan, nie alleen opstandig en ongehoorsaam nie, maar hulle staan ook skuldig aan ongelowigheid omdat hulle sy beloftes wantrou. Ons moet des te meer daarop let dat huigelaars sowel onder die dekmantel van nederigheid en beskeidenheid God se gebod so hooghartig verag asook sy vriendelike uitnodiging wantrou, ja, dat hulle Hom van die belangrikste deel van sy diens beroof. Want toe Hy die offers verwerp het waarin die volle heiligheid eertyds skynbaar geleë was, het hy verklaar dat dit vir Hom die hoogste offer is en een wat kosbaarder as alle ander is, dat Hy in die dag van nood aangeroep moet word. Wanneer Hy dus eis wat aan Hom behoort, en Hy ons besiel om Hom vurig te gehoorsaam is daar geen kleure van vertwyfeling wat so aanskoulik is dat dit vir ons 'n verskoning kan wees nie. Al die getuienis wat oral in die Skrif voorkom OS 314
waarin ons gebied word om God aan te roep, is derhalwe net soveel OC 638
baniere wat voor ons oë geplant word om ons tot vertroue op te wek. Dit sou onbesonne optrede wees om voor God se aangesig in te bars as Hy ons nie voorafgaan deur ons te roep nie. Gevolglik maak Hy self met sy woorde vir ons die pad oop: "Ek sal vir hulle sê: 'Julle is my volk'; en hulle sal vir My sê: 'U is ons God'".[99] Ons sien dat Hy voor sy dienaars uitgaan en dat Hy wil hê dat hulle Hom moet volg en dat hulle daarom nie hoef te vrees dat hierdie melodie wat Hy self voorsê, nie aangenaam genoeg is nie. Die verhewe lof van God moet ons besonderlik te binne skiet, en as ons daarop steun, sal ons alle struikelblokke sonder enige moeite te bowe kom: "U is die God wat my gebed verhoor; alle vlees sal na U toe kom."[100]

Wat is immers liefliker of wat is pragtiger as dat God hierdie beskrywing kies om ons sekerder te maak dat niks meer eie is aan sy aard as om die wense van die wat Hom smeek, te vervul nie? Hieruit lei die profeet af dat die deur nie net vir 'n paar mense nie maar vir almal oop is. Hy praat immers met almal wanneer Hy sê: "Roep My aan in die dag van jou benoudheid; Ek sal jou uithelp, en jy sal My verheerlik."[101] Volgens hierdie reël hou Dawid die belofte wat aan hom gegee is, voor om te kry waarvoor hy bid: "U, o God, het dit aan die ore van u dienskneg geopenbaar; daarom het u kneg die vrymoedigheid gevind om tot U te

[98] Marg. *Matth. 7.b.7.* Vgl. OC 45:217 - 218.
[99] Marg. *Zach. 13.c.9.*
[100] Marg. *Psal. 65.a.3.*
[101] Marg. *Psal. 50.f.15.*

bid".[102] Hieruit kan ons aflei dat hy bevrees was behalwe in soverre die belofte hom bemoedig het. So rus hy homself elders met die algemene leer toe: "Hy sal die wil doen van die wat Hom vrees".[103] Ja, ons kan inderdaad in die psalms opmerk dat die samehang van 'n gebed as 't ware onderbreek word en dat daar dan oorgegaan word nou na God se mag en dan weer na sy goedertierenheid of na die trou van sy beloftes. Die indruk kan ontstaan dat Dawid sy gebede vermink deur ontydig sulke uitsprake in te voeg, maar gelowiges het deur ondervinding en ervaring bevind dat hulle vurigheid begin afneem tensy hulle nuwe brandhout daarvoor voorsien. Daarom is dit allermins oorbodig om in 'n gebed oor God se natuur en sy Woord na te dink. En ons hoef nie afkerig te wees om volgens Dawid se voorbeeld die dinge in ons gebed in te voeg wat ons trae gemoedere met nuwe krag kan verfris nie.

## 14. *Gelowiges kan nogtans met vertroue, sonder verskrikking maar met heilige eerbied bid*

En dit is wonderbaarlik dat ons deur soveel soetheid van sy beloftes òf kil bly òf oor die algemeen glad nie geraak word nie, met die gevolg dat baie mense verkies om met ompaadjies weg te dwaal, die bron van die lewende waters te versmaai en vir hulleself droë putte te grawe[104] eerder OS 315
as om die vrygewigheid van God, wat uit eie beweging hulle aangebied is, te omhels. Salomo sê: "Die Naam van die Here is 'n onoorwinlike vesting; die regverdige vlug daarheen en sal gered word".[105] Nadat Joël die verskriklike ramp wat gedreig het, geprofeteer het, voeg hy die volgende gedenkwaardige uitspraak by: "Elkeen wat die Naam van die A 314
Here aanroep, sal gered word".[106] Ons weet dat hierdie uitspraak[107] eintlik sien op die verloop van die evangelie.[108] Skaars een uit honderd mense[109] word beweeg om God tegemoet te gaan. Hy roep self deur Jesaja: "Julle sal My aanroep, en Ek sal julle verhoor; ja, voordat julle roep, sal Ek julle antwoord".[110] Elders ag Hy ook die hele kerk gesamentlik hierdie eer waardig soos dit op al die lidmate van Christus betrekking het: "Hy het My geroep; Ek sal hom verhoor; in sy benoudheid is Ek met hom om hom te red."[111]

[102] Marg. *2. Sam. 7.d.27.*
[103] Marg. *Psal. 145.d.19.*
[104] Vgl. Jer. 2:13 en OC 37:509 - 511.
[105] Marg. *Prov. 18.b.10* (Spr. 18:10).
[106] Marg. *Ioel. 2.g.32.*
[107] Fr.: + *laquelle, tesmoin sainct Pierre* (Benoit 3:346).
[108] Vgl. Hand. 2:21 en OC 48:36.
[109] Vgl. *Inst.* 1.4.1, 1.5.8; 3.3.24 (Afr. vert. 1:125, 139; 3:801).
[110] Marg. *Iesa. 65.d.24.* Vgl. OC 37:432 - 433.
[111] Marg. *Psal. 91.d.15.* Vgl. OC 32:8.

Soos ek reeds gesê het,[112] is ek nie van plan om al die verwysings hier aan te haal nie maar om slegs uitstaande Skrifplekke uit te kies om na aanleiding daarvan te proe hoe vriendelik God ons na Hom toe lok en in OC 639
watter stywe bande ons ondankbaarheid verstrengel is wanneer ons te midde van sulke skerp prikkels nog in luiheid aarsel. Daarom moet die volgende woorde altyd in ons ore weergalm: "Die Here is naby almal wat Hom aanroep, die wat Hom in waarheid aanroep".[113] Die verwysings wat ons uit Jesaja en Joël aangehaal het, is net so. Daarmee bevestig God dat Hy daarop ingestel is om ons gebede te verhoor en dat dit daarom vir Hom 'n genot is soos in 'n welriekende offer wanneer ons ons sorge op Hom werp.[114] Ons ontvang hierdie sonderlinge vrug van God se beloftes wanneer ons ons gebede sonder twyfel of vrees formuleer, maar in die vertroue op sy Woord, waarvan die majesteit ons andersins sou verskrik, waag ons om Hom as *ons Vader* aan te roep, aangesien Hy ons waardig ag om hierdie allersoetste Naam aan ons te voorsien.

Aangesien ons sulke uitnodigings daartoe ontvang, bly daar net oor dat ons moet weet dat ons daarin genoeg stof het om deur Hom verhoor te word. Ons gebede maak trouens op geen verdienste staat nie, maar hulle OS 316
aansien en die hoop om te verkry (wat ons vra) is in God se beloftes gegrond en daarvan afhanklik.[115] Die gevolg is dat dit geen ander ondersteuning nodig het om hierheen en daarheen na bo rond te kyk nie. In ons harte moet ons dus weet dat, al sou ons nie met ewe veel heiligheid as wat in die geval van die heilige aartsvaders, die profete en die apostels geloof word, uitmunt nie, ons nogtans in hierdie reg hulle geselskap deel dat ons die gebod om te bid en die geloof met hulle deel as ons op God se Woord steun. Want soos ons vroeër gesien het,[116] skep God wanneer Hy verklaar dat Hy vir almal sagmoedig en genadig sal wees, ook vir die ellendigste mense die hoop dat hulle sal kry waarvoor hulle bid.. Daarom moet ons op die algemene vorm hiervan let, omdat niemand, van die eerste tot die laaste, soos die spreuk lui, uitgesluit word nie mits daar maar opregtheid van hart, 'n afkeer van onsself, nederigheid en geloof aanwesig is om te voorkom dat ons huigelary God se Naam met 'n bedrieglike aanroeping ontheilig. Ons allerbeste Vader sal niemand verwerp wat Hy met elke moontlike middel aanspoor om na Hom toe te kom nie. Hieruit ontstaan die rede vir Dawid se gebed wat ek onlangs aangehaal het: "Kyk, Here, U het u dienskneg beloof; daarom skep u dienskneg vandag moed en vind hy iets om voor u aangesig te bid. Nou dan Here God, U is God en u woorde sal waar wees. U het oor

[112] Vgl. *Inst.* 3.20.13 (Afr. vert. 3:1095) hierbo.
[113] Marg. *Psal. 145.d.18.*
[114] Vgl. 1 Pet. 5:7; Ps. 55:23.
[115] Vgl. Luther, *Ench.* (WA 2:175 e.v.).
[116] Vgl. *Inst.* 3.20.12 (Afr. vert. 3:1093) hierbo.

hierdie weldade met u dienskneg gepraat; begin dus en doen dit".[117] So sê hy ook elders: "Doen aan u kneg volgens u Woord".[118] En so dikwels as wat die Israeliete almal saam hulle bewapen het deur die verbond weer in herinnering te roep, verklaar hulle genoegsaam dat ons nie vreesagtig moet bid nie, omdat God so voorskryf. En hierin het hulle die OS 317 voorbeelde van die aartsvaders gevolg, besonderlik die voorbeeld van Jakob. Nadat hy bely het dat hy te gering was vir soveel barmhartighede wat hy uit God se hand ontvang het,[119] sê hy dat hy besiel word om nog groter seëninge te vra omdat God beloof het dat Hy dit sal doen.[120] Watter voorwendsels ongelowiges ook al voorhou wanneer hulle nie hulle toevlug tot God neem so dikwels as wat die nood druk nie, en wanneer hulle Hom nie soek en Hom nie om sy hulp smeek nie, beroof hulle Hom net so seker van die eer wat Hom toekom, as wanneer hulle vir hulle nuwe gode en afgode sou skep. So ontken hulle trouens dat God die Gewer van alle goeie dinge is. Aan die ander kant is daar niks kragtiger om godvrugtiges van alle moeilikheid te verlos as om met hierdie gedagte bewapen te word, naamlik dat daar geen rede is waarom enige oponthoud hulle sou weerhou wanneer hulle God se gebod OC 640 gehoorsaam nie, omdat Hy verklaar dat niks vir Hom aangenamer is as gehoorsaamheid nie.

Wat ek vantevore gesê het,[121] kom hier nog duideliker aan die lig, naamlik dat om met 'n onbevreesde gees te bid goed ooreenstem met vrees, eerbied en bekommernis en dat dit nie ongerymd is dat God die wat neergeslaan is, weer ophef nie. So kom uitdrukkings wat skynbaar teenstrydig is, pragtig met mekaar ooreen. Jeremia en Daniël sê dat hulle hulle gebede voor God neerlê.[122] Elders sê Jeremia: "Laat ons gebed voor die aangesig van God val sodat Hy Hom oor die oorblyfsels van sy volk kan ontferm".[123] Aan die ander kant word dikwels gesê dat gelowiges hulle gebede ophef. So praat Hiskia wanneer hy die profeet vra om vir hom tussenbeide te tree.[124] En Dawid begeer dat sy gebed soos wierook moet opstyg.[125] Hoewel hulle naamlik vas oortuig is van God se vaderlike liefde, wend hulle hulle nogtans blymoedig tot sy getrouheid en hulle aarsel nie om Hom om die hulp te bid wat Hy vanself belowe nie. Nogtans verhef 'n trae onbesorgdheid hulle nie asof hulle hulle skaamte verwerp het nie, maar hulle klim so met die trappe

[117] Marg. *2. Sam. 7.d.27.* Vgl. ook 2 Sam. 7:28 - 29.
[118] Marg. *Psal. 119.76.* Vgl. OC 32:247 - 248.
[119] Marg. *Gen. 32.c.10.* Vgl. Gen. 32:11.
[120] Vgl. Gen. 32:12.
[121] Vgl. *Inst.* 3.20.12 (Afr. vert. 3:1093) hierbo.
[122] Marg. *Iere. 42.b.9; Dan. 9.e.18.*
[123] Marg. *Iere. 42.a.2.*
[124] Marg. *2. Re. 20.b.10* (2 Kon. 20:10). Vgl. ook 2 Kon. 19:4.
[125] Marg. *Psal. 141.a.2.* Vgl. OC 32:391 - 392.

van die beloftes na bo dat hulle tog in hulle verslaenheid smekelinge bly. OS 318

## *Beantwoording van vrae in verband met swak gebede (Afdeling 15 - 16)*

### 15. *Gebede wat nie volgens voorskrif van die Woord aangebied is nie maar nogtans deur God verhoor is*

Hieroor word meer as een vraag geopper. Die Skrif vertel immers dat God sekere gebede tog verhoor het hoewel hulle nie uit 'n kalm of bedaarde gemoed gekom het nie. Jotam het wel die inwoners van Sigem om 'n gegronde rede tot die verwoesting vervloek wat later oor hulle gekom het.[126] Hy was egter ontstoke deur 'n gloed van toorn en wraak. Omdat God sy vloek verhoor het, skep dit die indruk dat Hy nogtans ongeordende emosionele drifte goedkeur. 'n Soortgelyke drif het Simson ook beetgepak toe hy gesê het: "Maak my sterk, o God, dat ek my op die onbesnedenes kan wreek".[127] Hoewel daar ook 'n mate van opregte ywer daarmee saamgegaan het, het 'n vuurwarm en daarom sondige begeerte na wraak daarin oorheers. God het hom nogtans verhoor. Daaruit kan ons klaarblyklik tot die gevolgtrekking geraak dat gebede A 315 nogtans resultate behaal al is hulle nie volgens die voorskrifte van die Woord gevorm nie.

My antwoord hierop is dat die reël wat altyd geld, nie deur afsonderlike voorbeelde tot niet gemaak word nie.[128] Verder dat 'n paar mense soms besondere emosionele drifte gegun is as gevolg waarvan daar heeltemal verskillende oorwegings in hulle geval as die gewone mense is. Ons moet trouens op Christus se antwoord let wat Hy aan sy dissipels gegee het toe hulle Elia se voorbeeld wou volg sonder om daaroor na te dink, naamlik dat hulle nie geweet het watter gees hulle gehad het nie.[129] Ons moet egter nog verder gaan, naamlik dat die gebede wat God verhoor, Hom nie altyd behaag nie. So ver dit egter as voorbeeld nodig is, word duidelik bewys wat die Skrif leer, naamlik dat Hy aan die ellendiges hulp verleen en dat Hy die mense wat Hom om sy hulp smeek, se versugtinge verhoor wanneer hulle onregverdig verdruk word. Hy voer daarom sy oordele uit wanneer die klagtes van hulpelose

[126] Marg. *Iudic. 9.c.20.*

[127] Marg. *Iudic. 16.g.28.*

[128] Fr.: + *qui a esté donnée à tous siècles* (Benoit 3:349).

[129] Marg. *Luc. 9.g.55*; vgl. ook vers 56 en OC 45:526; OAV: Maar Hy draai Hom om en bestraf hulle en sê: "Julle weet nie van hoedanige gees julle is nie; want die Seun van die mens het nie gekom om die mense se lewe te verderf nie, maar te red." En hulle het na 'n ander dorp vertrek; NAV: Maar Hy het omgedraai en hulle skerp tereggewys. Daarna het hulle die reis voortgesit na 'n ander dorp toe.

mense na Hom opstyg, hoewel hulle nie verdien om die geringste vergunning te verkry nie. Want hoe dikwels het Hy nie deur die wreedheid, die roof, die geweld, die wellustigheid en ander oortredings van die goddeloses te straf deur hulle wreedheid en hulle woede te bedwing en deur ook die mag van tiranne omver te werp, getuig dat Hy aan diegene wat onregverdig onderdruk word, hulp verleen nie terwyl hulle nogtans deur tot onbekende gode te bid, niks bereik nie. En daar is een psalm wat duidelik leer dat gebede wat nie tot in die hemel deurdring nie, nogtans nie sonder resultaat is nie.[130] In die psalm is tewens die gebede wat nooddruf uit 'n natuurlike gevoel uit ongelowiges eweas uit godvrugtiges pers, versamel, en uit die resultaat daarvan OC 641 toon dit aan dat God hulle tog genadig was. Of is dit dat Hy met so 'n toegeeflikheid getuig dat hulle gebede vir Hom aangenaam is?[131] Nee, dit is eerder om sy barmhartigheid onder hierdie omstandighede nog groter te maak of duidelik te maak dat selfs nie eens ongelowiges se gebede geweier word nie;[132] verder om sy opregte dienaars nog meer aan te spoor om te bid wanneer hulle sien dat die gekerm van onheiliges soms nie sonder voordeel is nie.

Gelowiges het egter geen rede om af te wyk van die reël wat van OS 319 Godsweë op hulle gelê is, of om op ongelowiges jaloers te wees asof hulle groot wins gemaak het wanneer hulle kry wat hulle wou nie. Ons het reeds gesê[133] dat God so deur Agab se geveinsde berou beïnvloed is[134] om so te bewys hoe genaakbaar Hy teenoor sy uitverkorenes is wanneer ware bekering hulle so ver bring om met Hom versoen te word. Daarom kla Hy in die psalm dat[135] die Jode wel sy bereidwilligheid vir hulle gebede ervaar het maar 'n rukkie later weer tot die hardnekkigheid van hulle geaardheid teruggekeer het.[136] Dit blyk ook duidelik uit die geskiedenis van die Rigters. Hoewel die Israeliete se trane vals was so dikwels as wat hulle gehuil het, is hulle nogtans uit die hand van hulle vyande gered. Soos God sy son dus sonder onderskeid oor slegte en goeie mense laat opgaan,[137] so verag Hy ook nie die geween van mense wie se saak regverdig is en wie se teenspoed sy hulp verdien nie.[138] Intussen verhoor Hy hulle net so min tot hulle saligheid as wat Hy aan diegene wat sy goedertierenheid verag, kos voorsien.

[130] Marg. *Psal. 107.* Vgl. Ps. 107:6, 13 en 19 en OC 32:136 - 137.

[131] Fr.: *Or Dieu, en leur ottroyant leurs requestes semblables à hulemens, déclaire-il par telle facilité qu'elles luy soyent agréables* (Benoit 3:350).

[132] Fr.: + *combien qu'il ne leur soit point proprice* (Benoit 3:350).

[133] Vgl. *Inst.* 3.3.25 (Afr. vert. 3:802 - 803).

[134] Marg. *1. Reg. 21.g.39* (*recte*: 1 Kon. 21:29).

[135] Fr.: *d'autant qu'après l'avoir requis en leur affliction avec belle mine...* (Benoit 3:350).

[136] Marg. *Psal. 105* (Vg.). Vgl. Ps. 106:43, 13 en OC 32:133.

[137] Vgl. Matt. 5:45 en OC 45:189.

[138] Fr.: + *combien que leurs coeurs ne soyent point droicts* (Benoit 3:350).

Dit lyk of daar in die geval van Abraham en Samuel 'n moeiliker vraag is. Eersgenoemde het sonder bevel van God vir die Sodomiete[139] en laasgenoemde strydig met die uitdruklike verbod van God vir Saul gebid.[140] Dieselfde is die geval met Jeremia, wat gebid het dat die stad (Jerusalem) nie vernietig moes word nie.[141] Hoewel hulle immers verduur het dat hulle gebed verwerp is, lyk dit tog hard (om te sê) dat hulle sonder geloof was. En tog hoop ek dat die volgende oplossing ingetoë lesers sal bevredig: hoewel hulle gesteun het op die algemene beginsels waarvolgens God ons gebied om medelye te bewys aan mense wat dit nie waardig is nie, was hulle hoegenaamd nie sonder die geloof nie, hoewel hulle in hierdie geval in hulle opvatting teleurgestel is. Iewers sê Augustinus verstandig die volgende: "Hoe bid die heiliges in die geloof só dat hulle iets van God vra wat teen sy besluit indruis? Omdat hulle naamlik volgens sy wil bid - nie sy verborge en onveranderlike wil nie maar sy wil wat hulle besiel sodat Hy hulle op 'n ander manier verhoor soos Hy na sy wysheid onderskei".[142] Raak gestel! Want na sy onbegryplike raadsplan stuur Hy die verloop van dinge so dat die gebede van die heiliges wat terselfdertyd met die geloof en met dwaling verstrengel is, nie verniet is nie. En tog behoort dit geen krag te hê dat ons hulle naboots nie, net so min as wat dit 'n verskoning vir die heiliges is waarvan ek nie ontken dat hulle hulle maat te buite gegaan het nie. Waar daar daarom geen vaste belofte van God bestaan nie, moet ons Hom voorwaardelik om iets vra. Dawid se bekende verklaring het hierop betrekking: "Ontwaak tot die gerig wat U beveel het".[143] Hy waarsku ons OS 320
trouens dat hy deur 'n besondere godspraak onderrig is om 'n tydelike weldaad te vra.[144]

### 16. *Enkele Skrifverwysings wat aandui dat hierdie vier gebedsreëls nie absoluut vereis word nie*

Dit loon ook die moeite om daarop te let dat dit wat ek gesê het in verband met die vier reëls om behoorlik te bid, nie met die grootste strengheid vereis word sodat God die gebede sou verwerp waarin Hy nie OC 642
volmaakte geloof of boetvaardigheid in verbinding met vurige ywer en 'n behoorlik opgestelde versoek vind nie. Hoewel gebed 'n vriendelike

[139] Marg. *Gen. 18.c.23.*

[140] Marg. *1. Sam. c.11* (*recte*: 1 Sam. 15:11).

[141] Marg. *Iere. 32.c.16*; vgl. ook die volgende verse en OC 39:11 e.v.

[142] Marg. *Lib. de civitate Dei 22. cap. 2.* Calvyn gee hier klaarblyklik Augustinus se woorde uit sy geheue weer; sy verwysing stem omtrent ooreen met Augustinus, *De civ. Dei* 22.2.2 (MPL 41:753; CSEL 40,2:584; CCSL 48:807 - 808).

[143] Marg. *Psal. 7.b.7.* Vgl. OC 31:82.

[144] Fr.: + *duquel il n'eust pas autrement esté asseuré* (Benoit 3:351).

gesprek tussen godvrugtiges en God is, het ons gesê[145] dat eerbied en ingetoënheid nogtans daarin bewaar moet word om te verhoed dat ons aan sekere begeertes vrye teuels sou gee en dat ons net soveel sou begeer as wat God ons toelaat. Verder moet ons ons harte na bo verhef om sy majesteit rein en suiwer te eerbiedig om te voorkom dat dit vir ons goedkoop word.[146] Niemand het dit nog ooit met gepaste opregtheid gedoen nie, want - om nie eens van gewone mense te praat nie - hoeveel klagtes van Dawid smaak nie na onmatigheid nie! Nie dat hy hom doelbewus by God wil bekla of dat hy teen sy oordele wil teenstribbel nie, maar omdat hy van swakheid beswyk en nie beter troos kan vind as om sy smarte in God se skoot te lê nie. Ja, God verdra selfs ons gestotter,[147] en Hy vergeef ons ons onkunde telkens wanneer iets onbedagsaams ons ontval. Gevolglik sou ons sonder hierdie genade gewis en seker geen gebedsvryheid gehad het nie. Hoewel Dawid[148] se bedoeling verder was om hom ten volle aan God se wil te onderwerp en hy met net soveel lydsaamheid as ywer gebid het om (sy wens) te verkry, kom daar nogtans oproerige emosies by hom voor, ja, soms borrel dit by hom uit - en dit verskil ver van die eerste reël wat ons neergelê het. Uit die slot van Psalm 39 kan ons veral sien deur watter heftige smart hierdie heilige man meegesleur is, sodat hy vir homself geen maat stel nie. Hy A 316
sê: "Wend U van my af weg totdat ek heengaan en nie meer daar is nie".[149] Jy sou kon sê dat die man moedverlore is en slegs vra dat God sy hand van hom moet wegneem sodat hy in sy eie ellende kan vergaan. Nie dat hy met 'n vertwyfelde gemoed in daardie onmatigheid instorm of, soos verworpenes gewoonlik doen, wil hê dat God ver van hom af moet wees nie, maar hy kla slegs dat God se toorn vir hom ondraaglik is. In sulke versoekings kom daar dikwels bedes voor wat nie goed genoeg volgens die reël van God se Woord gevorm is nie en waarin die heiliges nie genoegsaam oorweeg wat geoorloof en tot hulle voordeel is nie. Alle gebede wat met hierdie gebreke bevlek is, verdien wel om verwerp te word. God vergewe die heiliges nogtans as hulle maar net versugtinge slaak, hulleself teregwys en dadelik tot inkeer kom.

Net so sondig hulle ook ten opsigte van die tweede reël.[150] Hulle moet tewens dikwels teen hulle afsydigheid stry, en hulle hulpeloosheid en OS 321

[145] Vgl. *Inst.* 3.20.5 (Afr. vert. 3:1082 - 1084) hierbo.

[146] Fr.: *afin qu'estans desveloppez du monde* (Benoit 3:351).

[147] Vgl. Calvyn se *Com. in Ps.* 5:5 (OC 31:67): *Est quidem velut abrupta oratio, ut sancti precando saepe balbutiunt: verum haec balbuties Deo gratior est quam omnes quantumvis nitidae ac splendidae rhetorum figurae* - aangesien die heiliges dikwels in hulle gebed stotter, is dit wel soos 'n onderbroke gebed, maar hierdie gestotter is vir God aangenamer as al die blinkende en skitterende stylfigure van redenaars.

[148] A: *falso Danieli.*

[149] Vgl. Ps. 39:14 en OC 31:404 - 405; OAV: voordat.

[150] Vgl. *Inst.* 3.20.6 (Afr. vert. 3:1084 - 1087) hierbo.

ellende prikkel hulle nie genoeg om ernstig te bid nie. Dit gebeur dikwels dat hulle gedagtes reeds afdwaal en amper verdwyn. Ons het dus ook in hierdie opsig vergiffenis nodig om te verhoed dat ons onverskillige of verminkte of onderbroke of dwalende gebede verwerping ly. God het dit van nature aan die gedagtes van die mens gegun dat hulle gebede nie opreg is nie tensy hulle hulle gedagtes na bo verhef. Soos ons reeds vroeër gesê het,[151] ontstaan hieruit die seremonie van handeopheffing wat in alle eeue en onder alle volke in swang was en vandag nog van krag is.[152] Maar hoeveel is daar nie wat bewus is van hulle afsydigheid wanneer hulle hulle hande ophef, omdat hulle harte nog op die aarde bly vassteek nie?

Hoewel geeneen van die gelowiges die afdeling in verband met die bede vir sondevergiffenis agterweë laat nie, voel die wat waarlik in die OC 643
gebedslewe geoefen is, dat hulle nouliks 'n tiende van die offer bring waarvan Dawid praat. Hy sê: "'n Gebroke gees is vir God 'n welgevallige offer; o God, U sal 'n verbryselde en vernederde hart nie verag nie".[153] So moet gelowiges altyd dubbel vergiffenis vra, want enersyds is hulle diep bewus van hulle menigvuldige oortredings, hoewel hulle dit nie so erg aanvoel dat hulle soveel mishae in hulleself het as wat hulle behoort te hê nie.[154] Andersyds moet hulle, in soverre dit hulle gegun is om uit boetvaardigheid en die vrees vir God voordeel te behaal, deur gegronde smart vanweë hulle oortredings verslae wees en bid dat die toorn van die Regter van hulle afgekeer mag word.

Dit is veral die swakheid of onvolmaaktheid van hulle geloof wat gelowiges se gebede gebrekkig maak, tensy God se toegeeflikheid hulle te hulp kom. Dit is egter nie verbasend dat God hierdie gebrek vergewe nie, omdat Hy diegene wat aan Hom behoort, dikwels met harde teregwysings beproef[155] net asof Hy hulle geloof doelbewus wil uitdoof. Die volgende is die bitterste versoeking wanneer gelowiges gedwing word om uit te roep: "Hoe lank nog sal U U vertoorn oor die gebed van u dienskneg?"[156] Dit is asof hulle gebede self God se toorn vererger.

[151] Vgl. *Inst.* 3.20.5 (Afr. vert. 3:1082 - 1084) hierbo.

[152] Vgl. *Inst.* 3.20.5 (Afr. vert. 3:1082 - 1084) hierbo en 3.20.29 (Afr. vert. 3:1124 - 1127) hieronder asook Calvyn se *Com. in Ps.* 63:4 (OC 31:596): *Secunda parte versus per elevationem manuum vota et preces intellegit ac si diceret se non modo gratias acturum, sed sumpturum quoque fiduciam precandi, et ita in Dei invocatione assiduum fore ... Quidam levare manus in nomine Dei referunt ad plausum. Alii tantundem valere putant ac si diceret David, se fretum Dei auxilio intrepide congressurum cum hostibus.* Vgl. ook sy *Com. in Acta Apost.* 20:36 (OC 48:474 e.v.); *Com. in ep. ad Tim.* 2:8 (OC 52:273). In die vroeë Christendom was dit algemeen gebruiklik om albei hande tydens gebed op te hef, en dit is ook in die kloosterlewe en as deel van boetvaardigheidsbetoon in die vroeë kerk gedoen. Vgl. Konsilie van Trente, Sessie 23, *Sacramentum ordin.* hfst. 3 (Mansi 33:138; RPTK 5:502 e.v., 20:99 e.v.).

[153] Marg. *Psal. 51.d.19.* Vgl. OC 31:522 - 523.

[154] Fr.: + *ils supplient que telle tardiveté ne vienne point en conte au iugement de Dieu* (Benoit 3:353).

[155] Fr.: + *et leur livre des alarmes si rudes* (Benoit 3:353).

[156] Marg. *Psal. 80.a.5*; vgl. OC 31:755.

Jeremia sê byvoorbeeld: "God het my gebed uitgesluit".[157] Hy was ongetwyfeld deur geweldige emosionele ontsteltenis getref.

Daar kom ontelbare dergelike voorbeelde in die Skrif voor waaruit dit duidelik blyk dat die heiliges se geloof dikwels hand aan hand gegaan het met vertwyfelings en dat dit oproerig was, sodat hulle in hulle geloof en hoop tog 'n mate van ongeloof verraai het. Omdat hulle egter nie bereik wat hulle begeer nie, moet hulle hulle des te meer inspan om hulle gebreke reg te maak en dag vir dag nader te kom aan die vervolmaking van die gebedsreël, en intussen moet hulle voel in hoe 'n diepte van ellendes hulle gedompel is terwyl hulle hulle juis in die genesing daarvan nuwe kwale op die hals haal. Want daar is nie 'n gebed waarin God nie na regte 'n afkeer het behalwe as Hy sy oë sluit vir die vlekke waarmee al ons gebede besmet is nie. Ek sê dit nie sodat gelowiges hulle onbekommerd iets moet kwytskeld nie maar sodat hulle hulle daarop kan toespits om hierdie struikelblok te bowe te kom OS 322
deur hulleself streng te tug. En hoewel die Satan poog om hindernisse op al die paaie te plaas om hulle van hulle gebed te weerhou, moet hulle dit nogtans deurbreek en vas oortuig wees dat, al sou hulle nie van alles wat hulle kan terughou, vry wees nie, hulle pogings God nogtans behaag en dat hulle bedes goedgekeur word mits hulle hulle daarop toespits en hulle vir die doel inspan, al geluk dit hulle nie dadelik nie.

*Die tussentrede van Christus (Afdeling 17 - 20)*

## 17. *Christus is as Middelaar aan ons gegee*

Omdat geen mens inderdaad waardig is om homself voor God te verteenwoordig en voor sy aangesig te verskyn nie, het ons hemelse Vader, om ons tegelyk van skaamte en vrees te vrywaar omdat dit ons almal moedeloos moes laat, sy Seun Jesus Christus, ons Here, aan ons geskenk om ons Voorspraak[158] en Middelaar[159] te wees. Wanneer Hy ons lei, kan ons onbesorg tot God nader, en as ons op so 'n tussenganger vertrou, sal niks wat ons in sy Naam bid, ons geweier word nie, net soos niks Hom deur die Vader geweier kan word nie.[160]

Alles wat ons vantevore in verband met die geloof geleer het, moet ook hierop van toepassing gemaak word. Soos die belofte Christus immers as

[157] Marg. *Thren. 3.a.8* (Klaaglied 3:8). NAV: Hy weier om my gebed te verhoor.

[158] Marg. *1. Iohan. 2.a.1.* Vgl. OC 55:308 - 310.

[159] Marg. *1. Tim. 2.b.5*; 1536 - 1554: + Marg. *Hebr. 8.b.6, et. 9.d.15.* Vgl. OC 55:99, 112.

[160] Vgl. Calvyn se *Sermon sur l'Harmonie évang.* Luk. 1:5 - 10 (OC 46:24): *Ainsi apprenons, quand nous désirerons d'estre approuvez de Dieu comme ses enfans, de ne venir point en nostre nom. Car ce seroit par trop présumer, mais d'y venir comme membres de nostre Seigneur Iesus Christ, voire estans entez par foy en son corps, d'autant qu'il a voulu avoir ceste conionction avec nous.*

Middelaar by ons aanprys, so beroof dit ons ook van die seën om te bid indien die hoop om (deur die gebed) te verkry nie op Hom steun nie. Sodra die verskriklike majesteit van God trouens in ons gedagtes opkom, kan ons nie anders as vreesbevange word nie, en die erkenning van ons eie onwaardigheid dryf ons ver weg totdat Christus tussenbeide tree om OC 644
sy troon van skrikwekkende heerlikheid in 'n troon van genade te verander. So leer 'n apostel ook wanneer hy sê dat ons kan waag om met volle vertroue voor Hom te verskyn om sy barmhartigheid te verkry en genade op die regte tyd te vind.[161] En soos daar 'n reël neergelê is in verband met die aanroeping van God, en soos die belofte ook aan ons gegee is dat die wat Hom aanroep, verhoor sal word, so word ons besonderlik opgedra om Hom in Christus se Naam aan te roep. Daarby het ons ook die belofte wat aan ons voorgehou is, naamlik dat ons dit wat ons in sy Naam vra, sal verkry. Hy sê: "Tot nou toe het julle niks in my Naam gevra nie. Bid, en julle sal ontvang"; "Op dié dag sal julle in my Naam vra. En wat julle ook al vra, sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word".[162] Hieruit is dit onteenseglik duidelik dat diegene wat God in 'n ander naam as Christus s'n aanroep, sy opdragte weerbarstig oortree en sy wil van geen waarde ag nie en dat hulle geen belofte het dat hulle enigiets sal verkry nie. Soos Paulus sê: "Al die beloftes van God is in Christus ja en amen".[163] Dit beteken dat al die beloftes in Hom bekragtig en vervul word.

## 18. *Die verheerlikte Christus is ons enigste Voorspraak* A 317

En ons moet noukeurig let op die omstandighede van die tyd waarop Christus sy dissipels beveel het om hulle toevlug tot sy tussentrede te neem nadat Hy in die hemel opgevaar het. Hy sê: "In daardie uur sal jul- OS 323
le in my Naam vra".[164] Dit staan in elk geval vas dat van die begin af niemand se gebede verhoor is nie behalwe deur die genade van die Middelaar. Om hierdie rede het God in die wet bepaal dat slegs die priester die heiligdom mag betree, die name van die stamme van Israel op sy skouers mag dra en net soveel kosbare stene voor sy bors.[165] Die volk moes egter ver weg in die voorhof staan en vandaar hulle gebede by die van die priester aansluit. Ja, die offer het selfs gegeld om hulle gebede te bekragtig en te verstewig. Daardie afgeskadude[166] seremonie

[161] Marg. *Hebr. 4.d.16.*
[162] Marg. *Iohan. 14.b.13, & 16.e.24.* Vgl. OC 47:327, 369.
[163] Marg. *2. Cor. 1.d.20.* Vgl. OC 49:22 e.v.
[164] Marg. *Iohan. 16.d.26.*
[165] Marg. *Exod. 28.b.9, & 12.d.21* (*recte*: Eks. 28:9, 10, 12, 21).
[166] *Umbratilis.* Vgl. *Inst.* 2.7.1, 16; 2.8.28; 2.9.2, 4; 2.11.2 - 6 (Afr. vert. 2:476 - 478, 495 - 496; 530; 565 - 568, 597 - 603).

van die wet het ons derhalwe geleer dat ons almal van die aangesig van God af weggekeer word en dat ons daarom 'n Middelaar nodig het om in ons naam te verskyn, ons op sy skouers te dra en ons vasgemaak aan sy bors te hou sodat ons in sy Persoon aangehoor kan word; verder dat ons gebede deur die besprinkeling van sy bloed gereinig word omdat hulle, soos ons gesê het, andersins nooit sonder onreinheid sal wees nie. En ons sien dat wanneer die heiliges iets (van God) wou kry, hulle hulle hoop op offers gevestig het omdat hulle geweet het dat dit die bekragtiging van alle gebede was. Hy sê: "Mag Hy dink aan u spysoffer en mag Hy u brandoffers vet maak".[167] Hieruit kan ons die afleiding maak dat God van die begin af deur Christus se voorbidding versoen is om godvrugtiges se gebede aan te neem.

Waarom wys Christus dan[168] 'n nuwe uur aan waarop die dissipels in sy Naam sal begin bid? Omdat hierdie genade vandag vir ons duideliker is en daarom meer lof by ons verdien. Dit is ook in hierdie betekenis dat Hy 'n rukkie tevore gesê het: "Tot nou toe het julle niks in my Naam gevra nie: bid".[169] Nie dat hulle hoegenaamd niks van sy amp as Middelaar geweet het nie - die Jode was immers almal met die grondbeginsels hiervan deurtrek - maar omdat hulle nog nie duidelik geweet het dat Christus deur sy hemelvaart 'n sekerder pleitbesorger as tevore vir die kerk sou wees nie. Om hulle dus vir die smart van sy afwesigheid met 'n ongewone vrug te vertroos, eis Hy vir Hom die amp van Voorspraak op OC 645 en Hy leer dat hulle tot nog toe sonder hierdie uitsonderlike weldaad was. Hulle sal hierdie vrug egter eers geniet wanneer hulle op sy voorspraak steun en God met groter vrymoedigheid aanroep. 'n Apostel sê byvoorbeeld dat dit 'n nuwe weg is wat deur sy bloed gewy is.[170] Daarom is ons kwaad des te minder verskoonbaar as ons nie so 'n onskatbare weldaad wat besonderlik vir ons bestem is, soos die spreekwoord lui, met albei hande aangryp nie.

## 19. *Buite Christus kan daar geen ander Middelaar wees nie*

Aangesien Hy verder die enigste weg is en die enigste toegang waardeur toetrede tot God aan ons gegee word,[171] is daar vir mense wat van hierdie weg afwyk en hierdie toegang verlaat, geen weg en geen toegang tot God oor nie. Voor sy troon is daar vir hulle niks anders as sy toorn, oordeel en verskrikking oor nie. Aangesien die Vader Hom voorts vir ons OS 324

[167] 1561: + Marg. *Psal. 20.a.4.* Vgl. OC 31:209.
[168] Fr.: + *afin de revenir au propos cy dessus entamé* (Benoit 3:355).
[169] Vgl. Joh. 16:24.
[170] Marg. *Hebr. 10.d.20.*
[171] 1536 - 1554: + Marg. *Ioan. 14.a.6.*

as Hoof[172] en Leier[173] beseël het,[174] poog diegene wat op enige manier van Hom afwyk of hulle van Hom af wegdraai, om die teken wat deur God afgestempel is, sover dit binne hulle vermoë is, uit te wis en te vermink. So word Christus as enigste Middelaar gestel om die Vader deur sy voorbidding vir ons genadig en genaakbaar te maak. Intussen behou die heiliges nogtans die voorbedes waarmee die een die ander se heil wedersyds aan God opdra en waarvan die apostel melding maak,[175] maar dan sulke voorbedes wat van daardie enige voorbidding (van Christus) afhang. So ver is dit daarvan verwyder dat hulle enige afbreuk aan sy voorbidding kan doen. Want soos hierdie voorbedes uit 'n gevoel van liefde opborrel sodat ons mekaar oor en weer as lede van een liggaam omhels, so word hulle ook op die eenheid van die Hoof betrek. Wanneer sulke voorbedes ook in Christus se Naam gedoen word, wat getuig hulle dan anders as dat niemand deur enige voorbede hoegenaamd gehelp kan word tensy Christus tussenbeide tree nie? En soos Christus deur sy voorbidding nie verhinder dat ons in die kerk met ons gebede die een vir die ander wedersyds voorbidding doen nie, so moet dit onwrikbaar vas bly staan dat al die voorbedes van die hele kerk op daardie enige voorbidding gerig moet word. Ja, ons moet om hierdie rede veral teen ondankbaarheid waak omdat God ons onwaardigheid vergewe en elkeen nie alleen toelaat om vir homself te bid nie maar ook dat die een vir die ander bid. Want wanneer God mense as voorbidders vir sy kerk aangestel het wat tereg verdien om verwerp te word, watter hooghartigheid sou dit nie wees as elkeen persoonlik vir homself sou bid om hierdie vryheid te misbruik om Christus se eer te verduister nie?

## 20. *'n Weerlegging van die Sofiste se opvatting dat Christus slegs Middelaar tot verlossing is*

Verder is die geklets van die Sofiste dat Christus Middelaar van ons verlossing maar die gelowiges middelaars van ons voorbidding is, loutere onsin.[176] Net asof Christus 'n tydelike middelaarskap vervul het en die ewige middelaarskap wat nooit sal sterf nie, op sy diensknegte afgeskuif het! Natuurlik behandel hulle Hom sagkens wanneer hulle slegs 'n klein deeltjie van sy eer wegsny! En tog praat die Skrif heeltemal anders, en 'n godvrugtige mens behoort daardie bedrieërs buite rekening te laat en slegs met die eenvoud van die Skrif tevrede te wees. Want wanneer Johannes sê dat as iemand sondig, ons 'n Voorspraak by die

[172] Vgl. 1 Kor. 11:3; Ef. 1:22; 4:15; 5:23; Kol. 1:18.
[173] Vgl. Joh. 6:27.
[174] 1536 - 1550: + Marg. *Ioan. 6* (:27).
[175] Marg. *1. Tim. 2.a.1.* Vgl. OC 52:265.
[176] Vgl. Eck, *Ench.* 15 G2a; G3b.

Vader het, naamlik Jesus Christus,[177] verstaan hy daaronder dat Christus net een keer ons Voorspraak was en skryf hy nie eerder aan Hom voortgesette tussentrede toe nie? Wat daarvan dat Paulus verklaar dat Hy aan die regterhand van die Vader sit en ook vir ons intree?[178] Wanneer hy OC 646 Hom trouens elders die enige Middelaar tussen God en die mense noem,[179] het hy dan nie gebede in die oog waarvan hy 'n rukkie tevore melding gemaak het nie?[180] Want nadat hy vooraf gesê het dat daar vir alle mense tussenbeide getree moet word, voeg hy weldra ter bevestiging van sy verklaring by dat daar een God is van almal en een OS 325 Middelaar.[181]

Augustinus vertolk dit nie anders as ons nie wanneer hy sê: "Christene dra mekaar in hulle gebede (aan God) op. Hy vir wie niemand egter intree nie maar Hy vir almal, Hy is die enigste en ware Middelaar. A 318 Hoewel die apostel Paulus 'n belangrike lid onder die Hoof was, omdat hy nogtans 'n lid van die liggaam van Christus was en hy geweet het dat die hoogste en waaragtigste Priester van die kerk nie figuurlik in die binneste van die voorhangsel tot die allerheiligste toegetree het nie maar deur die uitdruklike en vaste waarheid in die binneste van die hemel tot 'n heiligheid wat nie denkbeeldig is nie maar ewig, dra hy homself ook in die gebede van die gelowiges (aan God) op.[182] Hy maak hom egter nie middelaar tussen die volk en God nie, maar hy vra dat al die lede van Christus se liggaam vir mekaar moet bid omdat die lede oor mekaar bekommerd is, en as een lid ly, ly al die ander lede saam.[183] En die wedersydse gebede van al die lede wat nog op aarde swoeg, gaan op na hulle Hoof wat hulle vooruitgegaan het in die hemel en in wie daar versoening vir ons sondes is. Want as Paulus middelaar was, sou al die ander apostels dit in elk geval ook gewees het, en so sou daar baie middelaars gewees het. Paulus se rede daarvoor sou ook nie stand kon hou nie. Hy sê: 'Want daar is een God en een Middelaar van God en die mense, die mens Christus,[184] in wie ons ook een is[185] as ons die eenheid van die geloof in die band van vrede bewaar'".[186] Elders sê hy ook: "Maar as jy waarlik na 'n Priester soek: Hy is in die hemel daarbo waar Hy vir jou intree, Hy wat op die aarde vir jou gesterf het".[187]

[177] Marg. *1. Iohan. 2.a.1.*
[178] Marg. *Rom. 8.g.32* (*recte*: Rom. 8:34); vgl. OC 49:163 e.v.
[179] Marg. *1. Tim. 2.b.5.*
[180] Vgl. 1 Tim. 2:1 e.v.
[181] Fr. 1541 e.v.: + *pour donner approche à tous hommes envers luy* (Benoit 3:357).
[182] Marg. *Rom. 15.g.30; Ephes. 6.d.19; Coloss. 4.a.3.* Vgl. OC 49:282; 52:127.
[183] Marg. *1. Cor. 12.d.25.* Vgl. ook vers 24 en 26.
[184] Vgl. 1 Tim. 2:5.
[185] 1553 - 1554: + Marg. *Rom. 12.b.5.*
[186] Marg. *Ephes. 4.a.3. Lib. contra Parmeni, 2. cap. 8.* Die verwysing volg na die Rom. 15 verwysing hierbo; vgl. ook Augustinus, *Contra ep. Parmeniani* 2.8.16 (MPL 43:60).
[187] Marg. *In Psal. 94.* Vgl. Augustinus, *In Ps.* 94.6 (MPL 37:1220 e.v.; CCSL 39:1335).

Ons droom egter nie dat Hy voor die knieë van sy Vader uitgestrek smekend vir ons bid nie, maar ons verstaan daaronder saam met die apostel dat Hy so voor die aangesig van God verskyn dat die krag van sy sterwe as ewige tussentrede vir ons geld - egter op so 'n manier dat nadat Hy tot die heiligdom van die hemel toegetree het, Hy alleen die gebede van die volk wat ver weg in die voorhof staan, na God toe bring.

## *'n Weerlegging van die Roomse standpunt dat heiliges as tussengangers tussen God en die mens kan optree (Afdeling 21 - 27)*

### 21. *Mense wat op heiliges vertrou, ontneem Christus die eer as Middelaar*

Sover dit die heiliges aangaan - die wat na die vlees gesterf het en in Christus leef - as ons enige gebed aan hulle toevertrou, moet ons nie droom dat hulle 'n ander weg het om God aan te roep as Christus, wat al- OS 326
leen die weg is,[188] of dat hulle gebede in 'n ander naam vir God aanneemlik is nie. Die Skrif roep ons trouens van alle ander wesens af na Christus alleen terug, en dit is ook ons hemelse Vader se wil dat alles in Hom saamtrek.[189] Dit sou gevolglik 'n teken van uiterste stompsinnigheid wees - om nie eens van waansinnigheid te praat nie - as ons wil probeer om so deur hulle toegang tot Hom te verkry dat ons van Hom af weggelei word sonder wie hulle ook geen toegang tot Hom het nie. Maar wie sou ontken dat dit enkele eeue lank gedoen is en dat dit vandag nog steeds gedoen word oral waar die pousdom in swang is? Hulle hou gedurig die heiliges se verdienstes voor om God se guns te verkry, en hulle laat Christus meesal buite rekening en roep God in die heiliges se naam aan. Nou vra ek jou: beteken dit dan nie om die amp van enigste tussenganger wat, soos ons hierbo verklaar het, Christus toekom, aan hulle oor te dra nie?

Watter engel of gees het ooit 'n enkele lettergreep van die soort tussengang van heiliges wat hulle versin, aan enige mens bekend gemaak? Daar is immers niks daarvan in die Skrif nie. Watter rede het hulle dan gehad om so 'n versinsel te skep? Wanneer die mens se vernuf so na hulpmiddels vir homself soek omdat die Woord van God hom nie daarmee bewapen nie, kom sy ongeloof dagklaar aan die lig. Maar as ons ons beroep op die gewetens van al die mense wat 'n behae skep uit die tussengang van heiliges, sal ons vind dat dit slegs plaasvind omdat hulle onder angs gebuk gaan asof Christus nie hiervoor opgewasse is nie of dat Hy uitermatig streng sal wees. Ten eerste doen hulle Christus met

[188] Vgl. Joh. 14:6.
[189] 1536: + Marg. *Coloss. 1(:20); Ephes, 1(:10).*

hierdie verleentheid 'n oneer aan en beroof Hom van sy titel as enigste Middelaar. Aangesien dit as uitsonderlike voorreg deur die Vader aan Hom gegee is, behoort dit op niemand anders oorgedra te word nie. En hierdeur verduister hulle die heerlikheid van sy geboorte en maak sy kruis tot niet. Kortom: in alles wat Hy gedoen of gely het, ontneem en beroof hulle Hom sy lof, want al hierdie dinge het die strekking dat net Hy die Middelaar is en as sodanig geag moet word. Tegelyk verwerp hulle die goedertierenheid van God wat Homself as Vader aan hulle geopenbaar het. Hy is immers nie hulle Vader as hulle Christus nie as hulle Broer erken nie.[190] Hulle ontken dit openlik as hulle nie dink dat Hy hulle met broederlike toegeneentheid bejeën nie, en daar is niks sagter en teerder as dit nie. Daarom bied die Skrif Hom alleen vir ons aan, stuur ons na Hom alleen en laat ons in Hom alleen bestaan. Ambrosius sê: "Hy is ons mond deur wie ons met die Vader praat;[191] Hy is ons oog waardeur ons die Vader sien; Hy is ons regterhand waardeur ons ons vir die Vader aanbied. As Hy nie vir ons intree nie, het nòg ons nòg al die heiliges enige omgang met God".[192]

As hulle hierteen die beswaar opper dat al die openbare gebede wat OS 327
hulle in hulle kerke voordra, met hierdie byvoeging afgesluit word: "Deur Christus ons Here", is dit maar 'n swak uitvlug.[193] Christus se tussentrede word tewens net soveel ontheilig wanneer dit met die gebede en verdienstes van die heiliges vermeng word as wanneer dit volkome buite rekening gelaat word en slegs van dooies melding gemaak word. Verder word daar in al hulle litanieë, in al hulle gesange en hulle refreine[194] waarin al die eer aan afgestorwe heiliges gebring word, geen melding van Christus gemaak nie.

## 22. *Verwerping van die Roomse eerbiedsbetoon vir heiliges*[195]

Hierdie dwaasheid het egter sover gevorder dat ons hierin 'n uitdruklike ingesteldheid tot bygeloof aantref, en dit is iets wat gewoonlik as dit eers eenmaal sy toom van hom afgeskud het, geen einde aan losbandigheid stel nie. Nadat mense trouens begin het om hulle met die tussentrede

[190] Vgl. afd. 36 (Afr. vert. 3:1133) hieronder.

[191] Vgl. Calvyn se preek oor Luk. 1:5 - 10: *quand nous voudrons prier, et que nous desirerons que Dieu aussi nous exauce, que ce ne soit point en nostre nom, mais que nous bastissions tellement nos prieres, que nous sachions que Iesus Christ est comme nostre bouche, et que ce soit luy qui porte la parole à Dieu son Pere, comme c'est par son moyen que nous avons entree au Royaume des cieux* (OC 46:24).

[192] Marg. *Lib. de Isaac & anima*. Vgl. Ambrosius, *De Isaac et anima*, 8.75 (MPL 14:530; CSEL 32:694).

[193] Vgl. Eck, *Ench.* 14. fo. 49b n.a.v. Rom. 15:30.

[194] *Prosis*: dit is die verse wat tydens die Roomse diens gesing of voorgedra word. Vgl. NCE 1:631 (Antiphon); 8:531 - 532.

[195] Bellarminus behandel die onderwerp van relikwieë en beelde van die heiliges met hulle eerbetoon in 'n uitgebreide uiteensetting in sy *Controversiae* (2,2:677 - 828).

van heiliges te bemoei, is geleidelik aan elkeen 'n eie funksie toegeken sodat nou een en dan weer 'n ander tussenganger aangeroep kon word namate sake van mekaar verskil het. Daarop het die mense vir hulleself besondere beskermgode gekies onder wie se beskerming hulle hulle OC 648 geplaas het. Nie alleen is gode volgens die getal van die stede opgerig nie - iets waarvoor die profeet Israel eertyds tereggewys het[196] - maar ook volgens die menigte van hulle hoofde.[197] Aangesien die heiliges al hulle gebede egter slegs op God se wil rig, hulle oë daarop vestig en daarin berusting vind, dink iemand wat aan hulle 'n ander soort gebed opdra as een waarin hulle moet bid dat God se koninkryk moet kom, dat hulle dwaas en vleeslik is, ja, selfs met minagting oor hulle iets wat heeltemal A 319 verskil van dit wat hulle vir die heiliges versin, naamlik dat elkeen van hulle sy aanbidders met persoonlike toegeneentheid meer sou bevoordeel.[198]

Ten slotte is daar baie mense wat hulle nie van die verskriklike heiligskennis weerhou om die heiliges nie alleen as medehelpers vir hulle saligheid aan te roep nie maar as beslissers daarvan. Kyk net waarin arme mense verval wanneer hulle van hulle regte wagpos, dit is die Woord van God, af wegdwaal!

Ek laat die growwer gedrogte van hulle goddeloosheid maar agterweë. Hoewel hulle[199] hierin vir God, engele en mense afstootlik is, het hulle nogtans nog nie skaamte of verdriet hieroor nie. Hulle val nog voor die standbeeld van 'n Barbara,[200] 'n Katarina[201] of dergelike heiliges neer[202] en prewel daar die Onse Vader. Maar verre sy dit daarvan dat hulle herders hulle daaroor bekommer om dit reg te stel of aan bande te lê. Aangelok deur die reuk van eie gewin, keur hulle dit eerder met toejuiging goed! Sou hulle dan nog die blaam vir so 'n afstootlike oortreding van hulle af op ander afskuif[203]: onder watter voorwendsel sal hulle dit dan verdedig dat Eligius[204] of Medardus[205] aangeroep word om uit die hemel na hulle slawe om te sien en hulle te help; dat hulle die heilige maagd versoek om haar Seun te beveel om te doen wat hulle vra? In die Konsilie van Karthago is eertyds 'n verbod daarop geplaas dat 'n

196 Marg. *Iere. 2.f.28, & 11.c.13.* Vgl. OC 37:529 - 531; 38:112 - 113.

197 Fr. + *d'autant qu'un chacun a eu le sien* (Benoit 3:359).

198 Vgl. Io. Faber, *De intercessione Sanctorum adv. Io. Oecolampadium* 1537, 2: fo. c 1b - f; 4a e1a.

199 Fr. + *les Papistes* (Benoit 3:359, n.6).

200 Haar feesdag het op 4 Desember geval; vgl. NCE 2:86.

201 Daar was drie heiliges met die naam Catharina, naamlik van Alexandrië (*ca.* 300 n.C.); Bologne (1413 - 1463); en Genua (1447 - 1510). Vgl. CE 2:122; NCE 3:253 - 255.

202 Fr. + *forgez à leur poste* (Benoit 3:360).

203 Fr. 1560: + *d'autant qu'il ne se commet point en leurs messes ny en leurs vespres* (Benoit 3:360).

204 Eligius: St. Loy (*ca.* 590 - 660); sy feesdag was 1 Desember; vgl. CE 2:584.

205 Medard (gesterf in 557) was 'n heilige met drie feesdae, naamlik 8 Junie, 9 September en 1 Oktober waarvan een die fees van die rose was. Albei hierdie heiliges is in Noyon, Calvyn se geboortestad, vereer. Vgl. NCE 5:274; 9:549 en CE 2:584.

gebed by die altaar regstreeks aan die heiliges gerig mag word.[206] En dit is waarskynlik dat heilige manne (by hierdie Konsilie), hoewel hulle nie in staat was om die aanslag van hierdie slegte gewoonte heeltemal aan bande te lê nie, ten minste hierdie matigheid aan die dag gelê het dat openbare gebede nie met die formule: "Heilige Petrus, bid vir ons" geskend mag word nie.[207] Hoeveel verder het die duiwelse onbeskaamdheid van mense wat nie aarsel om iets wat aan God en Christus alleen behoort het, op dooies oor te dra, dan nie gevorder nie?

### 23. *Die Roomse leer in verband met eerbiedsbetoon vir die heiliges berus op verkeerde Skrifuitleg*

Dat hulle hulle verder inspan om te bewys dat hierdie soort tussentrede op Skrifgesag steun - daarin vermoei hulle hulle tevergeefs. Hulle sê: Ons lees alte dikwels van engele se gebede en nie alleen dit nie, maar daar word ook gesê dat gelowiges se gebede deur die engele se hande voor God se aangesig gebring word.[208] Maar as hulle engele met heiliges wat reeds in hierdie lewe gesterf het, wil vergelyk, moet hulle bewys dat hulle dienende geeste is, aan wie die taak opgedra is om vir ons saligheid te sorg,[209] aan wie die taak opgedra is om ons op al ons weë te bewaak,[210] ons te omring,[211] ons te vermaan, te troos en oor ons wag te hou. Al hierdie take word wel aan die engele toegeskryf maar glad nie aan die heiliges nie. Uit soveel uiteenlopende ampte waarmee die Skrif die een van die ander onderskei, blyk meer as genoeg hoe voorbarig hulle die afgestorwe heiliges met die engele verwar. Niemand sal waag om die rol van 'n advokaat voor 'n aardse regter te speel tensy hy toegelaat is om dit te doen nie. Waarvandaan kry wurms dan so 'n vrypas[212] om aan God beskermhere op te dring van wie ons nie lees dat so 'n taak hulle opgelê is nie? Dit was God se wil om engele aan te wys vir die versorging van ons saligheid. Daarom woon hulle ook heilige OC 649
vergaderings by en die kerk is vir hulle soos 'n skouburg waarin hulle die verskeidenheid en menigvuldigheid van God se wysheid waarneem.[213] Mense wat iets wat aan die engele eie is, op ander oordra,

[206] Vgl. die derde konsilie van Kartago [397] kanon 23: *Semper ad Patrem dirigatur oratio*: 'n gebed moet altyd tot die Vader gerig word; vgl. Mansi 3:884; Augustinus, *De civ. Dei* 8.27.1; 22.10 (MPL 41:255, 772; CCSL 48:828); *Contra Faust.* 20.21 (MPL 42:384 e.v.).

[207] Fr. 1560: *c'est que les prières publiques ne fussent pas infectées des folles dévotions que les bigots avoyent introduites, comme de dire: Sancta Maria, ou Sancte Petre, ora pro nobis* (Benoit 3:360).

[208] Vgl. Eck, *Ench.* 15, F8a; De Castro, *Adv. Haer.* fo. 196F.

[209] Marg. *Heb. 1.d.14.* Vgl. OC 55:19.

[210] Marg. *Psal. 91.b.11*. Vgl. OC 32:5 - 6.

[211] Marg. *Psal. 34.b.8.* Vgl. ook vers 7 en OC 31:338 - 339.

[212] Fr. 1560: + *à ces vers ou crapaux* (Benoit 3:361).

[213] Vgl. Ef. 3:10.

vernietig en krap die orde deurmekaar wat deur God geskep is en wat onskendbaar behoort te wees.

Hulle gaan met dieselfde vaardigheid verder om ander getuienis aan te haal. God het vir Jeremia gesê: "Al het Moses en Samuel voor my gepleit, het Ek geen gevoel vir hierdie volk nie".[214] Nou sê hulle: "Hoe sou Hy so van dooies kon gepraat het as Hy nie geweet het dat hulle vir lewendige mense kan intree nie?"[215] OS 329

Aangesien dit hieruit duidelik blyk dat nòg Moses nòg Samuel hier vir die Israeliete voorbidding gedoen het, lei ek daarenteen af dat hier hoegenaamd geen tussentrede van dooies was nie. Watter een van die heiliges moet ons glo sal hom oor die welvaart van die Israeliete bekommer as Moses dit nie gedoen het nie. Hy het tydens sy lewe immers almal in hierdie opsig ver oortref. As hulle dus hierdie onsinnige redenasie voortsit dat dooies vir lewendes voorbidding doen omdat die Here gesê het: "As hulle sou gepleit het", sal ek met groter waarskynlikheid soos volg kon redeneer: "In die uiterste nood van sy volk het Moses nie vir hulle voorbidding gedoen nie, want daar staan geskrywe: 'As hy sou pleit'". Gevolglik is dit waarskynlik dat niemand anders voorbidding kan doen nie, aangesien almal ver van Moses se vriendelikheid, goedheid en vaderlike besorgdheid af verwyderd is.[216] Met hulle drogredenasies bereik hulle natuurlik maar net dat hulle met dieselfde wapens gewond word as waarmee hulle gedink het dat hulle hulle pragtig verskans.

Maar dit is waarlik baie belaglik om 'n eenvoudige stelling so te verdraai. Die Here verklaar immers net dat Hy nie die Israeliete se oortredings sal oorsien nie, selfs al sou dit hulle geluk om 'n Moses of 'n Samuel as voorspraak te hê, vir wie se gebede Hy Hom so gunstig bewys het. Dieselfde betekenis kan ook baie duidelik uit 'n soortgelyke aanhaling uit Esegiël afgelei word. "Al was hierdie drie manne, Noag, Daniël en Job, in die stad", sal hulle hulle seuns en dogters nie met hulle eie geregtigheid kon bevry nie maar hulle sal slegs hulle eie siele bevry.[217] Daar bestaan geen twyfel daaroor nie dat Hy hier te kenne wou gee: "As twee van hulle lewendig sou word", want die derde was toe nog in die lewe, naamlik Daniël. Dit staan vas dat hy toe in die fleur van sy jongmansjare was en dat hy 'n ongeëwenaarde voorbeeld van godsvrug gelewer het. Laat ons dus die mense agterweë laat van wie die Skrif duidelik aantoon dat hulle hulle lewensloop voltooi het. Wanneer Paulus daarom van Dawid praat,

[214] Marg. *Iere. 15.a.1.* Vgl. OC 38:205 e.v.

[215] Vgl. Eck, *Ench.* 15, F6a; Thomas, *Summa Theol.* 3 *suppl.* 72.3.2 (Marietti 4:941 e.v.).

[216] Fr. 1560: + *Or on peut par les parolles du Prophète inférer que lors il ne faisoit nulle requeste* (Benoit 3:361).

[217] Marg. *Ezech. 14.d.14.*

leer hy nie dat hy sy nageslag met sy gebede gehelp het nie maar slegs dat hy sy eie tyd gedien het.[218]

### 24. *'n Weerlegging van die beswaar dat die liefde volmaakter is in heiliges wat in Christus leef*

Hier opper hulle weer eens beswaar: "Sal ons dan mense wat hulle hele lewe lank niks anders as godsvrug en barmhartigheid betoon het, elke begeerte na godsvrug ontneem?"[219] Hoewel ek inderdaad onwillig is om hulle doen en denke te nuuskierig te ondersoek, is dit ook heeltemal onwaarskynlik dat hulle deur verskeie besonderse begeertes heen en weer gevoer word maar dat hulle eerder met 'n vaste en onbeweeglike wil na die koninkryk van God verlang, wat net sowel op die ondergang van goddeloses as op die saligheid van gelowiges gemik is. Maar as dit waar is, word hulle liefde ook ongetwyfeld in die gemeenskap met die A 320
liggaam van Christus ingesluit, en dit strek nie verder as wat die aard van OS 330
daardie gemeenskap toelaat nie.
Hoewel ek dan toegee dat hulle wel so vir ons bid, volg daaruit nog nie OC 650
dat hulle hulle rus laat vaar om met aardse sorge gekwel te word nie, en veel minder moet hulle om hierdie rede altyd deur ons aangeroep word. Dit volg ook nie hieruit dat ons dit moet doen omdat mense wat op aarde leef, mekaar wedersyds in hulle gebede (aan God) kan opdra nie.[220] Hierdie plig dien immers daartoe om die liefde in hulle te voed wanneer hulle hulle nood wedersyds verdeel en onderling op mekaar neem. Hulle doen dit weliswaar ook na aanleiding van die Here se gebod en hulle word nie sy belofte ontneem nie - twee aspekte wat altyd in die gebed die belangrikste plek inneem. Alle sodanige beweegredes kom nie by die dooies voor nie. Toe die Here hulle uit ons geselskap weggeneem het, het Hy ons geen omgang met hulle gelaat nie[221] en inderdaad ook sover ons daaroor mag vermoed, geen omgang vir hulle met ons nie. Maar as iemand sou aanvoer dat dit tog nie anders kan as dat hulle dieselfde liefde jeens ons moet behou aangesien hulle in een en dieselfde geloof met ons saamgebind is nie,[222] wie het dit dan aan ons geopenbaar dat hulle sulke lang ore het dat hulle ons woorde kan hoor of sulke skerp oë dat hulle oor ons nood kan waak? Hulle[223] sit inderdaad in hulle skaduwees en klets oor die een of ander glans van God se aangesig wat die heiliges bestraal waarin hulle soos in 'n spieël op die

[218] Marg. *Act. 13.e.36.* Vgl. OC 48:302 e.v.
[219] Vgl. Eck, *Ench.* 15:47a - 48a; De Castro, *Adv. Haer.* fo. 164B, E.
[220] 1536: + Marg. *1. Tim. 2* (:1 - 2), *Iacob. 5* (:15 - 16). Vgl. OC 52:265 e.v.; 55:432 e.v.
[221] Marg. *Eccle. 9.b.5.6* (Prediker 9:5, 6).
[222] Vgl. Eck, *Ench.* 15: fo. F7a; Thomas, *Summa Theol.* 2.2.83.11 (Marietti 3:424 e.v.).
[223] Fr. 1541 e.v.: *Bien est vray que les Sophistes* (Benoit 3:362).

doen en late van die mens neerkyk.[224] Maar om so 'n verklaring te maak, veral met die selfvertroue waarmee hulle dit durf doen, wat is dit anders as om deur 'n dronk droom van ons brein sonder God se Woord in sy verborge oordele te wil indring en inbars en die Skrif onder ons voete te vertrap?[225] Die Skrif verklaar tewens so dikwels dat die wysheid van ons vlees vyandskap teen God se wysheid is.[226] Dit verdoem ten volle die ydelheid van ons verstand;[227] dit slaan al ons rede plat en wil dat ons ons oë op God se wil alleen moet rig.[228]

## 25. *'n Verduideliking van die aartsvaders se versoek dat hulle name deur hulle nageslag aangeroep moet word*

Die ander Skrifgetuienis wat hulle ter verdediging van hulle leuen aanvoer, verdraai hulle trouens uiters kwaadwillig. Hulle beweer: "Maar Jakob versoek dat sy eie naam en die naam van sy vaders, Abraham en Isak, oor sy nageslag aangeroep moet word".[229] Ten eerste moet ons ondersoek instel na die aard van hierdie soort aanroeping onder die Israeliete; hulle het hulle vaders trouens nooit aangeroep om aan hulle OS 331
hulp te verleen nie maar tot God gebid om aan sy diensknegte Abraham, Isak en Jakob te dink. Hulle voorbeeld verleen derhalwe geen steun aan mense wat die heiliges self aangeroep het nie. Omdat hierdie domkoppe egter in hulle stompsinnigheid nie begryp wat dit beteken om Jakob se naam aan te roep nie en ook nie waarom dit aangeroep moet word nie, is dit nie snaaks as hulle so kinderagtig ook oor die vorm van die aanroeping self struikel nie.Hierdie uitdrukking kom meermale in die Skrif voor. Jesaja sê immers dat die naam van hulle mans oor vrouens

224 Vgl. Eck. *Ench.* 15: fo.. G3ab; Thomas, *Summa Theol. suppl.* 72.1 (Marietti 4:938 e.v.).

225 Vgl. Calvyn se kommentaar oor Hand. 15:10: *Si admittimus pro mortuis orandum esse, simul hoc recipiendum erit, poenas nunc solvere Dei iudicio, quod in hac vita pro peccatis non satisfecerint. Atqui hoc modo vis expiationis per Christum peractae ad hominum opera transfertur. Deinde evertitur rite precandi regula, si hominibus licet fortuito precari absque Dei verbo*: As ons toelaat dat mense vir dooies bid, moet ons tegelyk aanneem dat hulle nou volgens God se oordeel gestraf word omdat hulle nie tydens hulle lewe voldoening gegee het nie. En tog word die krag van die versoening wat deur Christus volbring is, so op mensewerke afgeskuif. Verder word die reël van regte gebed tot niet gemaak as dit mense vrystaan om sonder die Woord van God te bid soos die toeval bring (OC 48:348); vgl. ook sy brief aan Richard le Fèvre 19 Januarie 1551 (*Ep.* 1438 - OC 14:18 e.v.) Hierdie martelaar het reeds tydens sy jeugjare na die Reformasie oorgegaan en hom in 1544 na Genève begewe. In 1551 is hy in Lyon gevang en ter dood veroordeel maar hy het hom op die Parysse parlement beroep en onderweg daarheen ontsnap. Hy is egter weer in Grenoble gevang, na Lyon teruggeneem en op 7 Julie 1554 verbrand; vgl. OC 14:21 waar Calvyn hom adviseer in verband met sy antwoord op 'n klag dat hy weier om die maagd Maria en die heiliges as tussengangers te beskou.

226 Marg. *Rom. 8.b.6.* Vgl. ook vers 7 en OC 49:142.

227 Vgl. Ef. 4:17.

228 1536: + Marg. *Deut. 12, 13.* Vgl. OAV. en Deut. 12:32.

229 Marg. *Gene. 48.c.16.* Vgl. ook Eck, *Ench.* 15: fo. F6b; De Castro, *Adv. Haer.* fo. 196d.

aangeroep word[230] wanneer hulle hulle in die plek ag van die mans onder wie se trou en beskerming hulle lewe.[231] Die aanroeping van Abraham se naam oor die Israeliete beteken dus dat hulle die oorsprong van hulle geslag aan hom toeskryf en hom met sonderlinge herinnering as hulle beginner en vader vereer. Jakob doen dit inderdaad nie omdat hy onrustig is oor die voortsetting van die roem van sy naam nie maar aangesien hy geweet het dat die volle geluksaligheid van sy nageslag in die erfenis van die verbond berus het wat God met hom gesluit het. OC 651
Omdat hy kon sien dat dit vir hulle die hoogste voordeel van alles wat goed is, sou inhou, bid hy dat hulle as sy geslag gereken moet word. Dit is immers niks anders as om die opeenvolging van die verbond op hulle oor te dra nie. Wanneer hulle op hulle beurt 'n nagedagtenis van hierdie aard in hulle gebede invoer, neem hulle nie hulle toevlug tot die tussentrede van gestorwenes nie maar hulle herinner die Here aan sy verbond waarin die goedertieren Vader beloof het dat hy hulle om Abraham, Isak en Jakob se ontwil genadig en goedgesind sal wees.

Die gewone stem van die kerk getuig in die (boek van die) profeet hoe weinig die heiliges andersins op die verdienste van die aartsvaders gesteun het. "U is ons Vader en Abraham het ons nie geken nie en Israel was nie van ons bewus nie. U, Here, is ons Vader en ons Verlosser."[232] En wanneer hulle inderdaad so praat, voeg hulle tegelyk by: "Keer terug, o Here, ter wille van u diensknegte".[233] Hulle dink nogtans aan geen tussentrede nie, maar hulle aandag gaan uit na die weldaad van die verbond. Aangesien ons nou egter die Here Jesus het in wie se hand die ewige genadeverbond nie alleen vir ons opgerig is nie maar ook vir ons bekragtig is, wie se naam moet ons dan eerder in ons gebede voorhou? En aangesien daardie goeie leermeesters meen dat die aartsvaders met die voorgaande woorde as tussengangers gestel word, sou ek graag van hulle wou weet waarom Abraham, die vader van die kerk, selfs nie eens die geringste plek in so 'n groot menigte heiliges[234] inneem nie. Dit is welbekend uit watter gemors[235] hulle vir hulle advokate haal. Laat hulle my antwoord hoe dit pas dat Abraham wat God bo al die ander heiliges gestel en tot die hoogste eer verhef het, agterweë gelaat en onderdruk word! Die rede hiervoor is natuurlik dat die kerk van ouds so 'n gebruik OS 332
nie geken het nie en daarom besluit het om oor die eertydse aartsvaders te swyg ter wille daarvan om die nuwigheid daarvan te versteek[236] net

[230] Marg. *Iesa. 4.a.1.* Vgl. ook OC 36:94 - 95.
[231] Fr. 1560: *elles les recognoissent pour leurs maris, estans en leur tutelle et subiection* (Benoit 3:363).
[232] Marg. *Iesa. 63.d.16.* Vgl. ook OC 37:402 - 403.
[233] Vgl. Jes. 63:17.
[234] Fr. 1560: + *et quasi en une formilière de Saincts* (Benoit 3:364).
[235] Fr. 1560: + *de quel bourbier, ou de quel racaille* (Benoit 3:364).
[236] Fr. 1560: *ces rustres pour cacher la nouveauté se sont teuz des Saincts qui avoyent vescu sous la Loy* (Benoit 3:364).

asof 'n verskeidenheid name die nuwe en valse gewoonte kon verskoon. Sommige van hulle[237] opper die beswaar dat God gevra word om Hom "ter wille van Dawid"[238] oor die volk te ontferm. Dit bied nie alleen geen ondersteuning vir hulle dwaling[239] nie maar dra grootliks by om dit te weerlê. Want as ons oorweeg watter persoonlikheid Dawid gehad het, (vind ons dat) hy van al die ander heiliges afgesonder is om die verbond te bevestig wat Hy deur sy hand gesluit het. So word daar enersyds eerder met die verbond as met die mens rekening gehou en onder die beeld word die voorbidding van Christus alleen ingesluit. Want iets wat 'n besondere eienskap van Dawid was in soverre hy 'n beeld van Christus was, kom ander sekerlik nie toe nie.

## 26. *Ons behoort soos die heiliges te bid* A 321

Dat ons egter dikwels lees dat die gebede van heiliges verhoor is, beïnvloed sommige mense natuurlik.[240] Waarom? Natuurlik omdat hulle gebid het. Die profeet sê: "Op U het hulle gehoop en hulle is gered. Tot U het hulle geroep, en hulle is nie beskaam nie".[241] Ons moet dus ook volgens hulle voorbeeld bid om soos hulle verhoor te word. Maar hulle redeneer onbehoorlik en ook vrypostig dat slegs mense wat eenmaal verhoor is, verhoor sal word. Hoeveel beter stel Jakobus dit nie! Hy sê: "Elia was 'n man soos ons en hy het gebid dat dit nie moes reën nie, en drie jaar en ses maande lank het dit nie op die aarde gereën nie. Toe het hy weer gebid en dit het uit die hemel gereën en die aarde het sy vrug voortgebring".[242]

Wat sal ons nou hiervan sê? Lei hy hieruit af dat Elia die een of ander be- OC 652
sondere voorreg gehad het waarheen ons ons toevlug moet neem? Hoegenaamd nie! Maar hy leer dat die krag van 'n vroom en suiwer gebed altyd voortduur om ons aan te spoor om net so te bid. Want ons vertolk God se bereidwilligheid en goedertierenheid in die verhoring van daardie gebede kwaadwillig as ons nie deur soortgelyke ervarings tot 'n vaster vertroue in sy beloftes versterk word nie. In hierdie beloftes beloof Hy dat Hy sy oor nie net tot een of twee of selfs 'n handjievol mense sal neig nie maar tot almal wat sy Naam aanroep. En hierdie onkunde is des te minder te verontskuldig omdat hulle klaarblyklik soveel vermanings van die Skrif asof dit doelbewus is, verag. Dawid is baie dikwels deur God se krag verlos. Maar was die doel daarvan dat hy die

[237] Fr. 1560: *Ce qu'aucuns allèguent du Pseaume* (Benoit 3:364).
[238] Vgl. Ps. 132:10 en OC 32:347.
[239] Fr. 1560: + *à l'intercession des Saincts* (Benoit 3:364).
[240] Vgl. Eck, *Ench.* 15: F8b, G3b.
[241] Marg. *Psal. 22.a.5.* Vgl. ook vers 6 en Vg. Ps. 21:5 - 6 en OC 31:223 - 224.
[242] Marg. *Iac. 5.d.17.* Vgl. ook die volgende verse en OC 55:433.

krag vir homself sou toe-eien sodat ons met sy hulp verlos sou word? Sy verklaring lui heeltemal anders: "Die regverdiges wag op my totdat U my vergeld".[243] Netso: "Die regverdiges sal dit sien, en hulle sal hulle verheug en in die Here hoop".[244] "Kyk, die arme het tot God geroep en OS 333
Hy het hom geantwoord".[245]

Daar is baie soortgelyke gebede in die psalms waarin hy God aanroep om te verhoor[246] wat hy vra, om hierdie rede: dat die regverdiges nie beskaamd mag staan nie maar deur sy voorbeeld tot goeie hoop opgehef kan word. Laat ons nou met net een voorbeeld hiervan tevrede wees. "Daarom sal elke heilige op die gepaste tyd tot U bid".[247] Ek het hierdie verwysing met des te groter graagte aangehaal omdat twissoekers wat hulle tonge uithuur om die pousdom te verdedig, nie skaam gekry het om dit voor te hou om die voorbidding van dooies te bewys nie.[248] Net asof Dawid iets anders wil aantoon as die vrug wat uit God se sagmoedigheid en toegeeflikheid sal voortkom wanneer hy verhoor word!

Oor die algemeen moet ons daarop let dat die ervaring van die genade van God, sowel jeens ons as jeens ander, 'n sonderlinge hulpmiddel is om die trou van sy beloftes te bevestig. Ek haal nie die menigvuldige plekke aan waar Dawid die weldade van God as stof tot vertroue voorhou nie, omdat mense wat sy Psalms lees, dit self sal teëkom. Eertyds het Jakob dieselfde met sy voorbeeld geleer: "Ek is te gering vir al u barmhartighede en trou wat U aan u dienskneg bewys het. Op my staf het ek hierdie Jordaan oorgesteek, en nou trek ek met twee laers uit."[249] Hy praat wel van die belofte maar nie daarvan alleen nie; hy voeg tewens tegelyk die gevolg daarvan by, sodat hy vir die toekoms des te moediger kan vertrou dat God dieselfde jeens hom sal wees. Want God is nie soos sterflike mense wat (later) spyt is oor hulle vrygewigheid of wie se bronne uitgeput word nie, maar soos Dawid verstandig handel, moet ons hom volgens sy eie natuur beoordeel. Hy sê: "U het my verlos, waaragtige God".[250] Nadat hy God vir sy verlossing geloof het, voeg hy by dat Hy waaragtig is, want as Hy nie altyd soos Hyself is nie, sou ons nie voldoende vaste grond uit sy weldade kon put om op Hom te vertrou en Hom aan te roep nie. Maar as ons weet dat Hy elke keer wanneer Hy ons te hulp kom, 'n voorbeeld en bewys van sy goedheid en trou aan ons gee, hoef ons nie te vrees dat ons hoop beskaam sal word of ons bedroë sal laat nie.

[243] Marg. *Psal. 142.8.* Vgl. Ps. 141:8 Vg.
[244] Marg. *Psal. 52.a.8.* Vgl. OC 31:527 - 528.
[245] Marg. *Psal. 34.b.7.*
[246] A: *ad precandum* - om te bid; Fr. 1560: *à l'exaucer* - om te verhoor (Benoit 3:365).
[247] Marg. *Psal. 32.b.6.* Vgl. Vg. Ps. 31:6.
[248] Vgl. Eck, *Ench.* 15, fo. F7a.
[249] Marg. *Genes. 32.c.10.* Vgl. Vg. Gen. 31:10.
[250] Marg. *Psal. 31.a.6.* Vgl. OC 31:304.

## 27. *Samevatting: Die Roomse leer oor die voorbidding van heiliges is onskriftuurlik*

Samevattend kom dit op die volgende neer: Aangesien die Skrif ons in die diens aan God as die belangrikste aspek aanbeveel dat ons Hom moet aanroep soos Hy hierdie plig van godsvrug bo alle ander offers stel OC 653
en van ons eis, handel ons met uitdruklike heiligskennis as ons ons gebede op ander rig. Daarom word daar ook in die psalm gesê: "As ons ons hande uitstrek na 'n vreemde god, sal God dit dan nie ondersoek nie?"[251] Aangesien God verder slegs uit die geloof aangeroep wil word en Hy uitdruklik gebied dat ons gebede volgens die rigsnoer van sy Woord gevorm moet word; aangesien verder die geloof wat op die Woord gegrond is, die moeder van 'n opregte gebed is, moet 'n gebed noodwendig vals word sodra dit van die Woord afwyk. En ons het reeds OS 334
aangetoon[252] dat, as ons die hele Skrif in aanmerking neem, hierdie eer daarin aan God alleen toegeken word. Sover dit die amp van voorbidding aangaan, het ons ook gesien[253] dat dit besonderlik Christus toekom en dat geen gebed vir God aangenaam is as die Middelaar dit nie heilig nie. En hoewel gelowiges oor en weer gebede vir medebroeders aan God opdra, het ons aangetoon[254] dat dit geen afbreuk doen aan die enige voorbidding van Christus nie omdat hulle almal hulleself sowel as andere in die steun op hierdie voorbidding aan God opdra. Hierbenewens het ons geleer[255] dat dit onverstandig is om dooies by hierdie plig te betrek, aangesien ons nêrens lees dat hulle beveel is om vir ons te bid nie. Die Skrif spoor ons dikwels aan om hierdie plig onderling vir mekaar na te kom maar rep nie 'n enkele lettergreep in verband met die dooies nie; inteendeel, wanneer Jakobus hierdie twee dinge bymekaar stel, naamlik dat ons ons sondes onderling vir mekaar moet bely en dat ons onderling vir mekaar moet bid,[256] sluit hy stilswyend die dooies daarvan uit. Die volgende rede is voldoende om hierdie dwaling[257] te verdoem: die begin van 'n behoorlike gebed ontstaan uit die geloof en die geloof ontstaan inderdaad daaruit om na die Woord van God te luister,[258] en daarin word geen melding van so 'n versinde voorbidding gemaak nie. Dit is bygeloof wat onbesonne vir homself beskermhere gemaak het wat nie van Godsweë gegee is nie. Want hoewel die Skrif vol baie vorms van gebed is, is daar nie 'n enkele

[251] Marg. *Psal. 44.d.21.* Vgl. ook vers 22 en OC 31:445 - 446.
[252] Vgl. *Inst.* 3.20.26 (Afr. vert. 3:1118 - 1119).
[253] Vgl. *Inst.* 3.20.17 - 19 (Afr. vert. 3:1105 - 1108) hierbo.
[254] Vgl. *Inst.* 3.20.20 (Afr. vert. 3:1108 - 1110) hierbo.
[255] Vgl. *Inst.* 3.20.21 (Afr. vert. 3:1110 - 1111) hierbo.
[256] Marg. *Iac. 5.d.16.*
[257] Fr. 1560: *l'erreur d'invoquer les Saincts, ou les requérir pour patrons* (Benoit 3:366).
[258] Vgl. Rom. 5:14.

voorbeeld van hierdie soort voorgangers sonder wie mense in die pousdom glo dat 'n gebed nie kan bestaan nie. Hierbenewens is dit duidelik dat hierdie bygeloof uit wantroue ontstaan het omdat hulle nie met Christus as Voorbidder tevrede was nie of omdat hulle Hom volkome van hierdie lof beroof het. Laasgenoemde kan ons gemaklik uit hulle onbeskaamdheid bewys, want hulle stry nie met 'n kragtiger redenasie om te bewys dat ons die voorbidding van die heiliges nodig het as dat ons nie waardig is om intiem tot God te nader nie.[259] En ons A 322
erken wel dat dit heeltemal waar is maar ons lei daaruit af dat mense wat sy tussentrede van geen waarde ag tensy 'n Gregorius[260] en 'n Hippolytus[261] of dergelike skimme bykom, niks vir Christus laat nie.

### *Verskillende soorte gebed: Persoonlike en openbare gebed (Afdeling 28 - 30)*

### 28. *Persoonlike gebed*

Hoewel 'n gebed eintlik tot versoeke en smeking beperk word, is daar nogtans so 'n groot verwantskap tussen bede en danksegging dat beide paslik onder een naam saamgevat kan word.[262] Want die soorte gebede wat Paulus opnoem,[263] val onder die eerste deel van hierdie indeling. Deur versoek en smeking stort ons ons verlangens voor God uit en ons vra sowel die dinge wat tot die uitbreiding van sy heerlikheid en tot verheerliking van sy Naam as die weldade wat tot ons voordeel bydra.

[259] Vgl. Eck, *Ench.* 15, fo. G2a; Thomas, *Summa Theol.* 3 *suppl.* 82.2 (Marietti 4:988): *sanctorum quidam fuerunt aliis maioris meriti* - sekeres van die heiliges het groter verdienste gehad as ander.

[260] Gregorius (240 - 332) was 'n martelaar van Kappadosië uit die groot vervolging van 303 n.C. en hy is veral in Engeland vereer as heilige op sy feesdag 30 September (NCE 6:790 - *Gregory the Illuminator*).

[261] Daar is twee Hippolytusse uit die derde eeu bekend. Een van hulle was 'n geleerde in Rome wat uit die kerk verban is, later weer daarmee versoen is en uiteindelik in 236 'n martelaar geword het (RPTK 8:126 e.v.; REW 8,2:1865 e.v.; NCE 6:1139 - 1141; Battles 1978:887 - 888).

[262] Vgl. Calvyn se *Com. in Acta Apost.* 16:25: *Tenenda quidem est generalis regula, non posse nos rite precari ut decet, quin simul Deum laudemus. Nam etsi nascitur precandi studium ex sensu nostrae inopiae vel malorum, ideoque cum dolore et anxietate animi fere coniunctum est: sic tamen fideles moderari oportet suos affectus, ut Deo non obstrepant. Sic legitima precandi ratio duos affectus coniungit in speciem contrarios: sollicitudinem et tristitiam ex sensu necessitatis, quae nos premit, et laetitiam ex oboedienta qua nos subiicimus Deo et ex spe, quae propinquum ostendens portum in ipso naufragio nos recreat* - as 'n algemene reël moet ons daaraan hou dat ons nie na behore kan bid soos dit pas sonder om God tegelyk te loof nie. Hoewel ons gebedsywer uit ons gevoel van gebrek of rampe ontstaan, is dit daarom oor die algemeen met pyn en sieleangs verbonde; gelowiges moet hulle emosies nogtans so in bedwang hou dat hulle nie teen God skreeu nie. So verbind 'n grondige gebedswyse hierdie twee gevoelens wat oënskynlik teenstrydiges is, naamlik bekommernis en droefheid uit 'n gevoel van die nood wat ons druk, en blymoedigheid uit die gehoorsaamheid waarmee ons ons aan God onderwerp en uit hoop wat aan ons toon dat die hawe naby is en ons in ons skipbreuk verkwik (OC 48:386); vgl. ook sy *Com. in Ps.* 18:4 (OC 31:172).

[263] Fr. 1560: + *à Timothée* (Benoit 3:367); vgl. 1 Tim. 2:1.

Met danksegging roem ons sy weldade jeens ons met gepaste lof en dank OS 335 Hom vir sy milddadigheid in al die seëninge wat ons te beurt val. Dawid OC 654 het derhalwe albei die dele saamgevat toe hy gesê het: "Roep My aan in die dag van jou nood; Ek sal jou uithelp, en jy sal My verheerlik".[264] Die Skrif gebied ons ook nie sonder rede om albei hierdie aspekte voortdurend te beoefen nie.[265]

Ons het trouens elders gesê dat ons armoede so groot is, en die werklikheid self roep uit dat ons vanuit alle oorde deur soveel en sulke groot benoudhede gekwel en verdruk word dat alle mense genoegsame rede het om voortdurend te kreun en voor God te sug en Hom smekend om hulp te vra. Want selfs al sou die heiligste mense vry van teenspoed wees, moet hulle sondeskuld nogtans elkeen van hulle prikkel, en die aanslae van ontelbare versoekings moet hulle daartoe aanpor om na 'n hulpmiddel te streef.

In lofoffer en dankseggingsoffer kan daar egter geen onderbreking wees sonder dat ons sondig nie, want God hou nie op om die een weldaad na die ander op te stapel om ons tot dankbaarheid te dwing al is ons traag en lui nie. Kortom: so 'n groot en oorvloedige milddadigheid van sy weldade oorval ons byna; oral waar jy kyk, kan 'n mens soveel en sulke ontsaglike wonderwerke van Hom sien dat rede en stof tot lof- en dankbetuiging ons nooit ontbreek nie. En, om dit 'n bietjie duideliker te verklaar, aangesien al ons hoop en al ons hulp so in God gevestig is - iets wat tevore reeds voldoende bewys is[266] - dat nòg onsself nòg alles wat aan ons behoort, voorspoed kan geniet tensy Hy ons seën, moet ons onsself en alles wat aan ons behoort, voortdurend aan Hom opdra.[267]

Verder moet ons alles wat ons dink, sê of doen onder sy hand en wil en onder die hoop op sy hulp dink, sê en doen. Want almal word deur God vervloek verklaar wat in die vertroue op hulleself of op ander planne OS 336 beraam en besluite neem en wat sonder sy wil en sonder om Hom aan te roep iets aanpak of probeer om iets te begin.[268] En, soos ons reeds telkemale gesê het, Hy word na behore geëer wanneer Hy as die Gewer van alle goeie dinge erken word. Daaruit volg dat ons alle dinge so uit sy hand moet aanneem dat ons altyd daarvoor dank aan Hom moet betuig en dat daar geen gegronde manier is waarop ons sy weldade kan gebruik anders as om altyd sy lof te verkondig en aan Hom dank te betuig omdat hierdie weldade met geen ander doel uit sy milddadigheid na ons toe vloei en ons te beurt val nie. Want wanneer Paulus getuig dat God se

264 Marg. *Psal. 50.c.15.*
265 1536 - 1554: + Marg. *Luc. 18.a.1 et 21.g.36; Ephes. 5.e.20.*
266 Vgl. *Inst.* 3.20.1 (Afr. vert. 3:1077 - 1078).
267 Marg. *Iac. 4.d.14.* Vgl. ook die verse wat daarop volg en OC 55:421.
268 Marg. *Iesa. 30.a.1, & 31.a.1.* Vgl. OC 36:505 - 508, 533 - 534.

weldade deur woord en gebed geheilig word,[269] gee hy tegelyk te kenne dat dit sonder die woord en gebed hoegenaamd nie vir ons heilig en rein is nie. Onder *die woord* verstaan hy natuurlik oordragtelik *die geloof.*[270] Dawid stel dit daarom treffend wanneer hy verkondig dat 'n nuwe lied hom in die mond gegee is deur die ontvangs van God se milddadigheid.[271] Hiermee gee hy natuurlik te kenne dat, as ons enige weldaad van God verby laat gaan sonder om Hom te loof; dit kwaadwillige stilswye is, aangesien Hy ons so dikwels as wat Hy aan ons goed doen, die stof bied om Hom te prys. So is dit ook by Jesaja. Wanneer hy die sonderlinge genade van God verkondig, spoor hy die gelowiges aan tot 'n nuwe en ongewone lied.[272] Dawid stel dit elders in hierdie betekenis: "Here, U sal my lippe oopmaak en my mond sal u lof verkondig."[273] Net so getuig Hiskia[274] en Jona[275] dat die doel van hulle verlossing sal OC 655
wees om met liedere God se goedheid in die tempel te prys. Dawid skryf oor die algemeen dieselfde reël aan alle vromes voor. Hy sê: "Wat sal ek die Here vergeld vir al die weldade wat Hy aan my bewys het? Ek sal die beker van verlossing opneem en die Naam van die Here aanroep".[276] In 'n ander psalm volg die kerk ook hierdie reël: "Verlos ons, onse God, sodat ons u Naam kan bely en U in u lof kan verheerlik".[277] Net so: "Hy het op die gebed van die eensames gelet en hulle gebede nie verag nie. Dit sal opgeteken word vir die geslag wat kom, en die geskape volk sal die OS 337
Here loof deur sy Naam in Sion te verkondig en sy lof in Jerusalem".[278] Ja, so dikwels as wat gelowiges God bid om iets om sy Naam ontwil te doen en sodoende getuig dat hulle onwaardig is om iets in hulle eie naam te bereik, verbind hulle hulle om aan Hom dank te betuig en hulle beloof dat dit die regte toepassing van God se weldadigheid sal wees dat hulle dit sal verkondig. Wanneer Hosea byvoorbeeld oor die toekomstige verlossing van die kerk praat, sê hy: "O God, neem weg die ongeregtigheid en neem die goeie aan; en ons sal ons lippe as offerdiere aan U offer".[279] God se weldade vereis nie alleen verkondiging van die tong nie, maar dit verwek ook van nature liefde vir Hom. Dawid sê: "Ek het liefgehad, want die Here het die stem van my smeking gehoor".[280]

269 Marg. *1. Tim. 4.a.5.* Vgl. OC 52:325.

270 Fr. 1541 e.v.: ***Par la Parolle il entend la foy, laquelle a correspondance à icelle Parolle, à laquelle il faut avoir foy*** (Benoit 3:369).

271 Marg. *Psal. 40.a.4.* Vgl. OC 31:406 - 407.

272 Marg. *Iesa. 2.b.10* (*recte*: Jes. 42:10). Vgl. OC 37:67 - 68.

273 Marg. *Psal. 50.d.17* (*recte*: Ps. 51:17). Vgl. ook. OC 31:521.

274 Marg. *Iesa. 38.d.20.* Vgl. OC 36:663.

275 Marg. *Ionae 11.d.10* (*recte*: Jona 2:9). Vgl. OC 43:243 - 245.

276 Marg. *Psal. 116.b.12.* Vgl. ook vers 13 en OC 32:197 - 199.

277 Marg. *Psal. 106.g.47.* Vgl. OC 32:134.

278 Marg. *Psal. 110.c.18* (*recte*: Ps. 102:18, 19, 22). Vgl. OC 32:69, 71.

279 Marg. *Oseae 14.a.3* (Hosea 14:3). Vgl. OC 42:500 - 501.

280 Marg. *Psal. 116.a.1.*

Wanneer hy elders vertel van die hulp wat hy ervaar het, sê hy: "Ek sal U liefhê, o God, my sterkte".[281] En lof wat nie uit hierdie aangenaamheid van die liefde voortvloei nie, sal God nooit behaag nie. Ja, ons moet Paulus se verklaring in gedagte hou, naamlik dat alle begeertes wat nie met dankbetuiging gepaard gaan nie, verkeerd en gebrekkig is. Want hy praat soos volg: "Laat julle begeertes in elke gebed en smeking met danksegging by God bekend word".[282] Omdat norsheid, teësinnigheid, onverdraagsaamheid, bitterheid van smart en vrees baie mense trouens daartoe dryf om in hulle gebed te kla, beveel hy gelowiges om hulle emosies so te beheer dat hulle God nietemin blymoedig prys nog A 323 voordat hulle ontvang het wat hulle begeer. As hierdie band dan in teenspoed van krag moet wees, bind God ons met 'n nog heiliger band om sy lof te sing so dikwels as wat Hy ons begeertes in vervulling laat gaan.

Soos ons egter geleer het, word ons gebede deur Christus se tussentrede geheilig terwyl dit andersins onrein sou wees. So leer die apostel ook wanneer hy ons beveel om ons lofoffer deur Christus te bring[283] en ons vermaan dat ons mond nie rein genoeg is om God se Naam te prys tensy Christus se priesterskap tussenbeide tree nie. Hieruit lei ons af dat mense in die pousdom wonderbaarlik betower is toe 'n baie groot deel van hulle gehoor het dat Christus 'n voorspraak genoem word. Die rede waarom Paulus ons voorskryf om sonder ophou te bid en dank te betuig[284] is natuurlik dat hy bedoel dat die begeertes van ons almal sover moontlik met volharding, te alle tye, oral, onder alle omstandighede en moeilikhede op God gerig moet wees om alles van Hom te verwag en die lof vir alles aan Hom te bring soos Hy ons voortdurend rede gee om OS 338 Hom te loof en tot Hom te bid.

## 29. *Openbare gebed*

En hoewel hierdie volharding in die gebed besonderlik op elkeen se eie persoonlike gebede sien, hou dit nogtans enigsins verband met openbare gebede van die kerk. Hulle kan tog nie aanmekaar voortduur nie en behoort ook slegs volgens die beleid te geskied waartoe almal onderling met mekaar ooreengestem het.[285] Dit erken ek wel. Daarom word daar trouens op bepaalde tye ooreengekom en vasgestel wat hoewel dit nie vir God van belang is nie, nogtans vir mense noodsaaklik is om vir die gerief van almal voorsiening te maak en sodat alles behoorlik en

[281] Marg. *Psal. 18.a.1.* Vgl. ook vers 2 en OC 31:169 - 171.
[282] Marg. *Philip. 4.a.6.* Vgl. OC 52:61.
[283] Marg. *Hebr. 13.c.15.* Vgl. OC 55:192 - 193.
[284] Marg. *1. Thes. 5.c.13* (*recte*: 1553: *1. Thes. 5.c.17*; 1536 - 1554: + Marg. *1. Timot. 2.a.1 et c.8.*
[285] Fr. 1541 e.v.: *comme on voit qu'il est bon de s'assembler* (Benoit 3:370).

stigtelik volgens Paulus se verklaring[286] in die kerk gereël kan word. Dit verhinder egter nie dat elke kerk hom enersyds tot herhaaldeliker gebedsoefening moet opwek en andersyds van vuriger ywer daarvoor moet brand as die een of ander noodsituasie hom daartoe maan nie. Aan die einde (van hierdie hoofstuk) sal daar geleentheid wees om oor volharding wat 'n noue verwantskap met voortdurendheid het, te praat.[287]

Verder: dit het niks te make met die niksseggende gerammel[288] wat Christus ons wou verbied nie.[289] Hy verbied ons immers nie om lank, dikwels en met groot aandoening met gebede vol te hou nie, maar Hy verbied ons om te vertrou dat ons iets van God kan afpers deur sy ore met praatsieke breedsprakigheid te verdoof asof Hy op menslike wyse oorreed hoef te word.[290] Ons weet immers dat huigelaars in hulle gebede pronk soos in 'n triomf omdat hulle nie daaraan dink dat hulle met God te doen het nie. Want die Fariseër wat God gedank het omdat hy nie soos ander mense was nie,[291] het hom ongetwyfeld in die oë van mense toegejuig asof hy uit sy gebed faam vir sy heiligheid wou bekom. Hieruit ontstaan daardie niksseggende gerammel[292] wat vandag om 'n soortgelyke rede onder die pousdom in swang is wanneer sommige van hulle hulle tyd nutteloos verkwis deur dieselfde gebedjies oor en oor te herhaal en ander dit aan die gewone mense verkwansel deur 'n lang reeks woorde aanmekaar te ryg.[293] Aangesien hierdie gerammel kinderagtig die spot met God dryf, is dit nie snaaks dat dit deur die kerk verbied word om te verhoed dat daar iets weerklink wat nie ernstig is en diep uit die hart kom nie. OS 339

Verwant aan en net soos hierdie bedorwenheid is 'n tweede wat Christus tegelyk verdoem, naamlik dat huigelaars ter wille van die vertoon op baie getuienis jag maak en die markplein invaar om te bid eerder as dat hulle gebede die lof van die wêreld sou ontbeer.[294] Aangesien die doel van gebed egter soos ons reeds vroeër gesê het,[295] is om ons harte tot

286 Marg. *1. Cor. 15.g.40* (*recte*: 1 Kor. 14:40).

287 Vgl. afdeling 51 hieronder (Afr. vert. 3:1155).

288 βαττολογίαν. Fr. 1541 e.v.: *Or cela non sert de rien pour maintenir la superstitieuse prolongation et répétition des prières* (Benoit 3:371).

289 Marg. *Matth. 6.a.7.*

290 Vgl. Calvyn se brief aan die Franse gemeente in Londen om verskille oor o.a. die gebedsoefening by te lê: *Ie nimpose loy a nul, mais il seroit bien a desirer que la sobriete de noz prieres monstrast quelle reverence nous portons au nom de Dieu* (OC 14:365).

291 Vgl. Luk. 18:11 en OC 45:419.

292 βαττολογία.

293 Fr. 1560: *c'est que les uns en barbotant force Ave Maria, et réitérant cent fois un Chappelet, perdent une partie du temps; les autres, comme les chanoines et caffars, en abbayant le parchemin iour et nuit, et barbotant leur bréviaire, vendent leurs coquilles au peuple* (Benoit 3:371).

294 Vgl. Matt. 6:5 en OC 45:192 - 193.

295 Vgl. *Inst.* 3.20.4 (Afr. vert. 3:1081 - 1082) hierbo.

God op te hef sowel[296] om sy lof te verkondig as om sy hulp te vra, kan ons daaruit aflei dat die belangrikste aspekte daarvan in die verstand en die hart gesetel is of, eerder, dat gebed eintlik ontroering van die binneste hart is,[297] wat voor God, die Ondersoeker van ons harte,[298] uitgestort en oopgevlek word.

Daarom het ons hemelse Leermeester, toe Hy die beste gebedsreël wou neerlê, soos ons reeds gesê het, ons beveel om in 'n binnekamer in te gaan, die deur te sluit en in die verborgene ons Vader aan te roep, sodat ons Vader, wat in die verborgene is, ons kan verhoor.[299] Want wanneer Hy ons van die voorbeeld van huigelaars weggetrek het, omdat hulle met eersugtige vertoon die guns van mense probeer bekom het, voeg hy dadelik by wat beter as dit is, naamlik om in jou binnekamer in te gaan, OC 657
jou deur te sluit en daar te bid. Soos ek dit vertolk, het Hy ons met hierdie woorde geleer om 'n afgesonderde plek te soek wat ons kan help om met al ons gedagtes in ons hart af te daal en dit binne te gaan. Hy beloof dat God vir wie ons liggame tempels moet wees, naby die ontroeringe van ons hart sal wees.[300] Hy wou trouens nie sê dat ons nie ook in ander plekke mag bid nie, maar Hy toon aan dat 'n gebed iets heimliks is wat besonderlik in die hart geleë is, en andersyds vereis Hy daarvoor 'n rustigheid wat ver van die gewoel van alle sorge is. Toe die Here self met groter vurigheid wou bid, het Hy Hom daarom met goeie rede ver van mensegewoel in 'n afgesonderde plek teruggetrek, maar Hy het dit gedoen om ons met sy eie voorbeeld te vermaan dat ons hierdie hulpmiddels nie moet verontagsaam waardeur ons gemoed, wat op sigself maar al te glibberig is, meer tot ernstige ywer om te bid ingespan kan word nie. Soos Hy Hom egter intussen nie in die gewoel van mense van gebed weerhou het as die geleentheid dit vereis het nie, so moet ons ook rein hande (na God) ophef oral waar dit nodig is.[301]

En ons beskouing daaroor moet so wees dat elkeen wat weier om in die heilige vergadering van die godvrugtiges te bid, nie weet wat dit

[296] Fr. 1541 e.v.: *pour souhaitter sa gloire* (Benoit 3:371).

[297] Vgl. Bucer, *Enar. in ev.* 1530, fo. 63a.

[298] Vgl. Rom. 8:27 en Calvyn se *Harm. in ev.* oor Matt. 6:7: *Nam ubi serio affectu concipitur precatio, lingua non anteit pectus: deinde non captatur Dei gratia inani verborum fluxu, sed potius suos affectus, non secus ac sagittas, pium cor emittit, qui in coelum penetrent* (OC 45:193): Want wanneer 'n gebed met ernstige ontroering gedoen word, gaan die woorde (taal) daarvan nie voor die hart uit nie; verder word God se genade nie met 'n holklinkende stortvloed van woorde bekom nie maar 'n vroom hart stuur sy ontroeringe soos pyle uit en dit dring die hemel binne.

[299] Marg. *Matth. 6.a.6.*

[300] Vgl. 2 Kor. 6:16 en OC 50:81 e.v.

[301] Marg. *1. Tim. 2.c.8.* Vgl. Calvyn se *Harm. in ev.* oor Matt. 6:6: *Summa autem est: sive quis solus, sive coram aliis precetur, hunc tamen affectum induendum esse, quasi abditus in conclave solum Deum haberet testem* - (OC 45:193): Kortom kom dit hierop neer: dat iemand of hy nou in afsondering of voor ander bid, nogtans so 'n gesindheid moet aanneem asof hy verborge in sy slaapkamer, God alleen as getuie het.

beteken om by homself of in afsondering of binnenshuis te bid nie. Aan OS 340 die ander kant weer moet ons weet dat iemand wat sy gebed in afsondering en sy persoonlike gebed verwaarloos, slegs ydele gebede in die openbare vergaderings doen, al sou hy dit ook naarstiglik bywoon, want hy stel 'n groter prys op die mening van mense as op die verborge oordeel van God.

Voorts het God eertyds die algemene gebede van die kerk met voortreflike lofprysings versier, besonderlik wanneer Hy die kerk 'n *huis van gebed* noem[302] om te verhoed dat sulke gebede geminag word. Met A 324 hierdie woorde het Hy trouens geleer dat die gebedsplig die belangrikste deel van diens aan Hom is en dat die kerk vir gelowiges soos 'n banier opgerig is om hulle eendragtig in gebedsplig te oefen. Daar is ook 'n pragtige belofte bygevoeg: "'n Lofsang in Sion wag op U, o God, en aan U sal die gelofte betaal word".[303] Die profeet vermaan ons met hierdie woorde dat gebede van die kerk nooit tevergeefs is nie, omdat God altyd stof tot gesang met blydskap aan sy volk verleen. Hoewel die skadu's van die wet dus tot 'n einde gekom het, bestaan daar geen twyfel daaroor dat, omdat God met hierdie seremonie ook die geloofseenheid onder ons wou koester, dieselfde belofte ook op ons betrekking het wat Christus met sy eie mond bekragtig het en wat volgens Paulus se leer ewig van krag is nie.

### 30. *Geen kerkgebou nie maar die mens is God se tempel*

Soos God dan deur sy Woord algemene gebede aan gelowiges opdra, so moet daar ook openbare kerke bestem wees om sulke gebede daar te doen, en mense wat weier om daar met God se volk gemeenskap te hê, het geen gronde om die dekmantel te misbruik dat hulle in hulle slaapkamer ingaan om die Here se gebod te gehoorsaam nie. Want Hy wat beloof dat Hy sal doen wat twee of drie wat in sy Naam vergader, Hom vra,[304] getuig dat Hy hoegenaamd nie gebede wat in die openbaar gedoen word, verag nie mits daar geen gepronk en gejaag na eer van mense aanwesig is nie, en mits daar 'n opregte en waaragtige gesindheid aanwesig is wat in die verborgene van die hart woon.

As dit dan die wettige gebruik van ons kerke is, soos dit gewis is,[305] moet ons aan die ander kant daarteen waak dat ons nie ons kerke, soos mense OC 658 nou al etlike eeue lank begin doen het, as eie woonplekke van God

[302] Marg. *Iesa. 56.c.7.* Vgl. OC 37:298 - 300.
[303] Marg. *Psal. 65.a.2.* Vgl. OC 31:603.
[304] Marg. *Matt. 18.c.20.* Vgl. OC 45:517.
[305] Vgl. Calvyn se *Com. in Acta Apost.* 9:31: *ecclesia templum est ac domus Dei*: die kerk is die tempel en huis van God (OC 48:215).

moet beskou waar God nader aan ons is en ons beter verhoor nie. Ons moet ook nie die een of ander heiligheid daaraan heg om ons gebed heiliger voor God te maak nie. Aangesien ons self dan ware tempels van God is, moet ons in onsself bid as ons God in sy heilige tempel wil aanroep. Ons moet trouens daardie growwe misverstand vir die Jode of die heidene laat, omdat ons die gebod het dat ons die Here sonder onderskeid van plek in gees en in waarheid moet aanroep.[306] Die tempel was inderdaad eertyds op God se bevel aan gebede en slagoffers gewy, maar dit was 'n tyd toe die waarheid in sulke skadu's afgebeeld en daaronder verskuil was. Aangesien dit nou in die lewe vir ons uitgedruk is, laat dit nie toe dat ons aan enige stoflike tempel verknog bly nie. En die tempel is selfs nie eens met hierdie verstandhouding aan die Jode gegee dat hulle God se teenwoordigheid binne die mure daarvan moes OS 341 insluit nie maar om hulleself daarin te oefen om die beeld van die ware tempel waar te neem. Daarom word mense wat enigsins meen dat God in 'n tempel woon wat met mensehande gemaak is, ernstig deur Jesaja[307] en Stefanus[308] tereggewys.

*Die plek van sang en spraak (Afdeling 31 - 33)*

## 31. *Spraak en sang in gebed*

Hierbenewens is dit hier meer as duidelik dat spraak of sang, as dit in die gebed voorkom, van geen belang is of 'n haarbreedte voordeel by God inhou as dit nie uit diepe ontroering van die hart kom nie. Ja, ons verwek sy toorn teen ons as ons gebede slegs van die punte van ons lippe en uit ons keel kom want dit beteken dat ons sy heilige Naam misbruik en sy majesteit bespot. Ons kan dit byvoorbeeld uit Jesaja se woorde aflei wat, hoewel die strekking daarvan breër is, ook dien om hierdie gebrek aan bande te lê. Hy sê: "Hierdie volk nader My met hulle mond en hulle eer My met hulle lippe, maar hulle hart is ver van My; en hulle vrees My volgens mensegebod en menseleer. Kyk, daarom sal Ek hierdie volk 'n groot en verstommende wonderteken aandoen: want die wysheid van hulle wyse manne sal vergaan en die verstand van hulle ouer mense sal verdwyn".[309] Ons verdoem spraak en sang nogtans nie; inteendeel, ons prys dit sterk aan, mits dit maar met hartsontroering gepaard gaan. Want so oefen hulle hulle verstand om aan God te dink en hulle aandag gespanne te hou. Aangesien dit trouens onvas en veranderlik is, verslap

[306] Marg. *Iohan. 4.c.23.* Vgl. OC 47:88 - 89.
[307] Marg. *Iesa. 66.a.1.* Vgl. OC 37:436 - 437.
[308] Marg. *Act. 7.f.48.* Vgl. OC 48:160.
[309] Marg. *Iesa. 29.d.13; Matth. 15.a.8.*

dit maklik en raak verstrooid as dit nie met verskeie hulpmiddels ondersteun word nie.

Aangesien die heerlikheid van God bowendien enigsins in elke deel van ons liggaam behoort te skitter, is dit veral paslik dat die tong deur sang as spraak aan hierdie taak toegesê en gewy is omdat dit besonderlik geskep is om God se lof te vertel en te verkondig. Nogtans is die gebruik van die tong besonder paslik in openbare gebede wat in die vergadering van gelowiges gedoen word waarmee beoog word om God, wat ons met een gees en dieselfde geloof dien, almal saam met een stem en asof uit een mond te verheerlik, en dit in die openbaar, sodat elkeen oor en weer van sy broeder sy geloofsbelydenis kan ontvang en sodat hulle genooi en opgewek kan word om sy voorbeeld te volg.

32. *Kerksang*

Sover dit die gewoonte om in ons kerke te sing aangaan - om nou ook OC 659
maar in die verbygaan hieroor te praat -, staan dit vas dat dit nie alleen 'n baie ou gewoonte is nie maar ook dat dit onder die apostels gebruik is. Dit kan uit Paulus se woorde afgelei word wanneer hy sê: "Met my gees sal ek sing, en ek sal ook met my verstand sing".[310] Net so aan die Kolossensers: "Leer en vermaan mekaar met gesange, psalms en geeste- OS 342
like liedere en sing met dankbaarheid in julle harte tot die Here".[311] Want in die eerste plek skryf hy voor dat hulle met stem en hart moet sing, en ten tweede prys hy geestelike liedere aan sodat vroom mense mekaar daarmee kan opbou.

Augustinus getuig egter dat dit nie 'n algemene gebruik was nie. Hy vertel dat die kerk in Milaan eers onder Ambrosius begin sing het toe Justina, keiser Valentinianus se moeder, die regsinnige leer verwoed aangeval het en die volk meer as wat gewoonlik gebeur het, voortdurend gewaak het en dat ander Westerse kerke hulle daarna gevolg het.[312] Want hy het 'n rukkie tevore gesê dat hierdie gewoonte van die Oosterse kerke kom. Hy toon ook in die tweede boek van sy *Hersienings* aan dat hierdie gewoonte tydens sy leeftyd in Afrika aanvaar is. Hy sê: "'n Sekere Hilarius met die amp van tribune het oral waar hy kon, met lasterlike beripings die gewoonte wat toe reeds in Carthago posgevat het, naamlik dat lofsange uit die Psalms by die altaar gesing word òf voor die offergawe òf wanneer die offergawe onder die volk verdeel is, aangeval. A 325
Op versoek van die broeders het ek hom geantwoord".[313]

[310] Marg. *1. Cor. 14.c.13* (*recte*: 1 Kor. 14:15).
[311] Marg. *Coloss. 3.c.16*. Vgl. OC 52:124.
[312] Marg. *Confess. lib. 9.c.7*. Augustinus, *Confes.* 9.7.15 (MPL 32:770; CSEL 33:208).
[313] Vgl. Augustinus, *Retract.* 2.11 (MPL 32:634; CSEL 36:144).

En as sang aangepas is by die erns wat voor God en die engele betaamlik is, gee dit enersyds aan heilige oefeninge waardigheid en aangenaamheid, en andersyds dra dit baie daartoe by om ons gemoedere tot ware gebedsywer en vuur op te wek. Maar ons moet nogtans versigtig waak dat ons ore nie meer op die melodie gesteld is as ons harte op die geestelike betekenis van die woorde nie. Dieselfde Augustinus sê iewers dat hy deur dieselfde gevaar so ontstel is dat hy soms wens dat die gebruik wat deur Athanasius gehandhaaf is, weer ingestel word. Hy het die voorleser naamlik beveel om (sy woorde) met so 'n matige stembuiging te laat hoor dat dit eerder sou klink of hy praat as dat hy sing. Maar wanneer hy weer daaraan gedink het hoeveel nut sang vir hom teweeggebring het, het hy weer tot die teendeel geneig.[314] As hierdie matigheid toegepas word, is dit ongetwyfeld 'n baie heilige en heilsame instelling. So is aan die ander kant al die liedere wat vir die aangenaamheid en genot vir ons ore gekomponeer is,[315] nie vir die majesteit van die kerk betaamlik nie, en hulle kan God slegs grootliks mishaag.

## 33. *'n Gebed moet in eie taal gedoen word* OS 343

Daaruit blyk ook duidelik dat openbare gebede onder Latynsprekendes nie in Grieks en onder Franse of Engelse nie in Latyn gedoen moet word soos tot dusver oral gedoen is nie, maar in die volkstaal wat algemeen deur die hele vergadering verstaan kan word. Dit is immers paslik dat dit tot stigting van die hele kerk moet geskied wat uit 'n geluid wat dit nie verstaan nie, hoegenaamd geen vrug pluk nie. Die mense wat trouens nie met die liefde of medemenslikheid rekening hou nie, moes ten OC 660
minste ietwat deur Paulus se gesag beweeg word omdat sy woorde ondubbelsinnig is. Hy sê: "As jy met die gees danksê, hoe sal iemand wat die plek van 'n onkundige inneem, op jou dankgebed 'Amen' antwoord as hy nie weet wat jy sê nie? Want jy betuig wel dank, maar die ander een word nie daardeur gestig nie."[316] Wie sou hom dan genoeg verbaas vir die ongebreidelde vrysinnigheid van die pousgesindes, wat ten spyte daarvan dat die apostel hom so uitdruklik daarteen verset, nie daarvan terugdeins om in 'n vreemde taal gebede met 'n oorvloed woorde uit te basuin waarvan hulle self soms nie 'n enkele lettergreep begryp nie en ook nie wil hê dat ander dit moet begryp nie?
Paulus skryf ons trouens 'n heeltemal ander handelwyse voor. Hy sê: "Hoe dan? Ek sal met die gees bid, maar ek sal ook met die verstand bid.

[314] Marg. *Confess. lib. 10. cap. 33.* Augustinus, *Confes.* 10.33.50 (MPL 32:800; CSEL 33:263 e.v.; Fr. 1560: + *c'est d'approuver le chant* (Benoit 3:375).

[315] Fr. 1541 e.v.: + ... *comme sont tous les fringots et fredons de la Papisterie, et tout ce qu'ils appellent musique rompue et chose faite et chants à quatre parties* (Benoit 3:375).

[316] Marg. *1. Cor. 14.c.16.* Vgl. ook vers 17.

Ek sal met die gees psalmsing, maar ek sal ook met die verstand psalmsing".[317] Met die woord *gees* dui hy daar die besondere gawe van tale aan wat sommiges wat die gawe gehad het, misbruik het, aangesien hulle dit van die verstand, dit is van begrip, losgeskeur het. Nogtans moet ons ten volle daarvan bewus wees dat dit hoegenaamd nie moontlik is, nòg in openbare gebed nòg in persoonlike gebed, dat die tong sonder die hart God baie kan behaag nie. Buitendien moet ons besef dat ons verstand (so) deur die vuur van ons gedagtes opgewek moet word dat dit alles wat die tong deur spraak kan uitdruk, ver te bowe moet gaan. Ten slotte moet ons weet dat die tong vir 'n persoonlike gebed selfs nie eens noodsaaklik is nie, behalwe in soverre òf die innerlike gevoel nie kragtig genoeg is om homself aan te por nie òf die heftigheid van die opwekking die tong ook tot handeling meesleur. Want hoewel die beste gebede soms sonder klank is, gebeur dit nogtans dikwels dat wanneer daar 'n opbruising van die ontroering van die verstand plaasvind, die tong in klank en ander ledemate in gebare sonder eersug uitbars. Hieruit het Hanna se onduidelike gefluister natuurlik gekom,[318] en al die heiliges ervaar voortdurend iets soortgelyks in hulle wanneer hulle in gebroke en stotterende stemme uitbars. Liggaamsgebare wat gewoonlik in 'n gebed waargeneem word, soos die buig van die knieë en die ontbloting van die kop, is oefeninge waardeur ons poog om tot groter eerbied vir God op te styg.

### *Die 'Onse Vader': die eerste drie bedes (Afdeling 34 - 42)*

### 34. *Inleiding: 'n sekerder manier van gebed* OS 344

Nou moet ons nie alleen 'n meer bepaalde manier om te bid leer ken nie maar ook meer bepaald die vorm self - dié gebed naamlik wat die hemelse Vader deur sy geliefde Seun aan ons oorgelewer het[319] en waaruit ons sy onmeetlike goedheid en sagmoedigheid te wete kan kom. Want benewens die feit dat Hy ons vermaan en aanspoor om Hom in elke behoefte te soek - soos kinders gewoonlik hulle toevlug tot die vertroue in hulle ouers neem so dikwels as wat hulle deur enige benoudheid gekwel word - en aangesien Hy gesien het dat ons nie eens genoeg kon bemerk hoe benard ons armoede is om wat billik en in ons belang is van Hom te vra nie, het Hy ook hierdie onkunde van ons tegemoet gekom en dit wat in ons eie begrip ontbreek het, uit syne

[317] Marg. *Ibidem, 14.c.15* (1 Kor. 14:15). Fr. 1560: + *Auquel passage il use de ce mot d'Esprit, au lieu que nous avons mis Voix* (Benoit 3:376).

[318] Marg. *1. Sam. 1.b.13.*

[319] Marg. *Matth. 6.b.9; Luc. 11.a.2.* Vgl. in beide verwysings ook die daaropvolgende verse en OC 45:195 e.v.

aangevul en volgemaak. Want Hy het vir ons 'n formule voorgeskryf waarin Hy soos op 'n tafel uiteengesit het wat ons van Hom mag vra, wat Hy in ons belang ag en wat ons moet vra. Uit sy goedertierenheid pluk ons groot vrug tot vertroosting omdat ons besef dat ons Hom niks belagliks, niks vreemds of onvanpas - kortom: niks wat vir Hom OC 661 onaanvaarbaar is,[320] vra nie aangesien ons byna uit sy eie mond daarom vra.

Toe Plato mense se onbedrewenheid om hulle wense aan God oor te dra, gesien het omdat dit baie dikwels hulle belang sleg ter harte sou neem as dit wel toegestaan sou word, verklaar hy dat die volgende, wat hy aan 'n digter van ouds ontleen het, die beste manier is om te bid: "Koning Jupiter, skenk ons die beste wanneer ons dit wens en wanneer ons dit nie wens nie, maar beveel dat die kwade ver van ons weg mag wees ook wanneer ons daarom vra".[321] En hoewel hy 'n heiden was, is hy tog daarin verstandig dat hy oordeel hoe gevaarlik dit is om van die Here te bid wat ons begeerte aan ons voorsê. Tegelyk bring hy ook ons ongelukkige toestand aan die lig omdat ons selfs nie eens ons mond sonder gevaar voor God kan oopmaak as die Gees ons nie leer hoe om reg te bid nie.[322] Daarom verdien hierdie voorreg dat dit groter waarde by ons moet dra wanneer die eniggebore Seun van God ons die woorde in die mond lê om ons verstand van alle weifeling vry te stel.

### 35. *Die 'Onse Vader' word in ses bedes verdeel*

Hierdie gebedsvorm of gebedsreël is uit ses bedes saamgestel. Want die feit dat ek nie saamstem met diegene wat dit in sewe hoofpunte A 326 onderskei nie,[323] berus daarop dat die skrywer van die Evangelie skynbaar twee dele met mekaar wou verbind deur die invoeging van 'n teenstellende voegwoord. Dit is asof hy gesê het: "Laat ons nie deur versoeking verdruk word nie maar kom eerder ons swakheid te hulp en verlos ons sodat ons nie beswyk nie". Ook die skrywers van ouds van die OS 345 kerk stem hierin met ons ooreen,[324] sodat dit wat in Matteus in die sewende plek bygevoeg is, eksegeties onder die sesde bede tuisgebring moet word.

Hoewel die hele gebed van so 'n aard is dat ons oral veral God se

[320] Fr. 1560: *quand ainsi ensuyvans sa reigle* (Benoit 3:377).

[321] Marg. *In Alcib. 2. vel De voto.* Vgl. Plato, *Alcibiades* 2.143 - 143 (LCL Plato 8:244).

[322] Marg. *Rom. 8.e.26.*

[323] Marg. *August. in Enchirid. ad Laurent. cap. 116.* Augustinus, *Ench. ad Laurent.* 115 (MPL 40:285); vgl. ook Luther, *Ench. piar. prec.* (WA 30,1:264 e.v., 206 e.v.; vgl. ook sy *Eine kurze Form des Vaterunsers* (WA 7:229) wat hierin met die Roomse ooreenstem. Calvyn beskou die bede "Lei ons nie in versoeking nie maar verlos ons van die bose" as 'n eenheid en daarom een bede.

[324] Marg. *Chrysost. autho. ope. imper.* Vgl. Pseudo-Chrysostomos, *Opus imperfectum in Matth. hom.* 14 (MPG 56:715)

heerlikheid in aanmerking moet neem,[325] is die eerste drie bedes nogtans besonderlik op God se heerlikheid ingestem. Hierop alleen behoort ons ons oë te rig sonder enige oorweging, soos hulle sê, vir ons eie voordeel. Die oorblywende drie bedes dra sorg vir ons en is eintlik afgestem op die versoek van die dinge wat tot ons voordeel is. Wanneer ons byvoorbeeld vra dat God se Naam geheilig moet word, moet ons geen oorweging vir ons eie belang hê nie, want God wil op die proef stel of ons Hom verniet of in die hoop op beloning liefhet en dien. Maar ons moet sy heerlikheid vooropstel, en, met ons oë hierop vasgenael, moet ons slegs daarna kyk, en in ander gebede van hierdie aard mag ons nie anders ingestem wees nie. En dit strek ons inderdaad tot groot voordeel omdat, wanneer sy Naam geheilig word, soos ons vra, Hy op sy beurt ons heiligmaking word. Maar, soos ons gesê het, behoort ons ons oë vir so 'n voordeel te sluit en hulle moet in 'n sekere sin daarvoor blind wees sodat hulle hoegenaamd nie daarop gerig is nie.[326] As alle hoop op ons persoonlike welsyn byvoorbeeld afgesny is, moet ons nogtans nie ophou om hierdie heiligmaking en ander dinge wat op die heerlikheid van God betrekking het, te begeer en in ons gebede te vra nie. Ons kan dit byvoorbeeld in die voorbeelde van Moses en Paulus sien, vir wie dit geen probleem was om hulle gedagtes en hulle oë van hulleself af te wend en met heftige en brandende ywer hulle eie ondergang te vra om OC 662
die heerlikheid en die koninkryk van God te bevorder ten spyte van skade vir hulleself nie.[327]
Wanneer ons aan die ander kant vra dat ons daaglikse brood aan ons gegee moet word, al sou ons iets begeer wat tot ons voordeel is, behoort ons nogtans ook in hierdie geval die heerlikheid van God bo alles te soek sodat ons dit selfs nie eens sal vra tensy dit tot sy heerlikheid strek OS 346
nie. Laat ons nou oorgaan tot die vertolking van die gebed self.

### *"Ons Vader wat in die hemel is"*

### 36. *"Ons Vader"*

Juis op die drumpel van die gebed kom ons ten eerste teë wat ek vroeër al vermeld het,[328] naamlik dat ons elke gebed nie anders as net in Christus se Naam nie aan God moet bring omdat geen gebed in iemand anders se naam aan Hom gerig kan word nie. Want na aanleiding daarvan

[325] Fr. 1541 e.v.: + ... *derechef, combien qu'il nous soit expédient que tout ce qui y est contenu advienne comme nous le demandons* (Benoit 3:378).

[326] Fr. 1541 e.v.: *Mais, comme dit est, nous ne devons pas pourtant avoir aucun esgard à ce profit* (Benoit 3:378).

[327] Marg. *Exodi. 32.g.32; Rom. 9.a.3.* Vgl. OC 49:170 e.v.

[328] Vgl. *Inst.* 3.20.21 (Afr. vert. 3:1110 - 1111) en verder ook afdelings 37 en 38 (Afr. vert. 3:1134, 1136).

dat ons God *ons Vader* noem, hou ons bepaald ook die Naam van Christus voor. Met watter vertroue sou iemand God immers sy Vader kon noem? Wie sou nie deur die perke van onbesonnenheid gebars het om hom die eer as kind van God aan te matig as dit nie was dat ons in Christus tot kinders van genade aangeneem is nie? En aangesien Hy waaragtig sy Seun is, is Hy deur Homself as Broer[329] aan ons gegee sodat die eienskap wat Hy van nature besit, deur die weldaad van sy aanneming ook ons s'n mag word as ons so 'n groot weldaad met vaste geloof omhels. Soos Johannes sê: "dat die mag gegee is aan die wat in die Naam van die eniggebore Seun van God glo, om self ook kinders van God te word".[330] Derhalwe noem Hy Hom self ook ons Vader, en dit is sy wil om deur ons ook so genoem te word. Deur so 'n groot lieflikheid van sy Naam neem Hy alle wantroue van ons af weg, aangesien daar geen groter gevoel van liefde as in die Vader gevind kan word nie.[331] Daarom kon Hy sy onmeetlike liefde jeens ons met geen sekerder bewys betuig as daardeur dat ons kinders van God genoem word nie. Maar sy liefde jeens ons is soveel groter en soveel uitmuntender as al die liefde van ons ouers as wat Hy alle mense in goedheid en genade oortref. As byvoorbeeld al die vaders op die wêreld alle gevoel van vaderlike toegeneentheid ontneem sou word en hulle hulle kinders sou versaak, sal Hy ons nooit in die steek laat nie,[332] want Hy kan Homself nie verloën nie.[333]
Ons het immers sy belofte[334]: "As julle, hoewel julle sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer dan nie julle Vader wat in die hemel is nie?"[335] Net so by die profeet: "Kan 'n moeder haar kinders vergeet? Al sou sy hulle nog vergeet, sal Ek jou nogtans nie vergeet nie".[336] Maar net soos 'n kind hom nie aan die sorg van 'n buitestaander of 'n vreemdeling kan toevertrou sonder om terselfdertyd OS 347
oor die wreedheid of hulpeloosheid van sy vader te kla nie, so kan ons, as ons sy kinders is, nie hulp van elders as van Hom vra sonder om Hom sy armoede en gebrek aan lewensmiddele of sy wreedheid en uitermatige strengheid te verkwalik nie.

### 37. *Die inleiding 'Ons Vader' moet geen vrees by ons inboesem nie maar groot vertroue*

En laat ons nie as verskoning aanvoer dat ons tereg deur die kennis van

[329] Vgl. afdeling 21 hierbo (Afr. vert. 3:1110).
[330] Marg. *Iohan. 1.b.12.* Vgl. OC 47:9 - 10.
[331] Marg. *1. Iohan. 3.a.1.* Vgl. OC 55:329 e.v.
[332] Marg. *Psal. 27.d.10; Iesa. 63.d.16.* 1553: + *Iesa. 49.d.15 et...* Vgl. OC 31:277; 37:204 - 205.
[333] Marg. *2. Tim. 2.b.13.*
[334] Fr. 1541 e.v.: *promesse, laquelle il nous a donnée par son Fils, nostre rédempteur disant* (Benoit 3:379).
[335] Marg. *Matth. 7.b.11.* Vgl. OC 45:219.
[336] Marg. *Iesa. 49.d.15.*

ons sonde beskroomd word nie omdat dit die Vader elke dag toornig teenoor ons maak al is Hy sagmoedig en vriendelik. Want as 'n kind onder die mense geen beter pleitbesorger kan hê om sy saak voor sy vader te stel en geen beter bemiddelaar om sy verlore guns te herwin as OC 663 wanneer hy self smekend en deemoedig sy skuld erken en sy vader om genade vra nie - want dan kan vaders hulle deernis nie verberg sonder om deur sulke versoeke beïnvloed te word nie - wat dan van die Vader van barmhartigheid en die God van alle vertroosting?[337] Sal Hy nie eerder die trane en versugtinge van sy eie kinders verhoor wanneer hulle Hom daarom smeek, in besonder aangesien Hy ons daartoe nooi en aanspoor eerder as enige voorspraak van ander nie? Mense neem hulle toevlug paniekerig tot die bystand van sulke mense nie sonder 'n skyn van wanhoop nie, omdat hulle die vriendelikheid en sagmoedigheid van hulle eie vader wantrou.

Hy skilder en beeld hierdie oorvloed van vaderlike vriendelikheid in 'n gelykenis soos volg uit[338]: Toe 'n seun van sy vader vervreem geraak, sy eiendom losbandig verkwis en op elke moontlike wyse swaar teen hom gesondig het, omhels sy vader hom nogtans met ope arms. En hy wag nie totdat hy hom om vergiffenis vra nie, maar hy spring hom voor. Toe hy terugkeer, herken hy hom van ver af; hy hardloop hom vanself tegemoet; A 327 hy troos hom en neem hom in genade aan.[339] Wanneer Hy trouens hierdie voorbeeld van so 'n groot goedertierenheid wat in die geval van 'n mens gesien kan word, aan ons voorhou, was dit sy wil om ons te leer hoeveel oorvloediger ons dit van Hom moet verwag, nie alleen omdat Hy ons Vader is nie maar verreweg die heel beste en genadigste van alle vaders, as ons ons maar net op sy goedertierenheid beroep ten spyte daarvan dat ons ondankbare, wederstrewige en slegte kinders is. En om ons geloof dat Hy so 'n Vader vir ons is as ons Christene is, nog meer te bestendig, was dit sy wil dat ons Hom nie slegs *'Vader'* nie maar uitdruklik *'Ons Vader'* moet noem. Dit is net asof ons soos volg met Hom praat: "Vader, U wat so 'n groot liefde teenoor u kinders het, so 'n groot geneëntheid om hulle te vergewe, ons, u kinders, roep U aan en bid tot U, en ons is vas en seker daarvan oortuig dat U geen ander gesindheid jeens ons koester as u vaderlike goedertierenheid nie hoewel ons nie so 'n Vader waardig is nie."[340]

Omdat die beperkinge van ons hart die onmeetlikheid van so 'n goedgunstigheid nie kan bevat nie, is Christus nie alleen vir ons die pand en waarborg van ons aanneming nie, maar Hy gee ook die Gees as

[337] Marg. *2. Cor. 1.a.3.* Vgl. OC 50:9.
[338] Vgl. Luk. 15:11 - 32 en OC 45:506 e.v.
[339] Marg. *Luc. 15.e.20.*
[340] Fr. 1560: + ... *quelque mauvaistié qu'ayons eue, ou quelque imperfection ou povreté qui soit en nous* (Benoit 3:381).

getuie van dieselfde aanneming aan ons, deur wie ons met 'n vrymoedige en helderklinkende stem kan uitroep: "Abba, Vader!"[341] So dikwels as wat enige vertwyfeling dus vir ons 'n struikelblok is, moet ons onthou om Hom te vra om ons vreesagtigheid weg te neem en 'n gees van grootmoedigheid as leidsman aan ons te gee om vrymoedig te bid.

### 38. *Die inleiding 'Ons Vader' dui ook op die gemeenskap wat die Here in sy koninkryk ingestel het*

Ons word egter nie so geleer dat elkeen Hom in besonder net sy Vader moet noem nie maar eerder dat ons almal saam Hom ons Vader moet noem. Daaruit word ons vermaan hoe groot die gevoel van broederliefde onder ons behoort te wees aangesien ons almal tegelyk met dieselfde reg van barmhartigheid en onverdiende milddadigheid kinders van so 'n Vader is. Want as ons almal een gemeenskaplike Vader het[342] uit wie alle goeie dinge kom wat ons te beurt kan val, behoort niks onder ons verdeel te wees wat ons nie met groot blymoedigheid bereid is om die een met die ander te deel in soverre die behoefte daaraan dit vereis nie. As ons dus nou, soos dit ons betaam, die begeerte koester om mekaar die hand te reik en mekaar te onderskraag, is daar geen opsig waarin ons ons medebroeders meer kan bevoordeel as om hulle aan die voorsienige sorg van die allerbeste Vader op te dra nie. Want as Hy genadig en goedgunstig is, kan niks meer verlang word nie. En ons is dit inderdaad ook aan ons Vader verskuldig. Want net soos iemand wat die vader van sy gesin waarlik en van harte liefhet, tegelyk egter ook sy hele huis met liefde en goedgesindheid omhels, net so betaam dit ons om dieselfde ywer en gesindheid as wat ons teenoor ons hemelse Vader het, teenoor sy volk, sy gesin en ten slotte sy erfenis te bewys omdat Hy dit so hoog geag het dat Hy dit *die volheid van sy eniggebore Seun* genoem het.[343] 'n Christen moet dus sy gebede aan hierdie gebedsreël meet dat dit gemeenskaplik moet wees en almal moet insluit wat in Christus ook sy broers is - en nie slegs die mense wat hy teenswoordig as sodanig sien en erken nie, maar alle mense wat op die aarde lewe. Wat God se raadsplan met hulle was, is aan ons onbekend behalwe dat dit ewe vroom as menslik is om die heel beste vir hulle te verlang en te hoop. En tog behoort ons met besondere geneentheid bo ander tot die huisgenote van die geloof te neig omdat die apostel hulle besonderlik in elke saak by ons aanbeveel.[344]

[341] Marg. *Galat. 4.a.6.* Vgl. OC 50:227 - 229.

[342] Marg. *Matth. 23.a.9.* Vgl. OC 45:625 e.v.

[343] Marg. *Ephes. 1.d.24* (*recte*: Ef. 1:23).

[344] Marg. *Galat. 6.c.10.* Vgl. OC 50:263. Fr. 1541 e.v.: + *Et ce sont ceux que cognoissons, d'autant qu'en pouvons iuger, estre présentement des vrais fidèles et serviteurs de Dieu* (Benoit 3:382).

Kortom: al ons gebede moet so wees dat hulle daardie gemeenskap in OS 349 die oog hou wat ons Here in sy koninkryk en in sy huis tot stand gebring het.

### 39. *Gebed en liefdesgawes*

En tog verhinder dit ons nie om besonderlik vir onsself of vir bepaalde mense te bid nie mits ons gemoed inderdaad nie afwyk of wegdwaal daarvan om hierdie gemeenskap in die oog te hou nie, maar alles daarop rig. Want hoewel ons gebede afsonderlik gevorm word, hou hulle nie op om gemeenskaplik te wees nie omdat hulle almal op hierdie doel afgestem is.

Dit kan in geheel maklik aan die hand van 'n vergelyking begryp word. Daar bestaan 'n algemene gebod van God om die nood van armoediges te verlig en tog gehoorsaam mense dit as hulle met hierdie doel voor oë die gebrek van mense van wie hulle weet of sien dat hulle swaarkry, te hulp kom selfs al gaan hulle baie ander mense verby wat deur 'n nood wat nie ligter is nie, verdruk word. Hulle is immers nie in staat om almal te ken of in almal se behoefte te voorsien nie. Net so is mense nie in stryd met God se wil as hulle hulle oë en gedagtes op hierdie algemene kerkgemeenskap vestig en besondere gebede van so 'n aard formuleer dat hulle daarin, met die algemene belang in gedagte, hulleself of ander mense wie se behoeftes God nader aan hulle bekend wou stel, met besondere woorde aan Hom opdra nie.

Alles is nogtans nie gelyk in 'n vergelyking tussen 'n gebed en geldelike bystand nie. Die welwillendheid van 'n skenking kan trouens slegs beoefen word teenoor mense wie se behoefte deur ons raakgesien is, maar met ons gebed kan ons selfs die vreemdste en onbekendste mense help, hoe ver hulle ook al van ons geskei is. Dit gebeur deur daardie algemene gebedsformulier waarby al die kinders van God ingesluit word, en onder hulle is ook sulke mense. Ons kan Paulus se aansporing aan die gelowiges van sy tyd hierop betrek, naamlik dat hulle oral rein hande sonder twis moet ophef.[345] Want wanneer hy leer dat tweedrag die deur OC 665 vir gebede sluit, wil hy dat hulle eendragtig hulle gebede saam moet opdra.

### 40. *Die betekenis van die byvoeging "wat in die hemel is"*

Daarby staan geskryf dat Hy in die hemel is.[346] Hieruit moet nie terstond die afleiding gemaak word dat Hy deur die hemelboog asof deur

[345] Marg. *1. Tim. 2.c.8.*
[346] Vgl. Matt. 6:9.

bepaalde perke ingesluit, begrens of gebind word nie. Salomo bely trouens dat die hemele van die hemele Hom nie kan bevat nie.[347] Deur die profeet sê Hy self dat die hemel sy troon is en die aarde die voetbank van sy voete.[348] Daarmee gee Hy natuurlik te kenne dat Hy nie in 'n bepaalde gebied ingeperk word nie maar dat Hy Hom oor alle dinge uitsprei. Omdat ons verstand vanweë die grofheid daarvan andersins A 328 geen begrip van sy onuitspreeklike heerlikheid kan vorm nie, is dit vir ons afgebeeld deur die hemel en niks verhewener of voller van sy majesteit as dit kan onder ons oë kom nie. Aangesien ons sintuie dus gewoonlik alles verbind aan die plek waar hulle iets waarneem, word God buite enige plek gestel, sodat ons bo alle gevoel van liggaam of siel OS 350 verhef word wanneer ons Hom wil soek.

Verder word Hy met hierdie spreekwyse bo alle wisselvalligheid van bedorwenheid of verandering verhef. Ten slotte word daarmee aangedui dat Hy die hele wêreld omvat, dit insluit en met sy mag bestuur. Daarom is dit net asof daar van Hom gesê word dat Hy 'n oneindige grootheid of hoogheid, 'n onbegryplike wese, 'n onmeetlike mag en 'n ewige onsterflikheid is. Maar wanneer ons dit hoor, moet ons ons gedagtes hoër ophef wanneer God ter sprake is, sodat ons niks aards of vleesliks van Hom sal versin of Hom aan ons eie afmetinkies sal meet of sy wil teen ons begeertes sal opweeg nie. Tegelyk moet ons ons vertroue op Hom rig omdat ons besef dat die hemel en die aarde deur sy voorsienigheid en mag geregeer word.

Samevattend kom dit hierop neer: Onder die Naam *Vader* word daardie God aan ons voorgehou wat in sy beeld aan ons verskyn het sodat Hy met 'n vaste geloof aangeroep kan word. Die bekende woord *Vader* dra nie alleen by om vertroue te wek nie maar ook om ons verstand daarvan te weerhou om na onsekere of versonne gode verlei te word en van die eniggebore Seun na die enigste Vader van die engele en die kerk uit te styg. Verder: omdat sy troon in die hemel gestel word, word ons uit sy beheer oor die aarde geleer dat ons nie tevergeefs na Hom toe kom nie en dat Hy ons vanself met daadwerklike sorg te hulp kom. Die apostel sê: "Hulle wat na God gaan, moet eers glo dat Hy God is en dan dat Hy die Beloner is van almal wat Hom soek."[349] Christus eien beide hierdie eienskappe vir sy Vader toe, naamlik, dat ons geloof in Hom moet berus en verder dat ons daarvan oortuig moet wees dat ons saligheid nie deur Hom veronagsaam sal word nie omdat Hy Hom verwerdig om sy voorsienigheid ook na ons uit te brei. Met hierdie grondbeginsels berei Paulus ons voor om na behore te bid, want voordat hy ons beveel om ons

[347] Marg. *1. Reg. 8.c.37* (*recte*: 1 Kon. 8:27).

[348] Marg. *Iesa. 66.a.1; Act. 7.f.49, & 17.f.24.* Vgl. OC 48:160 e.v.; 409 e.v.

[349] Marg. *Hebr. 11.b.6.* Vgl. OC 55:147 e.v.

begeertes voor God bekend te maak,[350] sê hy ter inleiding soos volg: "Wees oor niks besorg nie: die Here is naby".[351] Hieruit is dit duidelik dat mense wat nie deeglik in hulle harte ingegrif het dat God se oog oor al die regverdiges is[352] nie, weifelend en bekommerd oor hulle begeertes nadink.

### 41. *Die eerste bede: "Laat u Naam geheilig word"* OC 666

Die eerste bede is dat God se Naam geheilig moet word.[353] Die noodsaaklikheid hiervan is nou verbonde aan ons groot skande. Wat is immers onwaardiger as dat gedeeltelik ons ondankbaarheid en gedeeltelik ons boosheid God se heerlikheid verduister en dat inderdaad sover dit binne ons vermoë is, ons vermetelheid en waansinnige voortvarendheid dit vernietig? Al sou al die goddeloses met heiligskennis en losbandigheid daarteen losbars, skitter die heiligheid van God se Naam nog. Dit is nie sonder rede nie dat die profeet uitroep: "Soos u Naam is, o God, is u lof tot aan die eindes van die aarde".[354] Want oral waar God bekend geword het, daar moet noodwendig ook sy deugde, sy mag, goedheid, wysheid, geregtigheid, barmhartigheid, waarheid te voorskyn kom wat ons meesleur om Hom te bewonder en ons opwek om sy lof te verheerlik. Omdat God se heiligheid Hom dus so onwaardig hier op aarde ontneem word, al is dit ons dan nie gegun om dit hier te handhaaf nie, word ons ten minste gebied om in ons gebede daaroor besorg te wees.

Samevattend is dit soos volg: Ons begeerte moet wees dat God die eer wat Hy waardig is, moet hê en dat mense nooit oor Hom sonder die grootste eerbied mag praat of dink nie. Hierteenoor staan die ontheiliging (van sy Naam) wat altyd te algemeen in die wêreld was en tans nog in swang is. Van hier dus die noodsaaklikheid vir hierdie bede, wat eintlik oorbodig sou wees as daar maar net 'n matige godsvrug onder ons geleef het. Maar as God se Naam eers sy heiligheid het wanneer dit van alle ander name afgesonder is en suiwer heerlikheid adem, word ons hier nie alleen gebied om te vra dat God sy heilige Naam van alle minagting en versmading moet bevry nie maar ook dat Hy die hele mensdom moet dwing om sy Naam te eerbiedig.

Aangesien God Hom nou gedeeltelik deur sy leer en gedeeltelik deur sy werke aan ons openbaar, word Hy slegs deur ons geheilig wanneer ons in albei hierdie opsigte aan Hom gee wat Hom toekom, en so ook alles

[350] Marg. *Philip. 4.b.6.*
[351] Vgl. Fil. 4:5.
[352] Marg. *Psal. 33.d.18.* Vgl. OC 31:332 - 333.
[353] Vgl. Matt. 6:9.
[354] Marg. *Psal. 48.a.11.* Vgl. OC 31:478 - 479.

wat van Hom af kom, aanvaar en sy gestrengheid net soveel as sy sagmoedigheid onder ons geloof word. Want in die menigvuldige verskeidenheid van sy werke het Hy tekens van sy heerlikheid ingegraveer wat met reg 'n belydenis van sy lof van alle tonge moet ontlok. So sal dit gebeur dat die Skrif gegronde gesag onder ons sal beklee en dat geen gebeurtenis ons daarvan sal weerhou om aan God die lofbetuiging te bring wat Hy in die hele verloop van sy regering van die wêreld verdien nie. Aan die ander kant strek hierdie bede ook daartoe dat alle goddeloosheid wat hierdie heilige Naam verontreinig, tot niet mag gaan en vernietig mag word; dat alles wat hierdie heigmaking verduister of verswak - belastering sowel as bespotting daarvan - verdryf mag word en dat God se majesteit meer en meer verheerlik mag word wanneer Hy alle heiligskennis aan bande lê.

## 42. *Die tweede bede: "Laat u koninkryk kom"* OS 352

Die tweede bede is dat die koninkryk van God mag kom.[355] En hoewel dit niks nuuts bevat nie, word dit nie sonder rede van die eerste bede onderskei nie, want as ons ons slaperigheid in hierdie belangrikste van alle sake in aanmerking neem, moet dit wat vir ons op sigself 'n baie bekende onderwerp behoort te wees, met baie woorde in ons ingestamp word. Nadat ons derhalwe gebied is om God te vra om alles wat sy heilige Naam bevlek, te onderwerp en uiteindelik heeltemal te uit te wis, word nou 'n tweede soortgelyke en bykans identiese bede bygevoeg, OC 667 naamlik dat sy koninkryk moet kom. Hoewel ek al vroeër 'n beskrywing van hierdie koninkryk gegee het,[356] herhaal ek dit nou kortliks: God regeer waar mense hulle sowel deur selfverloëning as deur die veragting van die wêreld en hulle lewe op aarde aan sy geregtigheid A 329 toegesê het om na die hemelse lewe te streef. Sy koninkryk bestaan dus uit twee dele: die een is dat God alle bose begeertes van ons vlees wat in hordes teen Hom stry, deur die krag van sy Gees moet regstel, en die tweede, dat Hy al ons sinne moet vorm om sy heerskappy te gehoorsaam. Derhalwe hou slegs die mense hulle by die regmatige orde in hierdie bede wat by hulleself begin, naamlik om hulle te reinig van al die bedorwenheid wat die rustige staat van God se koninkryk versteur en die reinheid daarvan besmet.

Omdat God se Woord soos 'n koning se septer is, word ons hier gebied OS 353 om te bid dat Hy almal se verstand en harte in gewillige gehoorsaamheid daaraan moet onderwerp. Dit gebeur wanneer Hy deur die verborge inspirasie van sy Gees die kragdadigheid van sy Woord openbaar sodat

[355] Vgl. Matt. 6:10 en OC 45:197 - 198.
[356] Vgl. *Inst.* 3.3.19 en 3.20.6 - 10 (Afr. vert. 3:793 - 794; 1084 - 1091).

dit uitstaan in die ereposisie wat dit verdien. Daarna moet ons oorgaan tot die goddelose mense wat sy heerskappy halsstarrig en met desperate waansin weerstaan. God rig dus sy koninkryk op deur die hele wêreld te verneder maar op verskillende maniere, want Hy tem sommiges se uitspattighede en verbreek ander se ongetemde hooghartigheid. Ons moet bid dat dit elke dag moet gebeur dat God vir Hom kerke uit al die streke van die wêreld mag versamel, hulle getalle mag uitbrei en vermeerder, hulle met sy gawes mag verryk en wettige orde in hulle mag vestig. Aan die ander kant dat Hy al die vyande van die suiwer leer en godsdiens plat mag slaan, dat Hy hulle planne tot niet mag maak en hulle voornemens mag verydel. Hieruit is dit duidelik dat die ywer om elke dag daarin vordering te maak ons nie verniet voorgeskryf word nie. Dit gaan trouens nooit so goed met menslike sake dat hulle die vuilheid van hulle sondes van hulle kan afskud, hulle daarvan kan reinig en dat opregtheid vol in die blom staan en kragtig is nie. Die volheid daarvan word egter uitgestel tot die laaste koms van Christus wanneer, soos Paulus leer, God alles in almal sal wees.[357]

So moet hierdie bede ons van die bedorwenheid van die wêreld af wegtrek omdat dit ons van God skei sodat sy koninkryk geen krag in ons mag hê nie. Tegelyk moet dit ons ywer aanvuur om ons vlees af te sterf, en ten slotte moet dit ons leer om ons kruis te dra, want God wil dat sy koninkryk so uitgebrei moet word. En ons moet inderdaad nie daarmee onvergenoeg wees dat ons uiterlike mens bederf word nie, mits die innerlike mens maar hernuwe word.[358] Want dit is 'n voorwaarde van die koninkryk van God dat Hy ons deelgenote in sy heerlikheid maak wanneer ons ons aan sy geregtigheid onderwerp. Dit gebeur wanneer Hy sy lig en waarheid waardeur die duisternis en leuens van die Satan en sy ryk verdwyn, uitgeblus word en ten gronde gaan, altyd met nuwe wasdom laat skitter. Dit gebeur wanneer Hy die wat aan Hom behoort, beskerm, hulle met die hulp van sy Gees tot opregtheid lei en hulle die krag gee om te volhard. Dit gebeur wanneer Hy die goddelose sameswerings van sy vyande omverwerp, hulle hinderlae en bedrog ontbloot, hulle boosheid teenstaan en hulle hardkoppigheid onderdruk totdat Hy uiteindelik die antichris deur die Gees van sy mond onderwerp en alle goddeloosheid deur die glans van sy koms vernietig.[359]

### 43. *Die derde bede: "Laat u wil geskied in die hemel soos op die aarde"* OS 354

Die derde bede is dat God se wil op die aarde soos in die hemel moet ge-

[357] Marg. *1. Cor. 15.d.28.* Vgl. OC 49:330.
[358] Vgl. 2 Kor. 4:16.
[359] Vgl. 2 Tess. 2:8 en OC 52:201.

skied.[360] Hoewel dit van sy koninkryk afhang en nie daarvan losgemaak kan word nie, word hierdie bede tog om 'n goeie rede afsonderlik bygevoeg vanweë ons onkunde wat nie maklik of dadelik kan begryp wat OC 668 dit beteken dat God op aarde regeer nie. Dit is daarom nie ongerymd om dit as 'n uitleg op te neem nie, naamlik dat God eers dan op die wêreld sal regeer wanneer almal hulle aan sy wil onderwerp. Verder handel dit hier nie om sy verborge wil waardeur Hy alles beheer en vir sy doel bestem nie.[361] Want al sou die Satan en die mense stormagtig teen Hom uitwoed, weet Hy nogtans in sy onbegryplike raadsplan hoe om hulle aanslae nie alleen af te keer nie maar dit so te orden dat Hy deur hulle doen wat Hy besluit het.

Maar hier word op 'n ander wil van God gedui - 'n wil naamlik, waaraan 'n gewillige gehoorsaamheid beantwoord. Daarom word die hemel uitdruklik met die aarde vergelyk omdat die engele, soos daar in die psalm gesê word, God gewillig gehoorsaam en gereed is om sy bevele uit te voer.[362] Ons word dus beveel om te bid dat, soos daar in die hemel niks gebeur sonder dat God dit wil nie en die engele hulle rustig na alle regskapenheid skik, die aarde net so aan sy heerskappy onderwerp mag OS 355 word nadat alle weerspannigheid en boosheid uitgeroei is. En wanneer ons dit inderdaad vra, sien ons af van die begeertes van ons vlees. As iemand immers nie van sy begeertes afsien en hom aan God oorgee nie, weerstaan hy God se wil sover dit in sy mag is, omdat niks uit ons voortkom wat nie sondig is nie.

En met hierdie bede word ons weer eens geleer om onsself te verloën sodat God ons na sy goeddunke kan regeer - en nie alleen dit nie maar ook dat Hy ons verstand en hart tot niet mag maak en nuwes mag skep sodat ons geen emosie van begeerte in ons mag voel behalwe louter eenstemmigheid met sy wil nie. Kortom: dat ons uit onsself niks wil nie maar dat sy Gees ons harte mag regeer sodat ons deur sy inwendige onderwysing kan leer om die dinge lief te hê wat Hom behaag en die dinge te haat wat Hom mishaag. Hieruit volg ook dat Hy al ons gevoelens wat teen sy wil stry, mag verydel en vernietig.

Hier is dan nou die eerste drie afdelings van die gebed. Wanneer ons dit bid, moet ons God se heerlikheid alleen voor oë hou, onsself nie in aanmerking neem of enige voordeel vir onsself in gedagte hê nie. Hoewel daaruit groot voordeel na ons toe kom, moet ons dit nogtans nie hier vra nie. Hoewel al hierdie dinge egter nietemin op die bestemde tyd moet gebeur, ten spyte van ons gedagtes, ons wense en ons gebede, moet ons nogtans daarvoor bid en vra. En dit is ook vir ons van groot be- OS 356 lang om so te getuig en te bely dat ons diensknegte en kinders van God

[360] Vgl. Matt. 6:10.
[361] Vgl. *Inst.* 1.18.3; 3.24.16 (Afr. vert. 1:343 - 345; 3:1236 - 1239).
[362] Marg. *Psal. 103.d.20.*

is en ons, sover dit in ons vermoë is, vir hierdie eer te beywer wat ons aan Hom as ons Here en Vader verskuldig is, en ons waarlik en ten volle daaraan oor te gee. Mense wat derhalwe nie met so 'n gesindheid en met so 'n ywer ter bevordering van God se heerlikheid bid dat God se Naam geheilig mag word, dat sy koninkryk mag kom en dat sy wil mag geskied A 330 nie, moet nie as sy kinders en diensknegte beskou word nie. En soos al hierdie dinge sal geskied al is dit teen hulle sin, so sal dit alles ook tot hulle verwarring en ondergang verloop.

### *'n Verduideliking van die laaste drie bedes (Afdeling 44 - 47)*

### 44. *Die vierde bede: "Gee ons vandag ons daaglikse brood"*

Nou volg die tweede deel van die gebed. Hierin gaan ons oor tot die dinge wat tot ons voordeel is maar dan nie so dat ons God se heerlikheid op die agtergrond skuif[363] - terwyl ons, soos Paulus getuig, ook in ons voedsel en ons drank daarop ag moet slaan - en slegs die dinge moet vra wat tot ons voordeel is nie. Ons het trouens reeds daarop gewys dat dit die onderskeid is dat God die eerste drie bedes besonderlik vir Homself opeis en ons na Hom toe trek om ons godsvrug so op die proef te stel.[364] OC 669 Daarna gun Hy ons dit om ook op ons eie belange te let maar nogtans met hierdie voorwaarde dat ons niks vir ons mag vra behalwe met hierdie doel voor oë nie: dat al die weldade wat Hy aan ons bewys, sy heerlikheid moet verkondig omdat niks billiker is as dat ons vir Hom moet lewe en sterf nie.[365]

In hierdie bede van hierdie groep, naamlik *Gee ons vandag ons daaglikse brood*,[366] vra ons alles van God wat ons liggaamsonderhoud onder die elemente van hierdie wêreld nodig het - dat nie alleen dit waardeur ons gevoed en geklee word nie maar ook alles wat Hy voorsien, ten volle tot ons beswil mag strek sodat ons ons brood in vrede kan eet. Kortom: met hierdie bede gee ons ons aan sy sorg oor en ons vertrou ons aan sy voorsienigheid toe om ons te voed, te koester en te bewaar. Want ons allerbeste Vader ag dit nie benede Hom om ook ons liggaam in sy trou en beskerming te neem om ons geloof ook in hierdie klein dingetjies te oefen wanneer ons alles - selfs 'n krummeltjie brood en 'n druppeltjie water - van Hom verwag nie. Aangesien dit trouens nou eenmaal deur die een of ander ongeregtigheid so met ons gesteld is dat ons deur groter kommer vir ons vlees as vir ons siele gedryf en gekwel

[363] Marg. *1. Cor. 10.g.31.* Vgl. OC 49:471.
[364] Fr. 1560: *pour mieux esprouver l'honneur que nous luy portons* (Benoit 3:389).
[365] Vgl. Rom. 14:7 - 9 en OC 49:261 - 262.
[366] Hierdie bede is in die eerste uitgawe (1536) hier ingevoeg, maar in die 1559-uitgawe weggelaat.

word, is daar baie mense wat waag om sover dit hulle siele aangaan, op God te vertrou maar nogtans bekommerd is oor hulle vlees, nog twyfel oor wat hulle gaan eet en wat hulle gaan aantrek en paniekerig raak[367] as hulle nie 'n oorvloed wyn, koring en olie[368] voorhande het nie. Ons ag die skadu van hierdie verganklike lewe van soveel meer waarde as die ewige onsterflikheid. Sodra mense wat waarlik op God vertrou, eenmaal hulle kommer oor die versorging van hulle vlees laat vaar het, verwag hulle dadelik die groter dinge, en ook hulle saligheid en die ewige lewe, van God. Dit is dus glad nie 'n geringe geloofsoefening om die dinge van God te verwag wat ons andersins so bekommerd maak nie, en OS 357
ons het goed gevorder wanneer ons hierdie ongelowigheid wat oor die algemeen in alle mense se murg vasgewortel sit, laat vaar het.

Dat sommige mense filosofeer dat dit hier om die bonatuurlike gaan[369] - so lyk dit vir my - stem baie weinig ooreen met Christus se bedoeling. Ja, as ons nie die rol van voeder ook in hierdie verganklike lewe aan God toeskryf nie, sou ons gebed gebrekkig wees. Die rede wat hulle aanvoer, is alte onheilig, naamlik dat dit nie pas dat kinders van God wat geestelik moet wees, hulle nie alleen besig hou met hulle aardse sorge nie maar God ook met hulle daarin betrek nie.[370] Asof sy seën en vaderlike guns nie inderdaad ook in ons voedsel glinster nie en asof daar verniet geskryf is dat godsvrug die beloftes nie alleen van die toekomstige lewe nie maar ook van die huidige het.[371] Hoewel sondevergiffenis vir ons liggaam baie belangriker as voedsel is, het Christus dit wat van minder belang was, tog eerste gestel om ons geleidelik na die orige twee bedes te voer wat tot die hemelse lewe behoort. So het Hy ons traagheid in ag geneem. Ons word egter gebied om vir ons brood te vra sodat ons tevrede moet wees met die maat wat die hemelse Vader waardig ag om aan ons te skenk en dat ons nie met ongeoorloofde skelmstreke op wins OC 670
jag mag maak nie.

Intussen moet ons weet dat dit ons brood word omdat God dit aan ons skenk want geen ywer of inspanning of *ons eie hande*, soos dit in Moses gestel word, kan op sigself vir ons iets bekom tensy God se seën daarby aanwesig is nie.[372] Ja, selfs nie eens 'n oorvloed brood sou ons 'n greintjie gebaat het as dit nie van Godsweë in voedsel omgeskep is nie. En daarom is hierdie vrygewigheid van God net so noodsaaklik vir rykes as vir armes, want al sou hulle kelders en skure vol wees, sou hulle

[367] Fr. 1541 e.v.: + *de peur d'avoir faute* (Benoit 3:390).

[368] Fr. 1541 e.v.: + *d'autre provision* (Benoit 3:390).

[369] Vgl. Vg. Matt. 6:11; OC 45:198 - 200 en Hieronymus, *Com. in ev. Matth.* 1:7 (MPL 26:43) en Calvyn se *Harm. ev.* (OC 45:199) waar hy Erasmus se opvatting 'belaglik' noem.

[370] Vgl. Tertullianus, *De oratione* 6 (MPL 1:1262 - 1264; CCSL 1:260 e.v.; CSEL 20:184 e.v.); Augustinus, *De serm. domini in monte* 2.7.25 - 27 (MPL 34:1279 - 1280).

[371] Marg. *1. Timo. 4.c.8.* Vgl. OC 52:299.

[372] Marg. *Levit. 26.c.20*; 1561: + Marg. *Deute. 8.d.17.* Vgl. ook die daaropvolgende verse.

uitgedor en leeg beswyk het tensy hulle deur sy genade hulle brood kon geniet. Die woord *vandag* of *elke dag* soos dit in 'n ander Evangelie voorkom, en so ook die byvoeglike vorm *daaglikse* beteuel die onmatige begeerte na verganklike dinge waarvan ons gewoonlik buitengewoon brand en waarby ander kwaad bykom. Want as 'n groter oorvloed tot ons beskikking is, verkwis ons dit hebsugtig op genot, plesier, pronkery en ander soorte oordadigheid. Ons word derhalwe gebied om slegs soveel te vra as wat vir ons behoefte en as 't ware vir een dag nodig is, in die ver- OS 358 troue dat wanneer die hemelse Vader ons vandag gevoed het, Hy ons nie môre in die steek sal laat nie. Hoe 'n groot oorvloed dinge ons derhalwe ook al toevloei, selfs wanneer ons skure gevul en ons kelders vol is, moet ons nogtans altyd vir ons daaglikse brood vra, omdat ons vir seker moet weet dat al ons goed geen waarde het behalwe in soverre die Here sy seën daaroor uitgiet en dit met voortdurende toename vrugbaar maak en dat selfs nie eens die goed wat ons in ons hande het, ons s'n is behalwe in soverre Hy uur vir uur 'n deeltjie daarvan aan ons skenk en ons toelaat om dit te gebruik nie.

Omdat die mens hom met die grootste moeite hiervan laat oortuig, getuig die Here dat Hy vir alle eeue 'n sonderlinge bewys daarvan gegee het toe Hy sy volk in die woestyn met manna gevoed het, om ons daaraan te herinner dat die mens nie van brood alleen lewe nie maar eerder van die woord wat uit sy mond uitgaan.[373] Daarmee word aangedui dat dit alleen sy krag is waardeur lewe en kragte onderhou word, al voorsien Hy dit ook aan ons deur liggaamlike middele. So leer Hy ons gewoonlik ook met die teenoorgestelde bewys wanneer Hy die sterkte en, soos Hy self dit noem, *die staf van die brood breek* so dikwels as Hy wil, sodat diegene wat dit naamlik eet, wegkwyn van honger,[374] en[375] die wat dit drink, versmag van dors.[376] Mense wat trouens nie met hulle daaglikse brood tevrede is nie maar met ongebreidelde hebsug na eindelose besittings hunker, of mense wat sat van hulle oorvloed en onbesorg oor A 331 hulle opgehoopte rykdom is en God nietemin met hierdie bede aanroep, doen niks anders as om die spot te dryf nie. Want eersgenoemdes bid vir iets wat hulle nie wil kry nie; ja, vir iets wat vir hulle grootliks afstootlik is, naamlik slegs daaglikse brood, en so ver hulle kan, steek hulle hulle hebsugtigheid vir God weg terwyl 'n opregte gebed die hele gemoed en alles wat daarin skuil, voor Hom moet uitstort. Die tweede groep vra inderdaad iets wat hulle glad nie van Hom verwag nie, naamlik iets waarvan hulle meen dat hulle dit reeds het.

Dat daar gesê word dat dit *ons brood* is: daarin kom God se goedertieren-

[373] Marg. *Deut. 8.a.3; Matth. 4.a.4.* Vgl. OC 45:132.
[374] Marg. *Levit. 26.d.26.*
[375] Fr. 1541 e.v.: + *et oste la substance à l'eau, tellement que ceux* (Benoit 3:391).
[376] 1530 - 1554: + Marg. *Iehezec. 4.d.16 & 14.d.13* (Eseg. 4:16, 14:13).Vgl. OC 40:116 - 117, 316 e.v.

heid, soos ons gesê het, weliswaar nog meer na vore,[377] omdat Hy iets OC 671 wat ons volgens geen reg toekom nie,[378] ons s'n maak. Ons moet dit wat ek reeds aangeraak het, nogtans nie verwerp nie, naamlik dat die brood so aangedui word wat met regverdige en eerlike arbeid bekom is en nie OS 359 met bedrog of roof verkry is nie. Alles wat ons immers met die een of ander skade bekom, behoort altyd aan iemand anders. Wanneer ons vra dat dit aan ons gegee moet word, word daarmee aangedui dat dit 'n eenvoudige en onverdiende gawe van God is waarvandaan dit ook al tot ons kom selfs wanneer dit lyk asof ons dit deur ons eie vaardigheid en ywer bekom en in die hande gekry het. Alleen deur sy seën word dit immers so bewerk dat ons arbeid welslae behaal.

## 45. *Die vyfde bede: "Vergeef ons ons skulde"*

Daarna volg: *Vergeef ons ons skulde.* In hierdie en die volgende bede het Christus kortliks alles saamgevat wat op die hemelse lewe betrekking het, soos die geestelike verbond wat God tot saligheid van sy kerk gesluit het, slegs uit die volgende twee dele bestaan: "Ek sal my wette in hulle harte inskryf", en "Ek sal hulle ongeregtigheid genadig wees".[379] Hier begin Christus by sondevergiffenis; daarna sal hy weldra die tweede genade byvoeg, naamlik dat God ons deur die krag van sy Gees beskerm en deur sy hulp onderhou sodat ons teen alle versoekings onoorwonne bly. Hy noem ons sondes *skulde* omdat ons straf daarvoor verskuldig is en ons geensins daaraan sou kon voldoen tensy ons deur hierdie vergiffenis daarvan bevry word nie. Dit is vergiffenis wat uit sy onverdiende barmhartigheid kom wanneer Hy self mildelik hierdie skulde uitwis sonder om enige betaling daarvoor van ons te ontvang. Maar deur sy eie barmhartigheid gee Hy Homself voldoening in Christus, wat Homself eenmaal ter vereffening oorgegee het.[380]
Mense wat dus vertrou dat hulle met hulle eie verdienstes of die van ander aan God voldoening kan gee en dat met hierdie voldoenings vir sondevergiffenis betaal of dat daarmee gekoop kan word, het derhalwe allermins deel in hierdie onverdiende kwytskelding. En wanneer hulle God volgens hierdie formulering aanroep, doen hulle niks anders as om hulle eie beskuldiging te onderteken en so hulle veroordeling met hulle eie getuienis te beseël nie. Hulle erken immers dat hulle skuldenaars is tensy hulle deur die weldaad van vergiffenis kwytgeskeld word. Hulle neem dit nogtans nie aan nie maar verwerp dit eerder

[377] Fr. 1541 e.v.: + *apparoist et se donne à cognoistre plus amplement la grâce et bénignité de Dieu* (Benoit 3:392).
[378] 1536 - 1554: + Marg. *Deut. 8.a.3 & d.18.*
[379] Marg. *Ierem. 31.f.33,& 33.a.8.* Vgl. OC 38:690 -692; 39:55 - 57.
[380] Marg. *Rom. 3.c.24.* Vgl. OC 49:61.

wanneer hulle hulle eie verdienstes en voldoenings aan God opdring. OS 360 Want so bid hulle nie om sy genade nie maar beroep hulle op sy oordeel. Diegene wat hulle verbeel dat hulle so volmaak is dat hulle nie nodig het om vergiffenis te vra nie, mag dalk dissipels hê wie se ore so jeuk dat dit hulle tot hierdie bedrog aandryf.[381] Dit is egter seker dat al die dissipels wat hulle vir hulleself werf, van Christus weggeruk is, want Hy leer almal om hulle skuld te bely en Hy ontvang niemand anders as sondaars nie - nie dat Hy sondes met vleitaal sou koester nie maar omdat Hy geweet het dat gelowiges nooit ten volle van die gebreke van hulle vlees verlos word nie maar altyd aan die oordeel van God onderworpe bly. Ons moet dus daarna smag en ook met inspanning daarvoor werk dat wanneer ons ons plig ten volle nagekom het, ons ons waarlik voor God kan verheug dat ons van elke smet gesuiwer is. Omdat dit God tewens behaag om sy beeld geleidelik in ons te herstel sodat daar altyd 'n mate van besmetting in ons vlees oorbly, moet ons hierdie hulpmiddel glad nie versmaai nie. Maar as Christus ons op grond van die gesag wat deur die Vader aan Hom gegee is, beveel om ons toevlug ons hele lewensloop lank daartoe te neem om ons skuld af te bid, wie sal dan OC 672 hierdie nuwe meesters[382] duld wat met 'n skyn van volmaakte onskuld poog om die oë van eenvoudiges te verbyster om te vertrou dat hulle van alle skuld vrygemaak kan word? Dit is volgens Johannes se getuienis niks anders as om God tot leuenaar te maak nie.[383]

Hierdie skurke skeur God se verbond, waarin ons gesien het ons saligheid vervat is, tegelyk aan flarde deur een hoofstuk daarvan te skrap en dit so tot op die fondament te laat wankel. Hulle maak hulle nie alleen skuldig aan heiligskennis daarin dat hulle dinge wat so nou verband hou, van mekaar skei nie, maar hulle is ook goddeloos en wreed omdat hulle ellendige siele in wanhoop stort, en teenoor hulleself en diegene soos hulle is hulle ontrou omdat hulle hulle 'n onbesorgdheid toe-eien wat reëlreg met God se barmhartigheid in stryd is. Hulle beswaar dat ons deur te bid dat die koninkryk van God moet kom, terselfdertyd uitwissing van ons sondes vra, is alte kinderagtig, want in die eerste tafel van die gebed word die hoogste volmaaktheid maar hier ons swakheid aan ons voorgehou. So vul hierdie twee mekaar paslik aan, naamlik dat ons nie die geneesmiddels wat ons nood vereis, in ons strewe na die eindpunt moet verontagsaam nie.

Eindelik vra ons dat ons vergewe moet word *soos ons ons skuldenaars vergewe.* Dit beteken dat ons almal moet spaar en vergiffenis moet

[381] Calvyn verwys hier kennelik na die geesdrywers of geestelike Libertyne van sy tyd. Hy behandel hierdie aspek ook in sy traktaat *Contre le secte phantastique des Libertines* 18 (OC 7:205). Vgl. ook sy preek oor Gal. 1:1 - 5 (OC 50:298).

[382] Fr. 1560: + *et follets* (Benoit 393).

[383] Marg. *1. Iohan. 1.d.10.* Vgl. OC 55:307.

skenk aan almal deur wie ons ook al in enige opsig leed aangedoen of deur enige handeling onbillik behandel of deur enige woord beledig is - nie dat dit ons toekom om die skuld vir 'n oortreding of vergryp te vergewe nie, want dit is God se voorreg alleen.[384] Ons vergiffenis is daarin geleë dat ons toorn, haat en wraakgierigheid vanself uit ons harte moet OS 361 laat vaar en die herinnering aan sulke onregte tot niet moet maak deur vrywillig daarvan te vergeet. Daarom moet ons God nie om sondevergiffenis vra tensy ons self al die onregte teen ons vergewe van diegene wat ons veronreg of veronreg het nie.[385] As ons trouens enige haat in ons harte dra, as ons wraak bedink en aan 'n geleentheid dink om hulle skade aan te doen; ja, as ons ons nie daarop toelê om ons vyande[386] se guns te wen en met elke soort plig goed van hulle te[387] verdien en hulle met ons te versoen nie,[388] bid ons God met hierdie bede om ons sondes nie te vergewe nie. Ons vra immers dat Hy met ons moet handel soos ons A 332 met ander handel. Dit beteken inderdaad dat Hy ons nie moet vergewe nie tensy ons self vergewe. Wat bereik mense wat dan so gesteld is, met hulle gebed anders as 'n swaarder oordeel?
Ten slotte moet ons daarop let dat hierdie voorwaarde dat Hy ons moet vergewe soos ons ons skuldenaars vergewe, nie bygevoeg word omdat ons vergiffenis van ander sy vergiffenis verdien asof die oorsaak (van sy vergiffenis) daarmee aangedui word nie. Die Here wou met hierdie woorde tewens die swakheid van ons geloof onderskraag, want Hy het dit as 'n teken bygevoeg om ons daarmee te versterk dat Hy ons sondes net so seker sal vergewe as wat ons daarvan verseker is dat ander deur ons vergewe word, as ons gemoed naamlik van alle haat, afguns en wraak bevry en gesuiwer is. Gedeeltelik sluit Hy ook met hierdie teken almal uit sy kinders uit wat wraakgierig is en moeilik kan vergewe, wat OC 673 hardnekkige vyandskap beoefen en self die verontwaardiging wat hulle vir hulleself afbid, teen ander koester sodat hulle nie kan waag om Hom as hulle Vader aan te roep nie. Dit word ook by Lukas duidelik in Christus se woorde uitgedruk.[389]

### 46. *Die sesde bede: "Lei ons nie in versoeking nie maar verlos ons van die bose"*

Soos ons gesê het, stem die sesde bede[390] ooreen met die belofte in

[384] Marg. *Iesa. 43.d.25.* Vgl. OC 37:100.
[385] Fr. 1560: + *sans garder aucune malvueillance contre personne* (Benoit 3:394).
[386] Fr. 1560: + *malfaicteurs ou malveuillans* (Benoit 3:394).
[387] Fr. 1560: + *en la manière que dit a esté* (Benoit 3:394).
[388] Fr. 1560: *avoir paix, amour et charité avec eux* (Benoit 3:394).
[389] Vgl. Luk. 11:4.
[390] Vgl. Matt. 6:13.

verband met die wet wat God in ons harte ingegrif het.[391] Omdat ons egter nie sonder voortdurende stryd en harde, moeilike worsteling aan God gehoorsaam is nie, bid ons hier dat ons met die wapens toegerus en met die hulp beskerm moet word om ons opgewasse te maak om daarin te oorwin. Hierdeur word ons vermaan dat ons nie alleen die genade van die Heilige Gees nodig het om ons harte innerlik te versag, te buig en tot gehoorsaamheid aan God te lei nie maar ook sy hulp om ons onoorwinlik te maak teen al die hinderlae en gewelddadige aanslae van die Satan. Nou is daar inderdaad baie en verskillende vorms van versoekings. Want OS 362 die gedagtes van ons verstand wat ons uitlok om die wet te oortree, wat òf ons begeerte aan ons voorsien òf die duiwel in ons opwek, is versoekings. En alles wat hoewel dit nie van nature sleg is nie, word nogtans deur die lis van die Satan versoekings wanneer dit ons op so 'n manier voorgehou word dat ons van God weggetrek word of van Hom afwyk omdat hulle in ons pad staan.[392] Sulke versoekings kom inderdaad van regs of van links. Van regs kom byvoorbeeld rykdom, mag en eerbewyse wat meesal met hulle glans en die skyn van die goeie wat hulle meebring, mense se skerpsiendheid verblind en met hulle verleidings mense aanlok en, bevange deur sulke toertjies en besope van sulke soetheid, vergeet hulle hulle God. Aan die linkerkant is daar byvoorbeeld armoede, beledigings, minagting, verdrukkings en dergelike dinge. Deur die bitterheid en moeilikheid hiervan word mense gebelg en moedverlore; hulle laat hulle vertroue en hoop vaar en word uiteindelik heeltemal van God vervreem. Ons bid God, ons Vader, om ons nie voor beide hierdie versoekings te laat swig nie, naamlik die wat deur ons begeerte in ons aangevuur is of die wat deur die lis van die Satan aan ons voorgehou is en met ons stry. Ons bid trouens dat Hy ons met sy hand moet onderskraag en oprig sodat ons, versterk deur sy krag, teen al die aanslae van die kwaadwillige vyand vas kan bly staan, watter gedagtes hy ook al in ons harte instuur. Verder bid ons dat dit wat aan beide kante aan ons voorgehou word, vir ons ten goede mag verander. Dit beteken dat ons nie in voorspoed opgeblase of in teenspoed neerslagtig moet wees nie.

Hier vra ons nogtans nie dat ons hoegenaamd geen versoekings moet ervaar nie omdat ons grootliks nodig het om daardeur opgewek, geprikkel en gedruk te word om nie te traag en te slap te word nie.[393] Dawid het trouens nie verniet gebid dat hy versoek moet word nie,[394] en die Here versoek sy uitverkorenes ook nie sonder rede elke dag[395] wanneer

391 Vgl. Spr. 3:3 en 2 Kor. 3:3.

392 Marg. *Iacob. 1.a.2, & b.14; Matt. 4.a.1. 3; 1. Thes. 3.b.5.* Vgl. OC 55:383; 45:128 e.v.

393 1536 - 1554: + Marg. *Iacob. 1.a.2.*

394 Marg. *Psal. 26.a.2.* Vgl. OC 31:264.

395 Marg. *Gene. 22.a.1; Deut. 8.a.2, & 13.a.3.* Vgl. Vg. Deut. 13:4.

Hy hulle deur skande, armoede verdrukking en ander soorte kruise kasty nie. God versoek egter op een manier, die Satan op 'n ander. Die Satan se doel daarmee is om in die verderf in te stuur, te verdoem, te verwar en neer te laat val. God se doel is inderdaad om deur die wat aan Hom behoort, te beproef, hulle opregtheid op die proef te stel en deur hulle te oefen, hulle krag te versterk. Sy doel is ook om hulle vlees te laat afsterf, te laat uitteer en te laat uitbrand omdat dit onbeteueld en uitermatig losbandig sou wees as dit nie so aan bande gelê word nie. Bowendien OC 674 val die Satan die wat sonder wapens en onvoorbereid is aan om hulle onverhoeds te oorval. Maar God gee saam met die versoeking ook uitkoms, sodat die wat aan Hom behoort, geduldig alles wat Hy hulle laat oorkom, OS 363 kan verduur.[396]

Dit is van die weinigste belang of ons onder die woord *bose* die duiwel of die sonde verstaan. Die Satan is wel self die vyand wat ons lewe in 'n hinderlaag lok,[397] maar hy is met die sonde gewapen om ons ondergang te bewerk.

Ons bede is dus dat ons deur geen versoekings oorwin of oorweldig mag word nie maar dat ons deur die krag van die Here moedig teen al die magte wat teen ons stry en waardeur ons aangeval word, staande mag bly. Dit beteken dat ons nie voor versoekings moet swig nie, sodat ons in sy bewaking en trou opgeneem en, onbesorg in sy beskerming, onoorwonne kan volhard oor die sonde, die dood, die poorte van die hel[398] en die hele ryk van die duiwel. Dit is wat dit beteken *om van die bose verlos te word.*

Hier moet ons ook terdeë daarop let dat dit nie binne ons kragte is om met so 'n kragtige vegter as die duiwel kragte te meet en sy geweld en aanslae te verduur nie. Anders sou ons verniet of spottenderwys van God iets gevra het wat ons self het. Mense wat hulle in elk geval in die vertroue op hulleself vir so 'n geveg voorberei, besef nie genoeg met hoe 'n strydlustige en goed toegeruste vyand hulle te doen het nie. Nou is ons bede dat ons van sy mag verlos mag word soos van die bek van 'n waansinnige, woedende leeu deur wie se tande en kloue ons dadelik verskeur en deur wie se keel ons dadelik verslind sou word as die Here ons nie uit die midde van die dood uitruk nie.[399] Tog weet ons terselfdertyd dat as die Here ons bystaan en as Hy vir ons veg, ons in sy krag kragtige dade sal doen al is ons stil.[400] Laat ander maar soveel as hulle wil, vertrou op die eie vermoë en kragte van hulle vrye oordeel wat hulle, soos dit vir hulle lyk, uit hulleself het. Vir ons sou dit voldoende A 333

[396] Marg. *1. Cor. 10.c.13; 2. Pet. 2.b.9.* Vgl.OC 49:462 -463; 55:240.

[397] Marg. *1. Petr. 5.c.8.* Vgl. OC 55:289.

[398] Vgl. Matt. 16:28.

[399] Vgl. 1 Pet. 5:8; Fr. 1541 e.v.: *si nostre Seigneur est quelque peu esloigné de nous* (Benoit 3:397).

[400] Marg. *Psal. 60.b.14.* Vgl. ook Ps. 107:14.

wees om in God se krag alleen staande te bly en sterk te wees.

Hierdie bede omvat egter meer as wat dit met die eerste oogopslag voorgee. As die Gees van God immers ons krag is om teen die Satan te stry, sal ons nie kan oorwin voordat ons met die Gees vervul en al die swakheid van ons vlees van ons afgestroop het nie. Wanneer ons dus bid om van die Satan en die sonde verlos te word, vra ons om herhaaldelik met nuwe wasdom in die genade van God verryk te word totdat ons ten volle daarmee gevul is en oor alle kwaad triomfeer.

Vir sommige mense mag dit hard en straf lyk dat ons God bid om ons nie in versoeking te lei nie, aangesien dit volgens Jakobus se getuienis teen sy natuur stry om ons te versoek.[401] Die vraagstuk is egter reeds deels opgelos OS 364 omdat ons begeerte eintlik die oorsaak is van al die versoekings waardeur ons oorwin word[402] en ook die skuld daarvoor dra. En Jakobus bedoel niks anders as dat die sondes wat ons gedwing word om ons self toe te reken, vergeefs en onregverdig aan God toegeskryf word omdat ons bewus is dat ons daaraan skuldig is nie. Verder verhinder dit God nie om ons na sy goeddunke aan die mag van die Satan oor te gee of ons sinne bedorwe en ons begeertes afstootlik te maak en ons so volgens sy oordeel, wat wel regverdig is al is dit dikwels verborge, in versoekings te lei nie. Die rede daarvoor is trouens dikwels vir mense verborge maar vir Hom duidelik. Hieruit kan ons aflei dat hierdie uitdrukking nie onvanpas is nie as ons maar net oortuig is dat Hy nie sonder rede so dikwels OC 675 dreig dat dit vaste bewyse van sy wraak sal wees wanneer verworpenes met blindheid en verharding van hulle hart geslaan word nie.

## 47. *Die slot: "Want aan U behoort die koninkryk en die mag en die heerlikheid tot in ewigheid"*

Hierdie drie bedes waarin ons onsself en alles wat ons het, besonderlik aan God opdra, toon duidelik wat ons tevore gesê het,[403] naamlik dat Christene se gebede openbaar moet wees en op die openbare stigting van die kerk en die bevordering van die gemeenskap van die gelowiges gemik moet wees. Want hier bid niemand dat iets aan hom persoonlik gegee moet word nie, maar ons bid almal saam vir ons brood, sondevergiffenis, dat ons nie in versoeking gelei moet word nie en dat ons van die bose verlos moet word. Hierbenewens word die rede bygevoeg waarom ons so 'n groot vrymoedigheid het om te bid sowel as so 'n groot vertroue dat ons dit sal verkry. Hoewel dit nie in Latynse eksemplare (van die Skrif) voorkom nie, is dit hier so paslik dat dit klaarblyklik nie

[401] Marg. *Iacob. 1.c.13.* Vgl. OC 55:389 - 390.
[402] Marg. *Ibidem, c.14.* (Jakobus 1:14).
[403] Vgl. afdeling 38 hierbo (Afr. vert. 3:1136).

weggelaat moet word nie. Dit is naamlik dat die koninkryk en die mag en die heerlikheid tot in ewigheid aan Hom behoort. Dit is vaste en kalm berusting vir ons geloof. Want as ons ons gebede na aanleiding van ons eie aansien aan God moes opdra, wie sou dan kon waag om selfs voor Hom te fluister? Hoewel ons nou uiters ellendig is en die onwaardigste van alles, en al sou ons elke aanbeveling kortkom, sal rede om te bid ons nogtans nooit ontbreek en vertroue om te bid ons nooit in die steek laat nie, want sy koninkryk, sy mag en sy heerlikheid kan nooit van ons Vader weggeruk word nie.

Aan die einde word bygevoeg: *Amen.* Daarmee word die vuur van ons verlange om te kry wat ons God gebid het, uitgedruk en ons hoop versterk dat al die dinge van hierdie aard reeds verkry is en gewis aan ons gegun sal word omdat dit deur God beloof is, wat nie kan bedrieg nie.[404] Dit stem ook ooreen met die formulering wat ons tevore vermeld het: Here, doen dit om u Naam ontwil en nie om ons of ons geregtigheid se OS 365
ontwil nie.[405] Hiermee druk die heiliges nie alleen die doel van hulle begeertes uit nie, maar hulle erken ook dat hulle nie waardig is om dit te verkry nie tensy God die rede om dit te doen uit Homself neem en dat hulle vertroue om verhoor te word uit God se natuur alleen kom.

### *Samevatting en slotopmerkings (Afdeling 48 - 49)*

#### 48. *Die eerbied wat aan hierdie gebedsreëls verskuldig is*

Alles wat ons van God moet bid - en oor die algemeen ook kan bid - is in hierdie formulier opgeteken as 'n gebedsreël wat ons deur die beste Onderwyser, naamlik Christus, geleer is. Die Vader het Hom as Leraar oor ons aangestel, en dit was sy wil dat na Hom alleen geluister moet word.[406] Hy was immers altyd sy ewige wysheid,[407] en toe Hy mens geword het, is Hy as Engel van groot raad aan die mense gegee.[408] Hierdie gebed is daarom in alle opsigte so volmaak dat iets wat van buite en vreemd daaraan toegevoeg en nie daarop betrek kan word nie, goddeloos is en nie waardig is om deur God goedgekeur te word nie.[409] Want in hierdie samevatting het Hy voorgeskryf wat Hom waardig, vir Hom aanneemlik en vir ons noodsaaklik is - kortom: wat Hy gewillig is

[404] Vgl. Luther, *Ench.* (WA 30,1:308).
[405] Vgl. afdeling 8 hierbo (Afr. vert. 3:1087).
[406] Marg. *Matth. 17.a.5.* Vgl. OC 45:487 - 489.
[407] Marg. *Iesa. 11.a.2.* Vgl. OC 36:235 - 237.
[408] Vgl. Jes. 9:6 saamgelees met Jes. 28:29 en Jer. 32:19. Vgl. OC 36:198 e.v., 483; 39:15 - 17.
[409] Marg. *Vide Aug. de oratione ad Probam.* Augustinus, *Ep. (ad Probam)* 130.12.22 (MPL 33:502 e.v.; CSEL 44:64 e.v.).

om toe te staan. Mense wat daarom waag om verder te gaan en om hierbenewens nog iets anders van God af te bid, wil inderdaad ten eerste iets van hulle eie by God se wysheid byvoeg - iets wat nie sonder waansinnige lastering kan gebeur nie. Vervolgens hou hulle hulle nie onder God se wil nie maar hulle veronagsaam dit, en vanweë hulle begeerte dwaal hulle te ver daarvan af. Ten slotte sal hulle nooit iets kry nie, aangesien hulle sonder geloof bid. Daar bestaan trouens geen twyfel dat al sulke gebede sonder geloof gedoen word, want die Woord OC 676 van God is hierby afwesig, en as die geloof nie altyd hierop gegrond is nie, kan dit hoegenaamd nie staande bly nie. Mense wat die reël van die Meester op die agtergrond skuif en aan hulle eie begeertes toegee, is inderdaad nie alleen sonder die Woord van God nie maar hulle verset hulle ook soveel hulle kan daarteen. Tertullianus het die gebed derhalwe ewe aantreklik as waaragtig 'n *wettige gebed* genoem.[410] Hiermee gee hy te kenne dat alle ander gebede onwettig en ongeoorloof is.

### 49. *Dit beteken egter nie dat slaafs aan die woorde van die 'Onse Vader' vasgeklem moet word nie*

Nou bedoel ons nie dat dit so opgeneem moet word asof ons aan hierdie gebedsformulier gebind word om geen woord of lettergreep daarin te verander nie. Ons lees immers oral in die Skrif baie gebede wat in woorde ver van hierdie gebed verskil maar wat nogtans deur dieselfde Gees geskryf is en waarvan die gebruik baie voordelig vir ons is. Baie gebede word ook voortdurend deur dieselfde Gees aan gelowiges gegee wat nie soveel in gelykheid van die woorde hiermee ooreenstem nie. Deur dit so te leer bedoel ons slegs dat niemand hoegenaamd iets anders moet vra, verwag of versoek as wat opsommenderwys in hierdie OS 366 gebed ingesluit is nie, en al sou dit in woorde wees wat heeltemal hiervan verskil, mag dit nogtans nie in betekenis verskil nie. Ons weet dat al die gebede - sowel die wat in die Skrif voorkom as die wat uit A 334 vroom harte spruit - by hierdie gebed aansluit en dat daar in elk geval nêrens 'n gebed te vinde is wat die volmaaktheid hiervan ewenaar nie - wat nog te sê van te bowe gaan. Hier is niks weggelaat wat tot God se lof bedink kan word nie, niks wat tot die mens se voordeel in die gedagte kan opkom nie. Dit is inderdaad so noukeurig dat die verwagting om iets beters te probeer skep, almal ontneem is.

Samevattend kom dit hierop neer: laat ons in gedagte hou dat dit die leer van Goddelike wysheid is wat geleer het wat sy wil was, en gewil het wat noodsaaklik was.

[410] Marg. *De fuga in persecutione.* Vgl. Tertullianus, *De fuga in persec.* 2.5 (MPL 2:126; CCSL 2:1138).

## *Besondere gebedsgeleenthede en volharding in die gebed (Afdeling 50 - 52)*

### 50. *Gereëlde gebedsoefening*

Hoewel ons hierbo reeds gesê het[411] dat ons ons harte na God moet ophef, ons versugtinge altyd na Hom moet bring en dat ons sonder ophou moet bid, is ons swakheid so groot dat dit deur baie hulpmiddels onderskraag moet word en ons slapheid so groot dat dit met spore aangepor moet word. Daarom is dit paslik dat elkeen van ons vir homself besondere tye vir gebedsoefening vasstel wat nie sonder gebed mag verloop nie en die hele gesindheid van ons harte volledig soos volg besig hou: dit is naamlik wanneer ons in die oggend opstaan, voordat ons ons daaglikse werk aanpak; wanneer ons aansit om te eet; wanneer ons met die seën van God gevoed is en wanneer ons ons ter ruste begeef.[412] Daar moet egter geen bygelowige gehoorsaamheid aan ure wees sodat dit vir ons lyk asof ons daarmee ons skuld aan God betaal het en vir al die ander ure ons plig nagekom het nie. Dit moet egter dissipline vir ons swakheid wees waardeur dit so geoefen en kort-kort[413] opgewek kan word. Ons moet veral behoedsaam daarvoor sorg so dikwels as wat ons self deur probleme gedruk word of as ons sien dat ander onder druk verkeer om dadelik, nie met ons voete nie maar met ons harte na Hom toe te hardloop. Vervolgens dat ons geen voorspoed hetsy ons eie hetsy die van ander moet laat verbygaan sonder om met lof- en OC 677 dankbetuiging te getuig dat ons God se hand daarin erken nie. Ten slotte moet ons in elke gebed sorgvuldig daarop let dat ons God nie aan bepaalde omstandighede wil bind nie en ook dat ons nie aan Hom die tyd, die plek of die manier moet voorskryf waarop Hy iets moet doen nie. Soos ons in hierdie gebed geleer word om geen wet aan Hom op te lê of voorwaarde aan Hom te stel nie, so moet ons leer om dit aan sy oordeel oor te laat om dit wat Hy gaan doen, op 'n manier, tyd en plek te doen wat Hy goeddink.[414] Voordat ons daarom enige gebed vir onsself begin, bid ons daarom ter inleiding dat sy wil moet geskied. Hiermee het ons OS 367 reeds ons eie wil aan syne ondergeskik gestel om, asof dit met 'n toom aan bande gelê is, nie vooraf te veronderstel dat dit God tot orde kan roep nie maar Hom as Beoordelaar en Bestuurder van alle gebede stel.

[411] Vgl. afdeling 4 hierbo (Afr. vert. 3:1081).
[412] Vgl. Calvyn se preek oor Deut. 8:10 - 14 (OC 26:61, 617 - 618).
[413] Fr. 1560: *le plus souvent qu'il sera possible* (Benoit 3:401).
[414] Vgl. Luther, *Ein Sermon von dem gepeet und procession...* (WA 2:177 e.v.; OC 10,2:397).

## 51. *Geduldige volharding in gebed*

As ons ons gemoedere ingerig het om hieraan gehoorsaam te wees en ons deur die wette van God se voorsienigheid laat regeer, sal ons maklik leer om in gebed te volhard en met reikhalsende verlange geduldig op die Here te wag. Ons sal daarvan seker wees dat Hy ons altyd bystaan al is dit glad nie duidelik nie en dat Hy op sy tyd sal aandui dat sy ore nie vir ons gebede doof was nie hoewel dit in die oë van mense gelyk het asof Hy dit in die wind slaan. Dit sal trouens vir ons die kragtigste vertroosting wees om nie moed te verloor of van wanhoop te beswyk wanneer God nie op ons eerste gebede antwoord nie. Dit is wat mense gewoonlik doen wat wanneer hulle deur hulle vuur so die hoogte in gevoer word, God so aanroep dat tensy Hy hulle met hulle eerste probeerslag bystaan en hulle onmiddellik te hulp kom, hulle hulle verbeel dat Hy vir hulle kwaad, ja, toornig is, alle hoop om verhoor te word laat vaar en ophou om Hom aan te roep.

Laat ons eerder ons hoop met welbeheerste gelatenheid uitstel en ons toespits op die volharding wat in die Skrif so hoog vir ons aangeprys word. Want in die psalms kan ons dikwels sien hoe Dawid en ander gelowiges wanneer hulle skynbaar amper moeg geword het om te bid en gate in die lug geslaan het omdat God vir hulle woorde doof gebly het, nogtans nie daarvan afsien om te bid nie. Want as geloof nie bo alle gebeure gestel word nie, word sy gesag nie vir God se Woord opgeëis nie. Verder moet ons God ook nie versoek, met ons goddeloosheid vermoei en sy toorn teen ons verwek nie. Dit is baie mense se gewoonte wat slegs onder 'n bepaalde voorwaarde met God 'n ooreenkoms aangaan en net asof Hy die slaaf van hulle begeertes is, Hom aan die wette wat hulle bepaal, bind. En as Hy dit nie onmiddellik gehoorsaam nie, is hulle verontwaardig, hulle brom, hulle spreek Hom teë, hulle murmureer en hulle kom in opstand. In sy toorn en woede gun Hy sulke mense derhalwe dikwels iets wat Hy in barmhartigheid en genade ander weier. 'n Bewys hiervan is die kinders van Israel, vir wie dit beter sou wees om nie deur die Here verhoor te gewees het nie as om met vleis sy toorn te verslind het.[415]

## 52. *Al lyk dit asof ons gebed onverhoord verbygaan, gee God altyd wat ons ten beste strek*

As ons dan na langdurige verwagting nie gewaar word dat ons enige vordering gemaak het deur te bid en voel dat ons geen vrug daarvan

[415] Marg. *Num. 11.d.18, & g. 33.*

gepluk het nie, sal ons geloof ons nogtans verseker dat ons gekry het wat tot ons voordeel was, al kan dit nie met ons sintuie waargeneem word nie. Want so dikwels en so seker beloof die Here dat Hy oor ons OC 678 moeilikhede besorg sal wees sodra dit in sy skoot gelê is. En so sal Hy OS 378 bewerk dat ons in armoede oorvloed en in verdrukking troos sal hê. Want al sou alles ons in die steek laat, God sal ons nooit verlaat nie omdat Hy die verwagting en lydsaamheid van die wat aan Hom behoort, nie tot niet kan laat gaan nie. Hy alleen sal vir ons alles wees omdat al die seëninge wat Hy eenmaal op die oordeelsdag aan ons sal openbaar waarop Hy sy koninkryk aan ons bekend sal stel, in Hom saamgevat word.

Hierby kom nog dat al verhoor God ons, Hy nogtans nie altyd uitdruklik op die formulering[416] van ons gebed antwoord nie, maar terwyl Hy ons oënskynlik laat wag, toon Hy nogtans op 'n manier wat vir ons onbekend is, dat ons gebede nie vergeefs was nie. Dit is wat Johannes se woorde beteken wanneer hy sê: "As ons weet dat Hy ons verhoor wanneer ons Hom iets vra, weet ons dat ons die bedes wat ons Hom vra, kry".[417] A 335 Oënskynlik is hierdie stortvloed woorde van min belang, maar dit is 'n besonder nuttige verklaring dat God wanneer Hy nie ons wense vervul nie, ons gebede nogtans ter wille en gunstig gesind is, sodat ons hoop wat op sy Woord steun, ons nooit sal faal nie. Gelowiges het dermate 'n behoefte daaraan om deur hierdie lydsaamheid onderskraag te word dat hulle nie lank sou standhou as hulle hulle nie daarop verlaat nie. Want die Here beproef die wat aan Hom behoort, nie met ligte beproewings nie en Hy oefen hulle nie sagkens nie, maar Hy dryf hulle dikwels tot die uiterste toe en wanneer hulle daarheen gedryf is, laat Hy hulle lank in die slyk bly voordat Hy hulle enige smaak van sy soetheid bied. En soos Hanna gesê het: "Hy maak dood en Hy maak lewendig; Hy laat neerdaal na die hel en Hy bring weer daaruit terug"[418] - wat sou hulle hier kon doen anders as om moed te verloor en in wanhoop te verval tensy hierdie gedagte hulle ophef wanneer hulle verslae, verlate en reeds halfdood is, naamlik dat God na hulle omsien en dat daar aan hulle huidige rampe 'n einde sal kom? Hoe seker hulle nogtans in hierdie hoop bly staan, hou hulle intussen egter nie op om te bid nie, want as daar in gebed nie standvastigheid van volharding is nie, bereik ons niks deur te bid nie.

[416] Vgl. Calvyn se derde lydingspreek (OC 46:863).
[417] Marg. *1. Iohan. 5.c.15.* Vgl. OC 55:370.
[418] Marg. *1. Sam. 2.b.6.*